# DIE LAND- EN LANDBOUBANK VAN SUID-AFRIKA

(Sy stigting, staatsbeheer, organisasie, werking en toekoms)

--------oOo--------

V E R H A N D E L I N G

aangebied as gedeeltelike nakoming
van die vereistes vir die graad

Magister Artium

in

S T A A T S L E E R

deur

NICOLAAS CLAUDIUS GEY VAN PITTIUS

student aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR C.H.O.

Onder leiding van: Prof. L.J. du Plessis

Januarie 1961.

**Aan:**

my vroutjie, ouers en
kinders

## INHOUD

Bladsy

DANKBETUIGING .................................... i

INLEIDING .................................... 1

Hoofstuk I DIE STIGTING VAN DIE LANDBANK .......... 4

1. Aanleidende oorsake tot die stigting van die Landbank .............. 4

(a) Die Engelse oorlog .................. 4

(b) Die behoefte aan finansiële bystand 5

(c) Natuurlike beperkinge by boerdery.... 8

(d) Prysskommelings .................... 9

2. Die kommissie van ondersoek in verband met die stigting van Landbanke in Suid-Afrika ..................... 9

3. Die stigting van die Landbank ....... 13

4. Samevatting ......................... 14

Hoofstuk II DIE LANDBANK EN DIE STAAT ............. 15

1. Die verhouding van die Landbank tot die Staat ........................... 15

2. Die beheer van die Landbank deur die Staat .............................. 21

(a) Die Parlement ....................... 21

(b) Die Goewerneur-generaal ............. 22

(c) Die Minister (van Finansies) ........ 23

(d) Staatsdepartemente .................. 24

3. Samevatting ......................... 25

Hoofstuk III BESTUUR EN ORGANISASIE VAN DIE BANK .... 26

1. Die Raad ............................ 26

(a) Samestelling van die Raad ........... 26

(b) Kwalifikasies en diskwalifikasies van raadslede ....................... 28

(c) Tydperk en diens van raadslede ...... 32

(d) Magte en bevoegdhede van die Raad ... 32

(e) Vergaderings, kworum en notules ..... 32

(f) Wisseling van raadslede ............. 33

2. Die voorsitter van die Raad, besturende direkteur en hoofbestuurder(s) .... 34

3. Die personeel ....................... 41

(a) Aanstelling van personeel ........... 41

(b) Pligte van personeel ................ 41

Bladsy

(c) Transportuitmakers .................. 41

(d) Inspekteurs ......................... 42

(i) Plaas- en koöperasieinspekteurs ......................... 42

(ii) Takkantoorinspekteurs ........... 44

4. Takke en agente van die Bank ........ 44

(a) Takkantore .......................... 44

(b) Landbank van Suidwes-Afrika ........ 45

(c) Agente en Verteenwoordigers buite die Unie ......................... 46

(d) Plaaslike rade en adviseurs ......... 46

(e) Staatsdepartemente .................. 48

(i) Landdroste ................... 48

(ii) Polisiebeamptes, Posmeestergeneraal ...................... 49

(iii) Weesheer, Landmeter-generaal en Registrateur van Aktes...... 49

(iv) Departemente van Landbou ....... 49

(v) Departement van Lande .......... 49

(vi) Kantoor tot Invordering van Staatsvoorskotte .............. 50

(vii) Departement van Finansies ...... 50

(f) Plaaslike belastingheffende owerhede ........................... 50

(g) Waardeerders ........................ 50

5. Samevatting ......................... 52

Hoofstuk IV KAPITAALBRONNE VAN DIE BANK ............ 53

1. Aanvangskapitaal .................. 53

2. Wetlike bepalings vir die Unie-Landbank ....................... 54

(a) Wissels ............................. 55

(b) Oortrokke rekenings ................ 56

(c) Deposito's .......................... 56

(d) Parlementêre bewilligings ........... 57

(i) Onvoldoende bewilligings en kapitaalterugbetalings aan die Staat. 57

(ii) Gevolge van spesiale kapitaalterugbetalings .................. 60

(e) Landbankobligasies .................. 63

Bladsy


3. Voorskotte gewaarborg .............. 65

(a) Deur die Minister van Landbou-ekonomie en Bemarking .................. 65

(b) Deur die Minister van Lande ........ 66

4. Voorskotte deur die Bank namens of kragtens waarborg van die Staat .... 66

5. Reservering ........................ 67

6. Vermindering van fondse van die Landbank ......................... 69

7. Rente op fondse van die Landbank ... 69

8. Samevatting ........................ 70

Hoofstuk V AAN WIE DIE LANDBANK LENINGS TOESTAAN .. 71

1. Blanke mans ........................ 72

2. Blanke vrouens ..................... 72

3. Minderjariges ...................... 74

4. Ongebore kinders ................... 74

5. Boedels ............................ 75

(a) Artikels 58(1) en (2) en Artikel 61 van die boedelwet ................ 75

(b) Boedels van swaksinniges en verkwisters ............................ 75

6. Firmas of vennootskappe ............ 75

7. Maatskappye ........................ 76

8. Vreemdelinge ....................... 76

9. Nie-grondbesitters ................. 77

(a) Deur koöperatiewe verenigings ...... 77

(b) Teen bewyse ........................ 78

(c) Deur die Landboukredietwet ......... 78

(d) Deur 'n hipoteek van roerende goed .. 78

10. Kleurlinge ......................... 79

11. Bantoes en Asiate .................. 80

12. Munisipaliteite, kerke, afdelingsrade en dorpsbesture .................... 80

13. Besproeiingsrade ................... 81

14. Landbouhoewe- of kleinhoewe-eienaars. 81

Bladsy

15. Kroongrondhuurders .................. 82

16. Nooddruftige kleinboere ............ 83

17. Koöperatiewe verenigings en maatskappye .......................... 83

(a) Bemarkingskoöperasies .............. 85

(b) Vervaardigingskoöperasies .......... 85

(c) Dienskoöperasies ................... 86

(d) Verskaffingskoöperasies ............ 86

18. Beheerrade ......................... 87

19. Samevatting ........................ 87

Hoofstuk VI KREDIETVERSKAFFING DEUR DIE LANDBANK.... 89

1. Kredietbehoeftes van die landbou ... 89

(a) Langtermynkrediet .................. 89

(b) Middel- of tussentermynkrediet ..... 89

(c) Korttermynkrediet .................. 90

2. Hoe die Landbank aan die kredietbehoeftes voldoen .................. 91

(1) Langtermynkrediet .................. 91

(a) Verbandlenings aan individuele boere .............................. 91

(b) Artikel 46 verbandlenings (100% lenings) ........................ 97

(c) Verbandlenings (ook paaiementslenings genoem) aan koöperasies 98

(d) Laslenings ......................... 99

(i) Dipbaklenings .............. 100

(ii) Omheiningslenings .......... 101

(iii) Watervoorsieningslenings ... 102

(iv) Voerkuillenings ............ 103

(2) Middel- of tussentermynkrediet ...... 104

(a) Die Landboukredietwet (Wet Nr. 40 van 1926) ....................... 104

(b) Hipoteeklenings op roerende goed. 107

Bladsy

(3) Korttermynkrediet .................. 109

(a) Seisoenlenings (kaskrediet-rekenings) aan koöperasies ...... 109

(b) Kaskredietvoorskotte aan koöperasies vir hulp aan klein behoeftige boere .............. 114

(c) Seisoenlenings aan beheer-rade ........................... 115

(d) Korttermynvoorskotte aan individuele boere ............... 115

3. Tegemoetkoming aan skuldenare ........ 118

(a) Uitstel vir betaling van paaiemente.... 118

(b) Opskorting van kapitaalaflossing ...... 120

(c) Konsolidasie van skulde ............... 121

(d) Verandering van paaiemente en verval-datums ................................ 122

(e) Plaasverbandversekering ............... 122

4. Samevatting en gevolgtrekkings ........ 124

Hoofstuk VII <u>KRITIESE BESKOUING EN DIE TOEKOMS VAN DIE LANDBANK</u> ......................... 127

1. Gebreke ............................ 127

(a) Gebrek aan eenvormige staatsbeheer.. 128

(b) Gebrek aan eenvormige beleid, doel-stellings en koördinasie ........... 129

2. Oorvleueling van kredietfasiliteite aan die landbou ..................... 129

(a) Die Departement van Landbou-tegniese Dienste ........................... 129

(b) Die Departement van Lande .......... 130

(c) Die Departement van Waterwese ...... 131

(d) Die Kantoor tot Invordering van Staatsvoorskotte .................. 131

(e) Die Landbank ....................... 132

3. Die Invordering van skulde ......... 133

Bladsy


4. Die Landbank moet uitgebou word ..... 135

(a) Die beheer ........................... 139

(b) Die administrasie .................... 139

(i) Die Raad .......................... 139

(ii) Die uitvoerende hoofbeamptes ... 141

(iii) Delegering van magte aan bestuurders ............................ 141

(iv) Landdroste en Landbou-tegniese beamptes ........................ 142

(v) Desentralisasie van werksaamhede. 143

5. Die Landbank moet omgeskep word ...... 143

BIBLIOGRAFIE ........................................ 146

THE LAND AND AGRICULTURAL BANK OF SOUTH AFRICA (A short summary in English) .................................. 154

## D A N K B E T U I G I N G

Dit is 'n behoefte van my hart om u, my geagte professor hartlik te bedank vir die blymoedige wyse waarop u my altyd met hulp en advies bygestaan het. My innige dank ook aan professor dr. F.J.J. Coetzee en mnr. C.P. v.d. Walt wat my soveel advies gegee het.

Graag wil ek ook die besturende direkteur, hoofbestuurder en ander beamptes van die Landbank wat inligting aan my voorsien en my aangemoedig het, hartlik bedank.

Verder is ek ook baie dank verskuldig aan die bibliotekaris van die Ferdinand Postma biblioteek en sy personeel, aan dr. E.A. Venter, en al die ander persone wat my direk of indirek behulpsaam was.

Ten slotte my innige dank aan my vroutjie en kinders vir al die geduld.


-------oOo-------

# I N L E I D I N G

In 1907, tweehonderd en vyftig jaar na die geboorte van 'n selfstandige boeregemeenskap in Suid-Afrika, is die eerste Landbank deur die Staat in die lewe geroep. Gedurende die eerste 50 jaar van sy bestaan het die Landbank lenings vir meer as £1,200,000,000 toegestaan en dit finansier tans byna alle vertakkings van die landbou. Dit gee 'n aanduiding van die belangrikheid van die Landbank vir die finansiering van die landbou en ook waarom die Staat groot belang in die Landbank moet stel.

Die verskaffing van landboukrediet word altyd op landboukongresse bespreek en artikels hieroor verskyn gereeld in koerante en tydskrifte. Verskeie skrywers het ook in die verlede ondersoek daarna ingestel en daar is selfs kommissies van ondersoek na die verskaffing van landboukrediet aangestel. Hiervan wil ons net enkeles noem, naamlik G.E.N. Ross: Landboukrediet; C.G.W. Schumann: Die Kredietmark in Suid-Afrika; B.F.J. van Rensburg: Landboukrediet in Suid-Afrika soos voorsien deur die Staat; F.J.J. Coetzee: Landboukoöperasie in Suid-Afrika met besondere verwysing na die finansiering, asook die kommissie van ondersoek na koöperasie en landboukrediet (U.G.16-'34). In al hierdie ondersoeke is die klem hoofsaaklik op die ekonomiese aspek van die kredietverskaffing gelê. In die studies het die Landbank nie die middelpunt gevorm nie. 'n Studie van die staatkundige en organisatoriese aspekte van die Landbank is dus 'n behoefte.

Sodra seisoens- of ander terugslae ondervind word, doen die landbou 'n beroep op die Staat om finansiële bystand. Hierdie hulp word dan deur middel van die Departement van Landbou-tegniese Dienste en die Kantoor tot Invordering van

Staatsvoorskotte beskikbaar gestel, terwyl die Landbank spesiaal vir die voorsiening van landboukrediet deur die Staat in die lewe geroep is. 'n Studie van die plek wat die Landbank in die finansiering van die landbou inneem en sy verhouding tot die Staat en die ander Staats-landboufinansieringsinstellings, wat almal onafhanklik van mekaar optree, is van aktuele belang.

In hierdie studie wil ons eers die stigting van die Landbank behandel om duidelikheid te kry waarom die Staat die Landbank in die lewe geroep het. Daarna word die verhouding van die Landbank tot die Staat in Hoofstuk II behandel. Die plek wat die Landbank in die Staatshuishouding inneem en die noodsaaklikheid van beheer deur die Staat is 'n saak van aktuele belang wat ook in hierdie hoofstuk aandag geniet.

Die bestuur en organisasie van die Landbank was 'n nuwe skepping, aangesien dit buite die Staatsdiens val, maar tog is dit baie nou met sekere Staatsdepartemente geskakel. Hierdie aanpassing by nuwe omstandighede word in Hoofstuk III behandel.

Die Landbank was van sy stigting af tot die einde van 1958 vir sy langtermyn kapitaalbehoeftes hoofsaaklik van die Staat afhanklik. Die gebrek aan voldoende fondse het die Bank in sy beplanning gekortwiek. Kragtens Wet 47 van 1959 is aan die Bank nou die mag verleen om Landbankobligasies uit te gee en hierdeur het die Staat die Bank nou finansieel meer selfstandig gemaak. Die kapitaalbronne van die Bank en sy betrekkinge in hierdie verband met die Staat en Staatsdepartemente word in Hoofstuk IV behandel.

Aan wie die Landbank lenings toestaan en die wyse waarop hierdie krediet verskaf word, word in Hoofstukke V en VI uiteengesit.

Die Staat het blykbaar met die stigting van die

Landbank die verwagting gekoester dat dit 'n instelling moet wees wat in 'n groot mate aan die kredietbehoeftes van die landbou moes kon voldoen. Na 50 jaar vind ons egter nog sekere gebreke waarvoor die Staat verantwoordelik gehou moet word. Hulle kan deur die uitbouing en omskepping van die Landbank uit die weg geruim word. Hierdie aangeleentheid word in Hoofstuk VII behandel.

## HOOFSTUK I.

## DIE STIGTING VAN DIE LANDBANK

Tot en met die stigting van die Landbank was die boer vir die finansiering van sy onderneming uitsluitlik van privaat fondse afhanklik. Dit was die algemene beskouing dat die Staat nie self as kapitaalvoorsiener mag optree nie. Die Staat kon slegs onder spesiale omstandighede beherend en regulerend optree.

Die boer het egter met faktore te doen wat nie by die mynwese, fabriekswese of enige ander bedryf in Suid-Afrika aangetref word nie, en na die Engelse oorlog (1899 - 1902) was die toestande sodanig dat die Staat tot die finansiering van boerdery moes toetree.

### 1. DIE AANLEIDENDE OORSAKE TOT DIE STIGTING VAN DIE LANDBANK.

#### (a) Die Engelse oorlog

Na die vrede van Vereeniging het die burgers op kommando en die krygsgevangenes na 'n land teruggekeer wat in sy verwoesting onherkenbaar geword het. „Plase met verbrande opstalle en verwoeste vrugteboorde te midde van uitgestorwe vlaktes is deur hul eienaars skaars herken. Daar was nie 'n enkele plaas waarop daar woonhuise of buitegeboue was nie"(1) Dit was 'n verwoestende oorlog soos nog nooit tevore in Suid-Afrika plaasgevind het nie.(2)

/Dit is .......5.

---

(1) Transvaal Volksraad-debatte, 1907 : Toespraak A.B. Helm, kolom 1252.

(2) A.w. : Toespraak genl. Louis Botha, kolom 651.

Dit is bereken dat die land gedurende die oorlog negentienmiljoen pond net aan vee verloor het.[3] Asof dit nie genoeg was nie, het siektes nog van die orige beeste afgemaai.[4] Dit is vanselfsprekend dat daar na so 'n verwoestende oorlog ontsettende armoede moes geheers het. Kort na die oorlog het 'n depressie ingetree. Aangesien daar byna geen kos in die land was nie, is miljoene ponde gespandeer om kos in te voer wat andersins hier gekweek sou gewees het.

In sy verklaring voor die Landbankkommissie het F.T. Nicholson, Sekretaris van die Transvaalse Landbou-Unie, dit soos volg uitgedruk: "It is more than ridiculous to have to confess that, with our splendid grazing veld, we are now at the mercy of other countries in respect of our supply of butcher's meat, which we are permitted to consume only on the condition that we pay most exorbitant prices for the so-called privilege of eating frozen meat and tinned delicacies of a somewhat doubtful character, dumped upon us from the factories of Chicago and elsewhere."[5]

(b) Die behoefte van finansiële bystand

Die boere het byna geen vee, implemente, saad of geld besit nie, met die gevolg dat baie hulle plase verlaat en na die dorpe gegaan het. Aangesien

/hierdie .......6

---

(3) Land Bank Commission Report 1906: getuienis deur genl. Louis Botha, p. 175. (Hierdie kommissie was benoem kragtens Staatskennisgewing Nr. 388 van 1906 gedateer 18 April, 1906).

(4) Transvaal Volksraad-debatte, 1907 : Toespraak J.A. Joubert, kol. 657.

(5) Land Bank Commission Report, p. 104.

hierdie boere geen stedelike ambagte geken het nie, het hulle in uiters armoedige omstandighede gelewe. Die boere wat nog hulle plase gehad en daarop gebly het, moes geld leen om weer 'n begin te maak. Geld was skaars en uiters duur. Soms was die rente wat gevra is, so hoog as 12%.(6) Die sekretaris van die Transvaalse Landbou-Unie het selfs gemeen dat sommige persone dit as goeie besigheid beskou het om tot 65% rente per jaar van hulle onskuldige en misleide slagoffers te verg.(7) Roper sê dat die rentekoers wat in 1907 in die Kaapkolonie gevra was, tussen 10% en 60% gewissel het.(8)

Die boere kon hierdie hoë rente nie betaal nie en daarby het die handelsbanke nog geld opgeroep wanneer die boere dit die meeste nodig gehad het.(9)

Met die ander geldskieters was dit nie anders nie, met die gevolg dat gekla is dat plase in die hande van maatskappye en spekulateurs, wat die eienaars uitdruk, geval het.(10)

Dit is 'n algemeen erkende feit dat boere geld maklik kon bekom as landboutoestande gunstig is, maar dat dieselfde persone en instansies wat die geld so vryelik voorgeskiet het, dit weer net so maklik oproep sodra toestande vir die boer nie meer so gunstig is nie. Die meerderheid van hierdie instellinge is ook nie vir die verskaffing van hierdie soort krediet

/ingestel .....7

---

(6) Transvaal Landbank verslag, 1.10.1907 - 30.6.1908, p.4.

(7) Land Bank Commission Report, p.103.

(8) Roper : Land Banks for South Africa, Capetown, 1912, p.51

(9) (a) Transvaal Volksraad-debatte, 1907, kol. 667.
(b) Roper : a.w., p.49.

(10) Transvaal Volksraad-debatte, 1907 : Toesprake genl. Louis Botha en R.G. Nicholson, p.653, 662 en 663.

ingestel nie. Wat die handelsbanke betref, moet dit in ag geneem word dat "The mentality, tradition and competence of commercial banking are conditioned by short-term forecasts and operations, quick turnover and easy liquidity",(11) soos Diamond dit uitdruk.

Hierdie finansieringsinstellings kon dus nie die noodsaaklike hulp aan die boeregemeenskap verskaf nie, terwyl privaat inisiatief, as gevolg van die heersende omstandighede en allerlei ander faktore, nie 'n doeltreffende spesiale finansieringsinstelling in die lewe kon roep nie. Aangesien so 'n instelling dringend noodsaaklik was, is dit vanselfsprekend dat dit slegs deur die Staat in die lewe geroep moes word.

Immigrasie sou ook bevorder moes word, en dit kon alleen geskied deur toestande hier vir die voornemende boere-immigrante aantrekliker te maak.

Sorg moes gedra word dat die boeregemeenskap weer na die plase terugkeer en dat die nodige fondse beskikbaar gestel word om hulle in staat te stel om hulle boerdery weer op 'n gesonde voet te plaas.

Die boere wat reeds op hulle plase was, moes daar gehou word, en die boere wat na die dorpe gevlug het, moes oorreed word om weer te kom boer. Die Staat moes probeer om die boere op hul grond te hou.(12)

Geen wonder dat die sekretaris van die Transvaalse Landbou-Unie in sy getuienis voor die Landbankkom-

/missie ......8

---

(11) Diamond : Development Banks, p.46.

(12) Transvaal Volksraad-debatte, 1907 : Toespraak genl. J.C. Smuts, kol. 697

missie gesê het dat die toestand van die boere-bevolking in Transvaal so haglik is dat een of ander vorm van finansiële bystand deur die Staat dringend noodsaaklik was.[13]

J.A. Joubert het die toestand kernagtig opgesom toe hy gesê het " .........everything is destroyed; diseases have swept away cattle; and the condition is pitiable; and there are no prospects for the people unless the Government steps in to assist."[14]

(c) Natuurlike beperkinge by boerdery

Die natuurlike beperkings by boerdery is goed bekend. Slegs 'n klein gebied kry deur die hele jaar reent. Die oorgrote oppervlakte kry slegs gedurende die somer reëns en dan gaan dit dikwels met donderstorms gepaard. 'n Groot gedeelte van Suid-Afrika varieer van uiterste dorheid tot half-dorheid. Droogtes, stofstorms, hael en ander rampe is nie in die Unie onbekend nie.

Dit is ook bekend dat die landboupotensialiteite van Suid-Afrika beperk is. Slegs 'n klein gedeelte van sy totale oppervlakte kan onder graangewasse gesit word.

Suid-Afrika is arm aan besproeiingsgronde. Ons het geen groot bevaarbare riviere nie. Vervoer is dus ook 'n duur item, aangesien alle produkte per pad of spoor vervoer moet word.

Ons sal van hierdie natuurlike beperkings by boerdery 'n lang lys kan maak, maar dit is by almal so goed bekend dat verdere aanhaling oorbodig sal wees.

/'n Instelling....9.

---

(13) Aangehaalde Kommissieverslag, p.104.

(14) Transvaal Volksraad-debatte, 1907, p.657.

'n Instelling vir die finansiering van boerdery in Suid-Afrika sou dus hierdie natuurlike beperkings by boerdery in gedagte moet hou. Slegs die Staat sou in die vermoë wees om dit te bewerkstellig.

(d) Prysskommelings

Reeds kort nadat Jan van Riebeeck die eerste Vryburgers die reg gegee het om as selfstandige boere boerdery in Suid-Afrika voort te sit, is vertoë vir die verhoging van die prys van koring tot die owerhede gerig.

Dit was die begin van die boer se prysprobleem in Suid-Afrika. Groot markte was iets heeltemal onbekends. Spoedig het die middelman ook sy verskyning gemaak, en dit het nog meer daartoe bygedra dat die boer die prooi van prysskommelings geword het.

Vir beleggers was boerdery dus so 'n riskante onderneming dat hulle uiters onwillig was om boerdery te finansier of anders sulke hoë rentes wou hê dat die boer dit nie kon bekostig nie. Slegs die Staat sou die boer behulpsaam kon wees, en wel deur 'n finansieringsinstelling wat anders as die ander bestaande instellings sou kan optree. Dit moes dus 'n andersoortige instelling wees.

2. DIE KOMMISSIE VAN ONDERSOEK IN VERBAND MET DIE STIGTING VAN LANDBANKE IN SUID-AFRIKA

Die Transvaalse Regering het die voortou geneem en 'n kommissie van ondersoek benoem om die stigting van 'n landbank te oorweeg. Die gevolg hiervan was die indiening van 'n wetsontwerp wat die stigting van 'n landbank sou wettig. Die ander drie koloniale regerings, te wete die van die Kaapkolonie, die Oranje-Vrystaat en Natal het hierna soortgelyke wetsontwerpe ingedien, wat die een na die ander gepasseer is.

/Aangesien ......10

Aangesien die kommissie van ondersoek van Transvaal in verband met die wenslikheid van die stigting van 'n landbank die node en behoeftes die beste weergee, en die Transvaalse Landbank eintlik die model was waarop die Unie-Landbank gebaseer is, sal ons, by die bespreking van die stigting van die verskeie landbanke, ons hoofsaaklik by die bevindinge van hierdie kommissie bepaal.

Die opdrag aan die Transvaalse kommissie was om oor die volgende punte navraag en verslag te doen:

(a) Die raadsaamheid om 'n landbank in die lewe te roep om die landboubedryf te finansier.

(b) Of die beheer van so 'n bank onder die kontrole van die Staat moes staan of deur die Staat gewaarborg moes word en, indien wel, onder watter voorwaardes en in welke mate so 'n kontrole uitgeoefen of die waarborg gegee moes word.

(c) Hoe die organisasie van die Bank moet wees en op watter beginsels dit opgerig moet word.

(d) Watter kapitaal nodig is en hoe dit verkry moes word.

(e) Op welke voorwaardes en teen watter sekuriteit lenings toegestaan moes word.

(f) Watter wetgewing nodig was.

(g) Of koöperatiewe verenigings of 'n sisteem van sentrale pakhuise in so 'n bank ingesluit of daarmee geaffilieer moes word.

(h) Watter stappe in die algemeen nodig was om so 'n bank op 'n hegte grondslag te plaas.

Alvorens verslag uitgebring is, is duisende getuienisse afgeneem, nie alleen van boere nie, maar ook van dorpenaars.(15)

Die destydse landboukredietstelsels van verskillende lande in die wêreld is nagegaan, o.a. die volgende: die Schultze-Delitsch-en Raffeisen-stelsel in Duitsland, die "Communal Loan Banks", die "Positos"

/van ......11

(15) Transvaal Volksraad-debatte, 1907 : Toespraak genl. Botha, p.651.

van Spanje, die Koöperatiewe banke van Indië vir inboorlinge, die "Nidhis" van Sjina en Japan, die "Bancke Popolari" en "Casse Rurali" van Italië, die "Credit Mobilier", "Credit Agricole," "Credit Foncier" van Frankryk, die Landboubank van Egipte, die Pruisiese Landschaftsbanken, die verskillende landboukredietinstellings in Australië, Nieu-Seeland, Nederland en ander.(16)

Na die bestudering van al hierdie stelsels is egter bevind dat nie een daarvan met sukses in Suid-Afrika toegepas sal kan word nie, aangesien toestande hier heel anders is, maar dat die stelsels van Australië en Nieu-Seeland die beste by Suid-Afrika sou aanpas. Hierdie stelsels is gevolglik as basis geneem.

Na sorgvuldige oorweging het die kommissie gerapporteer dat hy van mening was dat die boerderybedryf finansiële bystand dringend nodig het en dat dit gewens is dat 'n landbank deur die Staat in die lewe geroep moes word. As 'n voorwaarde is egter gestel dat dit op gesonde ekonomiese en handelsbeginsels bestuur moes word en dat sy funksies ten volle vry van politieke en filantropiese invloede moes wees.

Die oortuiging was dat dit noodsaaklik was dat 'n andersoortige instelling as die bestaande finansieringsinstellings in die lewe geroep moes word, aangesien die Staat hulp aan die boere moes verleen wat nie alleen deur spekulateurs uitgeroei word nie, maar wat ook deur 'n vernietigende oorlog sonder weerga verarm is. Hulp moes dadelik verstrek word, anders sou dit te laat wees. Die hulp was so dringend nodig dat die koloniale sekretaris

/die ..........12.

---

(16) Land Bank Commission Report.

die wetsontwerp nie eers na 'n gekose komitee wou verwys nie, uit vrees dat dit slegs die saak sou vertraag.(17)

Duisende boere was verarm en is na die groot stede gedryf en hulle kon nie na die platteland, waar hulle voorheen gewoon het, sonder die hulp van die Staat teruggaan nie. Die Staat het met sy repatriasieskema probeer om hulle te help, maar dit is gevoel dat dit slegs 'n powere en tydelike hulp was. Generaal Botha het gesê dat ander lande 'n voorbeeld gestel het van wat die plig van die Staat onder soortgelyke omstandighede is, maar sodanige hulp moes dadelik verleen word en dit moes nie slegs tydelik van aard wees nie.(18)

Verder is sodanige hulp deur die Staat nodig met die oog op die hervestiging van die boerderybedryf op 'n gesonde basis, en die bekamping van die heersende depressie. Dit sou tot voordeel van die hele gemeenskap wees.(19) Dit moes 'n andersoortige instelling wees aangesien die inkomste uit die boerderybedryf so wisselvallig is en van so baie faktore afhanklik is waaroor die boer geen beheer het nie: die omset van die boer is baie stadig in vergelyking met byvoorbeeld dié van fabrikante, winkeliers, maatskappye, nywerhede, professionele persone en ander, en gevolglik moet kredietverskaffing aan die boer op ander beginsels berus.

Die kommissie was ook oortuig dat 'n groot landbank die beste middel sou wees vir die verdere ontwikkeling en uitbouing van die landboubedryf in Suid-Afrika.

/3. Die ........13.

---

(17) Transvaal Volksraad-debatte, 1907, p.699.

(18) Transvaal Volksraad-debatte, 1907, (a) pp. 651 tot 654; (b) genl. S.W. Burger, p.639.

(19) Transvaal Volksraad-debatte, 1907, (a) Sir Abé Bailey, p.666; (b) genl. J.C. Smuts, pp. 695 tot 702.

3. DIE STIGTING VAN DIE LANDBANK

Transvaal het die voortou geneem met die stigting van die Transvaal Land- en Landbouwbank, wat deur Wet 26 van 1907 in die lewe geroep is. Hierdie Bank het op 1.10.1907 met sy werksaamhede begin. 'n Kapitaalbedrag van tweemiljoen vyfhonderdduisend pond (19(a)) is tot sy beskikking gestel, maar dis later verminder na tweemiljoen pond. Hierdie Landbank het ook later as model vir die Land- en Landboubank van Suid-Afrika gedien.

Hierna het Natal gevolg met die Land- en Landbou-Lenings-Fonds (Wet 27 van 1907, Natal). 'n Kapitaalbedrag van vyfhonderdduisend pond is tot die fonds se beskikking gestel. (19(b))

Die Oranje-Vrystaat het ook 'n Land-en-Landbou-Leningsfonds deur Wet 33 van 1909 in die lewe geroep en hier is ook vyfhonderdduisend pond tot die fonds se beskikking gestel.

Met "De Landbouw Kredietbank" van die Kaap-kolonie (Wet Nr. 25 van 1907), wat deur 'n raad van vyf trustees beheer sou word, is egter weens verskeie redes nooit begin nie, alhoewel die wet reeds in 1907 gepasseer is.

Op 31 Mei 1910 het Unifikasie gevolg. Die boere van Transvaal, Oranje-Vrystaat en Natal het elkeen 'n soort Landbank gehad, alhoewel hulle kragtens verskillende wette geadministreer is. Die Landbank

/van .......14.

---

(19(a)) Hierdie bedrag het destyds groot gelyk, maar vergelyk slegs met die huidige skaal van ontwikkelingshulp-skemas, bv. £1,000,000,000 vir een groot opdamming-skema in die Kongo.

(19(b)) Dieselfde as vir die Bantoe-ontwikkelingskorporasie nou.

van die Kaapkolonie het nie in werking getree nie, met die gevolg dat die Kaapse boere nog nie 'n eie finansieringsinrigting gehad het nie. As gevolg van unifikasie moes die vier provinsies natuurlik gelyk behandel word, en op 29 April 1912 is die wetsontwerp vir die stigting van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika vir die eerste keer gelees. Op 22 Junie 1912 is Wet 18 van 1912 goedgekeur en op 1 Oktober 1912 is begin met die Land- en Landboubank van Suid-Afrika. Die bate en laste van die koloniale Landbanke is deur hierdie bank oorgeneem.

4. SAMEVATTING

Die driejarige oorlog en die daaropvolgende depressie het ontsettende armoede in Suid-Afrika veroorsaak. Die landboubevolking het as gevolg hiervan en die natuurlike beperkings by boerdery, finansiële hulp dringend nodig gehad. Toestande was sodanig dat slegs die Staat hierdie hulp kon verskaf.

In Transvaal, wat op hierdie gebied die leiding geneem het, is 'n kommissie van ondersoek aangestel en hierdie kommissie het aanbeveel dat 'n landbank deur die Staat in die lewe geroep moes word, en dat die Staat ook die fondse moes voorsien.

Die Transvaalse Landbank het op 1 Oktober, 1907 met sy werksaamhede begin en daarna het die drie ander kolonies elkeen ook wette gepasseer om eie landbanke in die lewe te roep. Die Landbank van die Kaapkolonie het egter weens 'n wisseling van regering en ander redes nooit met sy werksaamhede begin nie.

Na Unifikasie is die vier koloniale Landbanke in die Land- en Landboubank van Suid-Afrika omgeskep.

## HOOFSTUK II

## DIE LANDBANK EN DIE STAAT

Soos reeds gesê, was dit 'n opdrag aan die kommissie van ondersoek om verslag te doen of die beheer van die Landbank onder die kontrole van die Staat moes staan of deur die Staat gewaarborg moes word en, indien wel, onder watter voorwaardes en in welke mate so 'n kontrole uitgeoefen of die waarborg gegee moes word. Die kommissie se aanbeveling was ".....dat het een nationale en publieke instelling zou zÿn, maar dat het, ofschoon van fondsen voorzien door het Goevernement, niet beheerd zou worden door een of ander Regeringslichaam,"(1) en ook "dat deze instelling geheel buiten politiek zou staan, geheel afgescheiden van welke politieke invloeden in het land dan ook."(2)

### 1. DIE VERHOUDING VAN DIE LANDBANK TOT DIE STAAT

Die besluit ten gunste van 'n Staatsbank maar teen 'n Staatsbank as 'n suiwer departementele instelling was gegrond op die volgende:

(a) Boerdery in Suid-Afrika was nog in die eksperimentele stadium en die Landbank sou dus ook maar 'n eksperimentele karakter moes dra. Sodra meer ondervinding opgedoen is, sou veranderings aangebring moet word (wat dikwels gedoen is), maar dit sou nie gedoen kan word waar die kapitaalfondse uit privaat kapitaalplus 'n regeringswaarborg bestaan nie. In hierdie geval sou dit die gevolg hê dat aandeel- en skuldbriefhouers 'n geregverdigde grief sou hê as hulle sekuriteit verander word, met die gevolg

/dat .........16

(1) Transvaal Volksraad-debatte, 1907, kol. 594.
(2) Ibidem. kol. 593.

dat wysigings bemoeilik en miskien onmoontlik gemaak sou word.(3)

(b) Staatskontrole, so het die kommissie gemeen, kan nie so goed uitgeoefen word as privaat aandeelhouers ook seggenskap het nie en gevolglik moes die Staat in die begin die enigste kapitaalverskaffer wees.

(c) Baie van die oorsese instellings is op 'n winsbasis bestuur en het 'n goeie bron van belegging vir privaat kapitaal verskaf. As dit nou hier gevolg word, sou dit beteken dat die landbou nie genoeg aangehelp word nie, of dat die privaat aandeelhouer nie 'n noemenswaardige rente op sy geld sou kry nie. Weens die heersende noodtoestande was dit noodsaaklik dat geld so goedkoop moontlik aan boere beskikbaar gestel word. Die enigste uitweg was dat die Staat as enigste aandeelhouer moes optree.

(d) Dit is gevind dat die boere oorsee self in 'n groot mate kapitaal aan die inrigtings aldaar voorsien. In Suid-Afrika was die boere so geldarm dat hulle juis geld nodig gehad het en nie nog geld aan die Landbank kon leen nie.

(e) As dit 'n inrigting sou wees wat nie daarop uit is om profyte vir die privaat belegger te maak nie, is dit vanselfsprekend dat spesiale tegemoetkoming in tye van nood makliker aan die boer verskaf sou kon word, veral as die fondse van die Staat, wat dit as doelstelling het om die boer op sy been te help, verkry sou word.

(f) 'n Wakende oog van die Staat oor die boerdery sou vir 'n geruime tyd nodig wees en die Landbank as die

/"most .......17

---

(3) Land Bank Commission Report, p. 140.

"most useful instrument of agricultural advancement"[4] sou ook die nodige aandag moet geniet, maar dit sou nie 'n Staatsdepartement moet wees nie.

(g) Die Landbank sou 'n beleid van wyse samewerking met die Departement van Lande moet volg, maar so 'n samewerking sal beteken "a closer identification of the Bank with the State than a mere Government guarantee would imply".[5]

(h) So 'n noue samewerking met die Departement van Lande en ander Staatsdepartemente sou ook beteken dat administratiewe koste minder sou wees. Van Staatsouditeure sou gebruik gemaak kan word, terwyl die tegniese kennis van die Departement van Landbou en Mynwese ook tot die beskikking van die Bank sou wees.

(i) Deur onafhanklik op te tree sou dit ook vry van politieke beïnvloeding kan optree en nie onderhewig aan politieke druk wees nie. (Die uitsluiting van aktiewe politici as raadslede is 'n bewys dat die wetgewer die voorbeeld wou stel en hierdie soort invloed werklik soveel moontlik wou beperk het).

(j) Dit is egter ook beklemtoon dat die Landbank "een zakelÿke instelling behoorde te zÿn en dat het op zakelÿke wyze behoort te worden gedreven."[6]

Hierdie beginsels is deur die verskillende koloniale regerings erken en tydens die opstelling van die koloniale landbankwette in werking gestel.

Die Minister van Finansies het in 1912, tydens die indiening van die Unie-Landbankwet, gesê dat by die bestudering van die verskillende landbankwette (van die vier kolonies en ander) en ook ander literatuur in verband met

/die .........18

---

(4) Land Bank Commission Report, p.140.

(5) Land Bank Commission Report, p.140.

(6) Transvaal Volksraad-debatte, 1907 : Koloniale Sekretaris, kol. 593.

die landbankwese, een algemene beginsel sterk op die voorgrond getree het en dit is" ........ that institutions of this kind and of a kindred kind should be run strictly as business concerns, and should not be regarded in the light of charitable or philanthropic institutions."(7) Die Minister het ook verder bygevoeg: "Another important feature in all these banks was that the conduct and management should be, as far as possible, divorced from political influences and political considerations."(8)

Die Land- en Landboubank van Suid-Afrika is toe ook om hierdie redes 'n onafhanklike liggaam gemaak wat nie aan die direkte beheer van enige Staatsdepartement onderworpe is nie maar onder die alleenbeheer van die Raad staan en slegs aan die Parlement deur die Minister van Finansies verantwoordelik is."(9) In 1944 het die Raad in sy Memorandum ook met nadruk verklaar dat "in sy opinie die sukses van die Bank oor 'n tydperk van dertig jaar grotendeels toegeskryf moet word aan die feit dat die Bank nie aan politieke druk of invloed onderhewig is nie en as 'n besigheidsinrigting, vry van enige departementele beheer bestuur is".(10) Om hierdie stelling nog meer te benadruk het die Raad verder in die Memorandum bygevoeg: "Menige poging om politieke druk op die Bank uit te oefen, wat in die opinie van die Raad deur 'n Staatsdepartement moeilik sou kon weerstaan word, het egter misluk."(11)

Gedurende die depressie van die dertigerjare het die destydse Minister van Finansies dit nodig gevind om teen

/pogings .....19

---

(7) Volksraad-debatte, 29 April 1912. (getikte afskrif en bladsynommer onbekend).

(8)Volksraad-debatte, 1912. (29/4/1912).

(9)Landbank Memorandum, 1944, p.2.

(10) & (11) Ibidem. p.2.

pogings tot politieke beïnvloeding te waarsku toe hy gesê het: "The Bank must be kept free from political influence or there would be trouble."[12] Genl. Hertzog het toe ook gewaarsku met die woorde: "If the Government should interfere, the Bank would go bankrupt within a few years and it would be a matter of regret for generations."[13]

Dit is slegs die funksie van die Staat om beherend en regulerend op te tree en nie om die bestuur van die Landbank self waar te neem of om hom daarin te meng nie. Om hierdie rede bepaal Art. 3(1) van die Landbankwet[14] dan ook dat die Bank 'n selfstandige regspersoon is en nie 'n blote tak van die Staatsadministrasie nie, soos volg: "Die Bank is met regspersoonlikheid beklee en bevoeg om as regspersoon onder die naam van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika as eiser en verweerder in regte op te tree en, onderworpe aan die bepalings van hierdie wet, roerende en onroerende goed te koop of andersins te verkry, te hou of te vervreem, en die handelinge te verrig wat regspersone regtens kan verrig."

Alhoewel dit as 'n algemene beginsel aanvaar word dat die Staat nie met die werking van die Bank moet inmeng nie, ten einde sy sukses as 'n besigheidsinstelling te verseker, is die Landbank tog nie ten volle van die Staat onafhanklik nie. Die welsyn van die boer en die landboubedryf is vanselfsprekend ook die belang van die Staat en gevolglik mag die Staat nie 'n suiwer "laisser faire" houding inneem nie.

/Dat ........... 20.

---

(12) The Star, 21st. April, 1932.
(13) The Star, 14th Aug., 1931.
(14) Wet 13 van 1944, soos gewysig.

Dat die Landbank dan ook ten nouste met staatsdepartemente skakel, is duidelik uit die feit dat sy boeke deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal geouditeer moet word en die feit dat verskeie staatsdepartemente en hulle beamptes gratis dienste aan die Bank moet lewer.

Dit kom egter as 'n gebrek voor dat daar nie beter koördinasie tussen sommige staatsdepartemente en die Bank bestaan nie, alhoewel die Raad al gedurende 1925 besluit het dat verteenwoordigers van belanghebbende staatsdepartemente toegelaat sal word om die vergaderings van die Raad in adviserende hoedanigheid by te woon.(15) 'n Moontlike uitweg uit hierdie probleem mag miskien wees die benoeming op die Raad van een of meer beamptes van dié staatsdepartemente as verteenwoordigers van die Ministers. Dit word met die Visserykorporasie, Klipfonteinse Korporasie, Yskor en Sasol gedoen.(15(a))

Die Bank se verband met die Staat is dikwels in die verlede gekritiseer, onder andere deur die kommissie om ondersoek in te stel insake Koöperasie en Landboukrediet.(16) Hierdie kommissie het in 1934 gerapporteer dat die Landbank deur sy noue betrekkinge met die Staat 'n baie demoraliserende invloed op die boeregemeenskap gehad het, deurdat die Bank, werkende met staatsfondse, feitlik 'n staatsinstelling is en boere dus meen dat die skuld afgeskryf moet word.(p.160). Verder beweer die kommissie dat die band tussen die Landbank en die Regering versterk is deur die feit dat die Regering herhaaldelik die Bank se hulpmiddels gebruik het vir die administrasie van finansiële verligtingsmaatreëls. (p.161).

/Die .............21.

(15) Landbankraadsbesluit gedateer 10 Julie, 1925.

(15(a)) V.d. Walt : Die Staatsbeheerde Nywerheidskorporasies in die Unie van Suid-Afrika, p.79.

(16) U.G. 16 - '34.

Die kommissie het dit as sy oortuiging uitgespreek dat die tyd aangebreek het dat die Regering dit in ernstige oorweging moet neem om die Landbank se verband met die Staat geheel te verbreek. (p.161).

Die Kantoor tot Invordering van Staatsvoorskotte is toe wel in die lewe geroep om die staatshulpskemas te administreer, maar die Staat kon tot dusver nog nie sy weg oopsien om sy betrekking met die Landbank geheel te verbreek nie. Deur Wet 47 van 1959 is die Bank meer vryheid van optrede gegee, maar onderworpe aan die Minister se goedkeuring, deurdat die Bank nou ook landbankobligasies mag uitgee en gevolglik fondse van sy eie mag bekom.

2. <u>DIE BEHEER VAN DIE LANDBANK DEUR DIE STAAT</u>

Die Staat het deurgaans nie net die funksie van kredietvoorsiening aan die Landbank kragtens wetgewing behartig nie, maar hy het ook voorsiening vir baie beheermaatreëls getref. Gerieflikheidshalwe kan ons dié soos volg opsom:

(a) <u>Die Parlement</u>

Die naam van elke lid van die Raad moet in beide parlementshuise ter tafel gelê word en op versoek van die Parlement moet die Goewerneur-generaal 'n lid ontslaan. (artikels 4(4) en 4(5)).

Die bewilliging van staatsfondse kan vanselfsprekend slegs deur die Parlement gemagtig word (art. 18(1)). Finansiële state moet binne die eerste twee maande van elke jaar aan die Parlement voorgelê word. (art. 65(2)).

Regulasies wat die Goewerneur-generaal maak met betrekking tot die Raad, die personeel, die reëls vir goeie boerdery, die vorms wat gebruik moet

word ens., soos later vollediger uiteengesit word, is van krag, tensy en totdat beide Huise van die Parlement daardie regulasie gedurende die sitting waarin dit volgens wet in beide Huise ter tafel gelê is, by besluit afkeur (art. 69(2)).

Dit is opvallend dat die Parlement, in teëstelling met die geval by die jonger semi-staatsinstellings, so 'n ruime erkenning kry. Teenswoordig is dit 'n algemene verskynsel dat al meer sake vir behartiging aan die kabinet en die administrasie opgedra word, blykbaar omrede sake van 'n tegniese aard moeilik deur die Parlement behartig kan word.(17)

(b) Die Goewerneur-generaal

Uitgebreide magte, sommige waarvan heeltemal huishoudelik van aard is, word aan die Goewerneur-generaal toegeken. Met die Goewerneur-generaal word in hierdie verband die Goewerneur-generaal-in-Rade bedoel.

Die lede van die Raad, die besturende direkteur en voorsitter van die Raad en die hoofbestuurder word deur die Goewerneur-generaal benoem, terwyl die Goewerneur-generaal ook adviseurs mag benoem. (artikels 4(1), 4(2), 4(5), 5(1), 5(3), 10(1), 11(1), 4(bis), 13(1)).

Die Goewerneur-generaal kan van tyd tot tyd, op aanbeveling van die Raad, een of meer van die voorwaardes van 'n verband verander (art. 50(3)) en hy kan ook, op aanbeveling van die Raad, regulasies maak met betrekking tot:

/(i) ............23

(17) V.d. Walt: Die Staatsbeheerde Nywerheidskorporasies in die Unie van Suid-Afrika, p.78.

(i) die vergaderings en verrigtings van die Raad;

(ii) die regte, voorregte en pligte van die personeel en die pligte van ander persone in die Bank se diens, en die wyse waarop daardie pligte uitgevoer moet word;

(iii) die oprigting van agentskappe;

(iv) die beheer van die Bank en sy agentskappe;

(v) die bepaalde gevalle waarin eiendomme wat as sekuriteit gegee is, verseker moet word;

(vi) die reëls vir goeie boerdery;

(vii) die voorwaardes wat in verband met voorskotte vir verbeterings of nuwe werke opgelê kan word, en betaling van daardie voorskotte namate die werk vorder;

(viii) die vorms wat gebruik en die boeke, rekenings en aantekenings wat gehou moet word, en in die algemeen om die doel van die Wet ten volle en behoorlik uit te voer en daaraan gevolg te gee en om oortredings daarvan te verhoed. (art. 69(1)).

Sommige van hierdie magte wat aan die Goewerneur-generaal toegeken is, is so huishoudelik van aard dat die Raad en die administrasie, met die oog op die gladde werking van die Bank, dit self behoort te hê.

(c) <u>Die Minister (van Finansies)</u>

Aan die Minister van Finansies is ook uitgebreide magte toegeken.

Die pligte van die besturende direkteur en die hoofbestuurder(s) word deur die Minister bepaal (art. 4(bis), 13(1)), terwyl die waarnemende besturende direkteur deur hom benoem word (art. 13(1)). Agente of verteenwoordigers van die Bank buite die Unie kan deur die Raad met sy goedkeuring benoem word (art. 18).

'n Gedeelte van die fondse van die Bank bestaan uit die gelde wat hy van tyd tot tyd deur bewilliging van die Parlement aan die Bank betaal

(art. 18(1)). Landbankwissels en landbankobligasies mag nie sonder sy goedkeuring uitgegee word nie, terwyl alle regulasies wat daarop betrekking het, eers deur hom goedgekeur moet word. (artikels 20(7) en 20(3)). Finansiële state moet binne die eerste twee maande van elke jaar aan hom vir voorlegging aan die Goewerneur-generaal gestuur word, terwyl die Raad verplig is om enige rekening, verslag of staat wat die Minister verlang, aan hom te verstrek. Verder het die Minister of enige beampte in die Staatsdiens wat deur hom daartoe aangewys is, vrye toegang tot al die Bank se dokumente. (artikels 65(1), 65(2), 65(3) & 66). Waar die Minister graag in verband met algemene vraagstukke van beleid geraadpleeg wil word,(18) is dit opvallend dat sake van huishoudelike belang, soos byvoorbeeld die tariewe vir die beloning en reiskoste van taksateurs, (artikel 70(2)) eers deur die Minister goedgekeur moet word. Dit is blykbaar slegs daaraan toe te skryf dat die Landbank een van die eerste instellings is waar die Staat hom op die ekonomiese terrein begeef het.

(d) <u>Staatsdepartemente</u>

Die rekenings van die Bank word deur die Kontroleur- en Ouditeur-generaal geouditeer, terwyl elke landdros, elke polisiebeampte, die Posmeester-generaal en elke amptenaar wat onder hom val, op versoek van die Raad, sonder addisionele vergoeding verslag moet doen oor sake wat na hom verwys word.

/Hy ...........25

(18) V.d. Walt: Die Staatsbeheerde Nywerheidskorporasies in die Unie van Suid-Afrika, p.78.

Hy moet ook in die algemeen as agent van die Bank optree (artikels 68, en 70(3)).
Finansiële state asook wysigings van regulasies en tariewe moet in die Staatskoerant gepubliseer word. (artikels 50(3), 65(2), 74(4)).

3. SAMEVATTING

Tydens die stigting van die Landbank is dit gevoel dat die Bank nie onder direkte beheer van 'n Staatsdepartement moes val nie, maar dat dit wel in noue samewerking daarmee moes funksioneer en deur die Staat in die algemeen beheer moes word. Verder moes die Bank geheel buite die partypolitiek staan en volgens besigheidsbeginsels bestuur word. Agtereenvolgende Ministers het altyd die Bank se vryheid van politieke beïnvloeding beklemtoon.

In die Landbankwet is ruim voorsiening vir Staatsbeheer gemaak, maar die Bank se feitlike onafhanklikheid en vryheid van optrede is deur die Staat gewaarborg.

In die verlede is al herhaaldelik geargumenteer dat die Staat sy betrekkinge met die Landbank moet verbreek, maar dit is nog nie vir die Staat wenslik bevind om sy beheer oor die Landbank prys te gee nie. Gesonde beheer van die kant van die Staat is nodig in 'n onderneming wat bestemd is om die grootste finansiële hulpmiddel van die boer te wees en al meer te word, aangesien die landbou nog steeds van fundamentele volksbelang en aan skommelinge onderhewig is.

# HOOFSTUK III

## BESTUUR EN ORGANISASIE VAN DIE LANDBANK

Die Landbankkommissie van 1906 het aanbeveel dat die Bank buite die direkte beheer van 'n staatsdepartement moes staan en deur 'n eie Raad bestuur moes word, sodat dit die nodige vryheid van optrede kon hê. Hierdie Raad sou ook die personeel van die Landbank aanstel en sorg vir die nodige organisasie van die werksaamhede. Hierdie aanbeveling is deur die koloniale regerings gevolg en toe die Landbank van Suid-Afrika in 1912 in die lewe geroep is, is hiermee voortgegaan en dus 'n staatskorporatiewe organisasie gehandhaaf.

Die bestuur en organisasie van die Landbank is soos volg:

1. DIE RAAD

Kragtens Art. 4 word die werksaamhede van die Bank beheer en bestuur deur 'n voorsitter (die besturende direkteur kragtens Art. 4(bis) aangestel) en minstens vier maar hoogstens ses raadslede, wat almal deur die Goewerneur-generaal aangestel word. Die Bank tree, deur sy Raad, in sy daaglikse bestuur selfstandig op, en is met regspersoonlikheid beklee. (Art. 3(1)).

(Dit is interessant om daarop te let dat die Staat by die aanstelling van raadslede van die jonger semi-staatsinstellinge soos Sasol en Foskor die beleid gevolg het dat die aanstellings deur die Minister en nie die Goewerneur-generaal gedoen word nie).

(a) Samestelling van die Raad

Die Rade van die verskillende koloniale landbanke was soos volg saamgestel: Transvaal: 'n voorsitter en vyf lede; Natal: vyf kommissarisse; Vrystaat: die tesourier van die Oranje-Vrystaat en vier lede,

terwyl die Kaapkolonie se Landboukredietbank 'n raad bestaande uit vyf trustees sou gehad het, van wie een die voorsitter sou wees.
Tydens die bespreking van die wetsontwerp van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika, wat voorsiening vir 'n voorsitter en vyf lede gemaak het, is daar sterk op aangedring dat die Raad uit die voorsitter en ses lede sou bestaan, sodat die twee groot provinsies (Transvaal en Kaapprovinsie) elk twee lede en die kleiner provinsies (Oranje-Vrystaat en Natal) elk een lid kon hê.
Nadat die vraagstuk van koste in die komiteestadium bespreek is en die feit dat die raadslede in praktyk tog in die onmiddellike omgewing van Pretoria sou moet woon, het die Minister van Finansies gevra dat besluit moes word of vyf lede nie miskien nog te veel is nie, en of die voorsitter en een lid vir elke provinsie nie miskien voldoende sou wees nie. Hierop het Sir. E.H. Walton voorgestel dat die Raad uit die voorsitter en vier lede sou bestaan, en hierdie voorstel is aanvaar.
In 1924 is die aantal raadslede van vier na vyf vermeerder.(1) Die Raad se werksaamhede het egter so vinnig vermeerder weens sy funksie om self voorskotte toe te ken dat die lede so te sê voltydse beamptes geword het. Die Raad het toe vier dae per week gesit. Hierdie lang sittings het weer tot gevolg gehad dat die personeel oortyd moes werk om die werk vir die Raad voor te berei en om uitvoering aan die Raad se besluite te gee.(2)

/Om .........28.

(1) Artikel 15(b) van Wet Nr. 32 van 1924.
(2) 1924-Jaarverslag, par.4, bladsy 1.

Om die gedurige oortyd te voorkom, is besluit om die namiddagsittings te beëindig en om vyf dae per week te sit.

Deur Artikel 7 van die Finansiële Wysigingswet Nr. 34 van 1930 is die aantal raadslede na ses vermeerder. Die aftredende besturende direkteur is toe as die addisionele lid van die Raad aangestel, en sedertdien is daar nog altyd ses raadslede en 'n voorsitter.

(b) Kwalifikasies en diskwalifikasies van Raadslede

Volgens die Landbankwet word daar geen spesiale kwalifikasies vir raadslede vereis nie, maar daar word slegs van diskwalifikasies melding gemaak. J.X. Merriman as gewone parlementslid,[3] het tydens die komiteestadium van die Unie-Landbankwetsontwerp gesê dat dit 'n eienaardige omkering van prosedure is, aangesien gewoonlik neergelê word watter kwalifikasies 'n persoon moet besit om 'n lid van 'n raad te word, terwyl in die geval van die lede van die Landbankraad gesê word watter kwalifikasies 'n persoon nie moet besit nie.

In sy antwoord het die Minister van Finansies gesê dat hy die insluiting van staatsamptenare as lede van die Raad oorweeg het, maar na oorweging van die hele aangeleentheid tot die gevolgtrekking gekom dat dit onwys sou wees om dit te doen. Die Minister het gemeen dat dit beter sou wees om "besigheidsmense, of persone ander as staatsamptenare wat weet wat van hulle verlang word, as lede van die Raad te hê, behalwe die Voorsitter en die Hoofbestuurder."[4] Voorstelle om hoë staatsampte-

/nare .......29.

(3) en (4) Volksraad-debatte, 13/5/1912.

nare, soos byvoorbeeld die Landmeter-generaal, as lede van die Raad aan te stel, is verwerp. Daar is geargumenteer dat van die dienste van hierdie amptenare gebruik gemaak kan word sonder om hul as lede van die Raad aan te stel.

Op die wetboek is gevolglik slegs die volgende diskwalifikasies geplaas:

(i) Raadslede mag nie lede van die Volksraad, Senaat of Provinsiale Raad wees nie. (Art.4(3)) Daar is voorgestel dat verder gegaan moet word en dat persone wat minder as twee jaar tevore 'n lid van een van bogemelde instellings was, nie benoem mog word nie.(5) Daar is verwys na 'n geval in die Transvaalse Landbank waar 'n persoon wat sy setel ten gunste van die Eerste Minister afgestaan het, as lid van die Landbankraad benoem is. Die teenargument was dat dit in so 'n geval miskien die gevolg sou hê dat 'n lid van die Parlement wat vir so 'n aanstelling uiters geskik is, slegs as gevolg van sy "sonde" dat hy Parlementslid was, uitgesluit sou moet word. As gevolg van so 'n bepaling mog dit dan net moontlik wees dat die dienste van uiters bekwame persone vir die Bank verlore mog wees.(6) G.A. Louw (parlementslid) het so ver gegaan om te sê dat dit onsin is om te meen dat politieke beïnvloeding geheel en al uitgeskakel kan word. Hy het verder gevoel dat dit so te sê onmoontlik is om

/geskikte....30.

(5) Dit was 'n bepaling in die Kaapkolonie se Landbankwet.
(6) Volksraad-debatte, 13/5/1912.

geskikte persone "who did not mix in politics" te kry. Aangesien die voorstel as 'n soort sensuur op die Regering beskou is, is dit met 'n oorweldigende meerderheid verwerp. 'n Regering word dus nie verhinder om 'n persoon wat met 'n verkiesing onsuksesvol was, as lid van die Landbankraad aan te stel nie. So 'n persoon sou wel die bogemelde kwalifikasies, wat deur die Minister van Finansies genoem is, kan besit.

(ii) Raadslede mag nie direkteur van 'n ander bank of geldlenende instelling wees nie.(Art.4(3)). Sir E.H. Walton, wat hierdie artikel voorgestel het, het gesê dat "they wanted men with single minds."(7) Die Minister van Finansies wat die voorstel aanvaar het, het verduidelik dat hy nie so bang vir direkteure van Assuransiemaatskappye is nie, maar bang is dat direkteure van ander banke wat die twee ampte beklee, in die verleiding mag kom om van slegte verbande ontslae te raak. Hierdie sienswyse van die Minister het onlangs die gevolg gehad dat J.C. v. W. Steytler, die gewese besturende direkteur en voorsitter, 'n aanstelling as direkteur van die Suid-Afrikaanse Verbandversekeringsmaatskappy Beperk aangeneem het, waarby die Landbankskuldenare se lewens vir die saldo wat hulle aan die Landbank verskuldig is, verseker word. Volgens 'n antwoord wat aan die gekose komitee verskaf is, ontvang hy egter geen vergoeding hiervoor nie. Dit is slegs die belang van gladde werking van die skema tot voordeel van die boere wat dit nodig gemaak het dat

/hy ...........31

(7) Volksraad-debatte, 15/5/1912.

hy ook direkteur van hierdie maatskappy moes word.

(iii) 'n Raadslid moet in die volgende gevalle sy amp ontruim:

(a) As sy boedel gesekwestreer word of as sy boedel kragtens artikel 10 van die Boere-Bystandswet (Wet 48 van 1935) beredder word. (Art 5. 2(a). Een lid het tot dusver as gevolg van hierdie artikel sy pos ontruim.

(b) As hy kranksinnig word of weens 'n misdryf veroordeel en tot gevangenisstraf, sonder keuse van 'n boete, gevonnis word.(Art. 5. 2(b)).

(c) As hy sonder die Raad se verlof van vier agtereenvolgende raadsvergaderings afwesig is. (Art. 5 2(c)). Generaal Muller het in 1915 sy amp as gevolg van hierdie artikel ontruim.

Die voorsitter en lede mag egter afwesig wees as die Minister ander pligte aan hulle opgedra het. (Art. 10 (2)).

(iv) 'n Lid mag, weens onbevoegdheid of wangedrag, deur die Goewerneur-generaal uit sy amp ontslaan word. (Art. 5(1)).

As 'n versoekskrif waarby die ontslag van 'n lid gevra word, deur beide Huise van die Parlement aan die Goewerneur-generaal voorgelê word, moet hy so 'n lid ontslaan. Die versoekskrif moet egter binne een maand nadat so 'n lid se naam ter tafel gelê is, aan die Goewerneur-generaal voorgelê word. (Art. 4(5)).

(c) Tydperk van diens van Raadslede

Raadslede word aangestel vir sulke tydperke as wat die Goewerneur-generaal mag goedkeur, maar vir hoogstens vyf jaar. (Art. 4(2)). Oorspronklik was hulle vir vier jaar aangestel, maar van 2 Junie 1930 af is die tydperk na drie jaar verminder. Van 15 Junie 1951 af is die tydperk weer na vyf jaar verleng. Raadslede kan heraangestel word.

(d) Magte en Bevoegdhede van die Raad

Aangesien die Bank met regspersoonlikheid beklee is en bevoeg is om as regspersoon onder die naam van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika as eiser en verweerder in regte op te tree en, onderworpe aan die bepalings van die Landbankwet, roerende en onroerende goed te koop of andersins te verkry, te hou of te vervreem, en die handelinge te verrig wat regspersone regtens kan verrig. (Art. 3(1)), is dit vanselfsprekend dat die Raad baie wye magte en bevoegdhede besit. Hierdie magte en bevoegdhede sal in die loop van hierdie verhandeling verder bespreek word.

(e) Vergaderings; Kworum en notules

Volgens die Landbankwet moet die Raad minstens een keer elke maand en op die ander tye wat die voorsitter mag bepaal, vergader. (In die praktyk sit die Raad van twee tot vyf dae per week). Op skriftelike versoek van minstens twee lede moet die voorsitter 'n vergadering belê. (Art 6 (1) en (2)). Drie lede van die Raad vorm 'n kworum vir 'n vergadering. Besluite in verband met voorskotte op so 'n vergadering moet eenparig wees. (Art. 8(1)). As meer as drie lede teenwoordig is, geskied besluite

by meerderheidstem. Die persoon wat as voorsitter optree, het, behalwe sy beraadslagende stem as lid van die Raad, ook nog 'n beslissende stem. (Art. 8(2)). Behoorlike notule van die verrigtinge moet gehou word. Tot 30 Julie 1953 is die hoofbestuurder of iemand wat hy daartoe aanwys kragtens Wet, insae in die notule gegee. (Art. 9 (3) Wet 13 van 1944). Deur Wet 13 van 1953 wat op 31 Julie 1953 gepromulgeer is, is hierdie artikel agter geskrap. (Art. 3 Wet 13 van 1953). Met die pos van hoofbestuurder is toe weggedoen.

(f) Wisseling van Raadslede

Tot aan die einde van 1957 was daar slegs 'n totaal van 30 persone lede van die Unie-Landbankraad. Dieselfde persone het, nieteenstaande wisseling van regerings, lede van die Raad gebly en vandag (1961) is daar nog persone op die Raad wat deur die Verenigde Party-Regering, meer as twaalf jaar gelede, aangestel is.

Dit moet in gedagte gehou word dat bejaarde persone in die reël as lede van die Raad aangestel word en dat regerings gewoonlik as die geleentheid hom voordoen, hul "eie" mense op sulke rade aanstel. Die weinige wisseling van raadslede is dus 'n bewys dat die verskeie regerings selde met die aanstelling van 'n raadslid deur 'n vorige regering ontevrede was. Verder toon dit dat die lede van die Raad hulle oor die algemeen nie veel aan die partypolitiek gesteur het nie, en die beleid van die Staat uitgevoer het. Dit toon egter ook dat die Staat die noodsaaklikheid van selfstandigheid van die Raad en bestandheid teen politieke druk besef.

## 2. DIE VOORSITTER VAN DIE RAAD, BESTURENDE DIREKTEUR EN HOOFBESTUURDER(S)

Die Goewerneur-generaal moet op sulke voorwaardes as wat hy goedvind, 'n besturende direkteur vir die Bank aanstel en dié sal tegelykertyd ook voorsitter van die Raad wees. As hy egter afwesig is en nie die pligte wat die Minister aan hom opgedra het, kan uitvoer nie, mag die Minister een van die lede van die Raad as waarnemende besturende direkteur aanstel. (Art. 4(bis)).

Tydens bespreking van die Landbankwetsontwerp (1912) het die Minister van Finansies gesê dat die pos van hoofbestuurder en voorsitter van die Raad baie belangrik is. Die hoofbestuurder en voorsitter sal voltyds met die sake van die Bank besig wees en aangesien die Staat die Raad met die administrasie van so 'n groot bedrag belas, is dit duidelik dat voldoende voorsiening gemaak moet word vir die regte kontrole van die fondse. Die Staat moes versigtig wees met die keuse van 'n hoofbestuurder en voorsitter, aangesien hy kontrole van die sake van die Bank het en 'n besondere seggenskap by die bepaling van die beleid van die Bank.(8)

Die opposisie was daarteen gekant dat soveel mag in die hande van een persoon gegee word en het gepleit vir die aanstelling van 'n aparte voorsitter van die Raad.(9) "He (die hoofbestuurder) might have a voice on the Board, but I would not give him the position of Chairman. It was wrong in principle to have the duties of Chairman of the Board and General Manager vested in one man."(10)

/Die .............35.

---

(8) en (9) Volksraad-debatte, 9/5/1912 en 13/5/1912 respektiewelik.

(10) Volksraad-debatte, 13.5.1912: J.X. Merriman.

Die Minister het egter gemeen dat meer geld dan gespandeer sal moet word en verder het hy ook gewys op die gevaar van verdeelde mag. Hy het gemeen dat die uitvoerende hoofbeampte ook die voorsitter moet wees en dat die ander vier raadslede moet hoor wat hy wil voorstel.[11] Die Minister se voorstel is goedgekeur en die Voorsitter van die Transvaalse Landbank is as die eerste hoofbestuurder en voorsitter van die Raad aangestel.

Dit het die posisie tot 1C/9/1924 gebly toe die Wet verander is,[12] om behalwe vir 'n hoofbestuurder voorsiening vir die aanstelling van 'n besturende direkteur te maak. Die Minister het toe gesê dat die verandering gemaak word omdat die werk te veel geword het, "Die werksaamhede van die Bank het so uitgebrei dat die Bestuurder of Voorsitter van die Bestuur dit nie meer kan behartig nie. Die Voorsitter sal Besturende Direkteur wees; hy sal van baie van sy roetine-pligte ontslaan wees, en hom meer aan die bestuur van die Bank kan wy."[13]

Die hoofitem in hierdie wysigingswetsontwerp was die magtiging van die Landbank om omheinings -, dipbak- en silolenings toe te staan en die administratiewe wysiging het blykbaar so terloops deurgegaan dat een van die opposisielede (oud-minister P. Duncan) selfs gesê het" dat hierdie wetsontwerp nie 'n groot beginselsaak opper nie."[14]

/In ................36

(11) Volksraad-debatte, gedateer 13/5/1912.
(12) Wet 32 van 1924.
(13) Volksraad-debatte, 1924, p.866 & 867.
(14) Volksraad-debatte, 1924, p.868.

In 1957 het die Minister van hierdie wysiging gesê dat dit "kontinuïteit in die werksaamhede van die Bank, en eenvormigheid in die beleid van die Raad en dié van die administrasie verseker (het)".(15)

In 1937 is die Landbankwet weer gewysig. Daar is toe met die pos van besturende direkteur weggedoen en daar is, behalwe die hoofbestuurder, 'n voorsitter van die Raad aangestel. Hierdie wysiging was in ooreenstemming met die beginselbeswaar wat die opposisie in 1912 gehad het, maar hierdie wysiging was nie 'n erkenning dat 'n fout begaan was nie, maar dit was slegs 'n "spesiale skepping" om 'n beampte se dienste te behou. Die Minister van Finansies het die doel van die wysigingswetsontwerp soos volg verduidelik:

> "Wat hier voorgestel word, is om die Landbankwet, waar dit voorsiening maak dat aan die hoof van die Landbank 'n Besturende Direkteur sal staan, te wysig en te vervang deur 'n Voorsitter van die Raad', en dan is daar die verdere nodige konsekwensiële wysigings wat aangebring moet word. Die bedoeling is om mnr. Wilmot aan te stel as Voorsitter van die Landbankraad en ook as Voorsitter van die Boerebystandsraad. (Hierdie kombinasie van voorsittersposte word sedert 1935 gehandhaaf). Die pos van Besturende Direkteur sal dan verval, maar die wysiging sal ons in staat stel om sy dienste te behou en om die administrasie van die twee inrigtings min of

/meer .......37

---

(15) Volksraad-debatte, 1957, p.8381

meer op dieselfde voet te laat voortgaan."[16]

Die administratiewe pligte van die besturende direkteur is toe aan die hoofbestuurder opgedra.

In antwoord op 'n vraag of die betrekking van besturende direkteur 'n paar jaar tevore (1924) ook 'n "spesiale skepping" was, het die Minister bevestigend geantwoord.[17]

In 1951 is die pos van besturende direkteur egter weer ingestel en het die voorsitter ook weer die besturende direkteur geword.[18] Die pos van hoofbestuurder het behoue gebly en gevolglik is weer na die 1924 bedeling teruggekeer.

Die Minister van Finansies het toe weer 'n uiteensetting gegee van hoe die werksaamhede van die Bank uitgebrei het en daarop laat volg: "Die teenswoordige hoof of voorsitter van die Landbankraad ...... sal die nuwe pos beklee. Hy sal Voorsitter wees van die Landbankraad en die Algemene Bestuurder sal daar wees. Hy sal in staat wees om die pligte te vervul in verband met die administratiewe werk van die Raad, en sal ook 'n skakel wees tussen die Raad self en die Minister."[19] In antwoord op 'n vraag het die Minister gesê dat hierdie wysiging niks met die indiwidu te doen het nie.[20] Die Minister het in 1957 gesê dat die pos van besturende direkteur in 1951 "om redes van kontinuiteit en eenvormigheid in beleid, herstel is".[21]

Die hoofbestuurder was toe kragtens Art. 13 die uitvoerende hoofbeampte van die Bank. Deur Wet 13 van 1953 is weer met die pos van hoofbestuurder weg-

/gedoen .....38

(16) Volksraad-debatte, 1937, p.4406
(17) do. do. do.
(18) Wet 42 van 1951
(19) Volksraad-debatte, 1951, p.7472 (onderstreping van skrywer).
(20) Volksraad-debatte, 1951, p.7473.
(21) do. 1957, p.8382 (onderstreping van skrywer).

gedoen en het die besturende direkteur die uitvoerende hoofbeampte geword en ook die pos van voorsitter van die Raad behou.

Die Minister het ter regverdiging van hierdie wysigingswetsontwerp die volgende gesê:

"...........Die posisie is nou dat maklik botsings kan ontstaan in die administrasie deur die uitoefening van funksies deur beide van hierdie twee amptenare (n.l. Besturende Direkteur en Hoofbestuurder) van tyd tot tyd. Daar kan selfs teenstrydige sienswyses uitgespreek word voor die Gekose Komitee op Openbare Rekenings. Dit is moontlik dat waar daar kontak is tussen die Minister, wat uiteindelik verantwoordelik is en die besturende direkteur, daardie kontak nie bestaan het met die algemene bestuurder nie en dan 'n teenstrydige beleid uitgevoer word."(22) Niemand het enige beswaar teen die wysiging geopper nie en die Wet is goedgekeur. Daar moet egter op gelet word dat beide die besturende direkteur en die hoofbestuurder deur die Goewerneur-generaal aangestel moes word.

As gevolg van hierdie wysiging in die Wet is daar weer na die 1912 bedeling teruggekeer, behalwe net dat die benaming hoofbestuurder nou met besturende direkteur vervang is, soos die geval ook van 1953 tot 1957 was.

Gedurende 1957 is daar egter weer 'n wysiging in die administrasie aangebring. Die Minister het weereens gewys op die geweldige toename in die werk van die Bank in die loop van jare en gesê: "Met die oog op hierdie uitbreiding van die Bank en die groot toename in die omvang van sy werksaamhede, voel ek dat

/dit ..........39

---

(22) Volksraad-debatte, 1953, p.383.

dit wenslik is om twee hoofbestuurders vir die Bank aan te stel, die een spesifiek in die rigting van langtermyn-voorskotte aan individuele boere en die ander vir korttermyn-voorskotte aan koöperasies en beheerrade, met <u>sodanige pligte en bevoegdhede as wat deur die Minister bepaal word.</u>"(23) Aangesien daar geen besware was nie, is die Wet deur Wet 60 van 1957 gevolglik gewysig om, behalwe vir die besturende direkteur, die aanstelling deur die Goewerneur-generaal te magtig van een of meer hoofbestuurders, wat die bevoegdhede uitoefen en die werksaamhede en pligte verrig wat die Minister ten opsigte van elke sodanige hoofbestuurder bepaal. (Art. 13(1)). As die hoofbestuurder(s) om een of ander rede afwesig is, stel die Raad 'n beampte in sy (hulle) plek aan, (Art. 13(2)).

Op 1.7.1957 is twee beamptes van die Bank as hoofbestuurders aangestel. Een van hulle is egter op 4.2.58 oorlede maar niemand is in sy plek benoem nie. Daar is gevolglik weer na die 1924 en 1951 bedelings terug gegaan.

Die posisie is nou dat die Bank 'n besturende direkteur het wat ook voorsitter van die Raad is en wat ook net soos die hoofbestuurder deur die Goewerneur-generaal aangestel word. As die besturende direkteur egter om een of ander rede afwesig is, stel die Minister 'n waarnemende besturende direkteur uit een van die raadslede aan terwyl die waarnemende hoofbestuurder weer deur die Raad uit een van die beamptes aangestel word. Die Raad kies by afwesigheid van die voorsitter 'n voorsitter vir daardie vergadering uit eie geledere. (Art. 7). Dit is dus nie vanselfsprekend nie dat die

/waarnemende.....40

(23) Volksraad-debatte, 1957, p.8382 (Kursivering deur skrywer).

waarnemende besturende direkteur ook by elke vergadering van die Raad as voorsitter moet optree.

Uit die bogemelde is dit opvallend dat daar na 50 jaar van die bestaan van die Landbank nog geen vastigheid in verband met die poste van besturende direkteur, voorsitter van die Raad en hoofbestuurder(s) is nie. Die beleid is gedurende hierdie tydperk ses keer gewysig. Die gewone reël is dat 'n raad slegs die beleid bepaal en dat die uitvoering van die beleid by die beamptes berus. Om hierdie rede is die hoof van die administrasie hoogstens lid van die raad soos die geval by Sasol is. Gewoonlik is daar egter 'n volledige skeiding tussen direksie en administrasie. By die Landbank is die posisie egter ietwat anders aangesien die Landbankraad nie net die beleid bepaal nie, maar ook administratiewe pligte uitvoer. Aansoeke om lenings, ongeag die grootte daarvan, word deur die Raad oorweeg, aangesien slegs die Raad by magte is om lenings toe te staan. Verder oorweeg die Raad byvoorbeeld ook wysigings in doeleindes van lenings en ander sake wat deur die administrasie afgehandel kan word. Aangesien die Raad deur Art. 2 van Wet 47 van 1959 nou die reg gegee is om van sy bevoegdhede aan die besturende direkteur, 'n hoofbestuurder of 'n beampte van die Bank te delegeer, behoort die funksie van die Raad nou meer in ooreenkoms met die algemeen erkende patroon te ontwikkel. Dit sal dan ook moontlik weer 'n wysiging in die verhouding van die direksie tot die administrasie tot gevolg hê.

/3. Die .........41

3. DIE PERSONEEL

(a) Aanstelling van personeel

Die Raad kan van tyd tot tyd op die voorwaardes wat hy goedvind die beamptes en klerke aanstel wat vir die verrigting van die werksaamhede van die Bank nodig mag wees. Sulke beamptes of klerke mag deur die Raad geskors of uit hulle betrekkings ontslaan word. (Art. 14(1)). Die name van sulke persone, die benaming van hul betrekking en hul salaris moet veertien dae na die begin van elke gewone sitting van die Parlement in beide Huise ter tafel gelê word. (Art. 14(2)). Hierdie beamptes is dus nie staatsamptenare nie, aangesien die Staatsdienskommissie geen seggenskap by die aanstelling van die personeel het nie. Dit is opvallend dat nogtans aan die Parlement jaarliks gerapporteer moet word.

(b) Pligte van personeel

Hierdie beamptes en klerke moet die pligte vervul wat deur die besturende direkteur en hoofbestuurder(s) aan hulle opgedra word en hulle word betaal uit die fondse van die Bank. (Art. 14(3) en ander artikels). Aangesien dit nie vir die besturende direkteur of hoofbestuurder(s) moontlik is om alle pligte self uit te voer nie, word baie magte van die hoofbestuurder(s) asook magte van die besturende direkteur en die Raad aan lede van die personeel gedelegeer. Die regte, voorregte en pligte van die personeel word deur die Goewerneur-generaal op aanbeveling van die Raad bepaal. (Art. 69(1)).

(c) Transportuitmakers

'n Beampte van die Bank kan, nieteenstaande die feit dat hy nie as 'n transportuitmaker toegelaat

is nie, na aanstelling deur die Raad, verbande, transporte, pandbriewe of ander dokumente verly. (Art. 16(a)). Verder mag die Raad ook 'n persoon wat as transportuitmaker toegelaat is, as voltydse lid van die personeel aanstel en so 'n persoon mag dan professionele dienste teen 'n vaste salaris in plaas van teen betaling van professionele gelde lewer. (Art. 16(b)).
Hierdie artikels van die Wet wat die Bank magtig om die gebied van professionele persone te betree, is by oorweging daarvan sterk deur sommige parlementslede gekritiseer. Aangesien dit egter beteken dat boere verbande goedkoper gepasseer sou kry en dit die werksaamhede van die Bank baie vergemaklik, het die Parlement tot hierdie artikels toegestem. Dit is immers die hoofdoelstelling van die Staat om geld so goedkoop moontlik aan boere beskikbaar te stel en hierdie konsessie wat aan die Bank gegee is, is een van die maniere waarmee hierdie doelstelling verwesenlik kan word. Bowendien is die boerestand tot nog toe politiek só belangrik dat die Staat teenoor hulle so tegemoetkomend moontlik optree.

(d) <u>Inspekteurs</u>

Dit is nodig dat altyd nagegaan word of die geld wat deur die Raad toegestaan is, behoorlik aangewend is, of word. Vir hierdie doel is die Raad gemagtig om van die personeel of ander persone as inspekteurs aan te stel. (Art. 71).

(i) <u>Plaas- en koöperasie-inspekteurs</u>: Die Bank wil gedurig in persoonlike kontak bly met sy skuldenare en die koöperasies wat hy finansier. Die Raad staan jaarliks miljoene ponde toe en dit is noodsaaklik dat 'n mate van beheer uitgeoefen

/moet .......43

moet word oor die geld wat vir byna al die vertakkings van die boerderybedryf in die Unie toegestaan word. Dit kan slegs gedoen word deur periodieke inspeksies deur die Bank se plaas- en koöperasie-inspekteurs. Sommige koöperasies handhaaf so 'n hoë mate van doeltreffendheid dat die inspeksies by hulle in hoofsaak is om die goeie onderlinge verstandhouding in stand te hou. Ander koöperasies weer word meer dikwels besoek. Volgens die hoofbestuurder vind die Bank dat hierdie inspeksies deur die direkteure van al die koöperasies verwelkom word as een van die middels waardeur leiding verkry kan word asook inligting aangaande enige afwyking of ongewenste praktyk waarvoor die bestuur of personeel wetend of onwetend verantwoordelik is. Dit is 'n voorwaarde van elke lening wat aan 'n koöperasie toegestaan word dat die Bank vergaderings van die direkteure of komitees mag laat bywoon. Hierdie vergaderings word soms bygewoon as daar 'n spesiale rede daarvoor is en dan slegs by 'n spesiale geleentheid of op versoek van die koöperasie waar leiding of inligting van die Bank verlang word en nie net "waar daar gevaar bestaan van wanpraktyke of ongesonde ekonomiese toestande en die Bank dus homself wil vergewis van die veiligheid van sy beleggings nie"(24) Volgens inligting wat van die hoofbestuurder verkry is, het die bywoning van die direkteursvergaderings namens die Bank geblyk 'n doeltreffende metode te wees om in voeling met die

/koöperasie .....44

(24) F.J.J. Coetzee: Landboukoöperasie in S.A. met besondere verwysing na die finansiering, p.76.

koöperasie te bly en om beheer uit te oefen. Hy sê ook dat die Bank dit altyd in gedagte hou dat hy slegs die koöperasie finansier en nie sake vir hom doen of bestuur nie.

Individuele boere verwelkom altyd die Bank se plaasinspekteurs en die boere is geregtig om hulle suksesse, node en behoeftes met die inspekteurs te bespreek.[25] Hierdie houding van die boere word volgens die hoofbestuurder deur die Bank hoog op prys gestel.

(ii) Takkantoor-Inspekteurs: Ten einde sorg te dra dat die werksaamhede in al sy takkantore vlot verloop en dieselfde beleid oor die Unie toegepas word, maak die Raad ook gebruik van 'n interne inspeksiepersoneel.

4. TAKKE EN AGENTE VAN DIE BANK

(a) Takkantore

Dit is die beleid van die Bank om altyd in noue kontak met sy kliënte te verkeer en daardeur ook beter in staat te wees om die kontrole uit te oefen wat vir gesonde besigheidsadministrasie nodig is.[26] Om hierdie doel te verwesenlik, het die Bank, behalwe sy hoofkantoor op Pretoria en sy stelsel van inspeksies, tot dusver 18 takkantore geopen, en wel op Pretoria, Potchefstroom, Ermelo, Nylstroom, Pietersburg, Nelspruit, Rustenburg, Lichtenburg, Kroonstad, Bloemfontein, Bethlehem, Pietermaritzburg, Cradock, Beaufortwes, Vryburg, Upington, Port Elizabeth en Kaapstad. Aan die hoof van elke tak is 'n bestuurder, en rekenmeester, terwyl sommige takkantore ook onderbestuurders en onderreken-

/meesters.....45

---

(25) Inligting verkry van die hoofbestuurder van die Landbank.
(26) Jaarverslag, 1939, p.6.

meesters het.

Tydens die uitvoering van die Landboukredietwet het die Bank 'n redelike groot aantal meer takkantore op verskillende dorpe in die Unie gehad.

(b) Landbank van Suidwes-Afrika

Toe Suidwes-Afrika 'n mandaatgebied van die Unie geword het, het die Administrateur deur proklamasie nr. 56 van 1920 die "Landwirtschaftsbank für Deutsch-Südwestafrika" in likwidasie geplaas en die hoofbestuurder van die Landbank as likwidateur aangestel. Terselfdertyd is die werking van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika soos vanaf 1/1/1921 na Suidwes-Afrika uitgebrei. Die kapitaal van die Suidwes-Afrika-bank het toe tweehonderd-en-tweeduisend pond bedra en dit is oorgeneem. Die Landbank van Suidwes-Afrika sou as 'n integrale deel van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika geadministreer word. Die kapitaal van die Bank sou deur die administrasie van die protektoraat voorsien word.

Die eerste vergadering van die plaaslike Landbankraad is op 29.1.1921 gehou.

Die beheer van hierdie Bank vanuit Pretoria het egter sekere moeilikhede opgelewer. Die afstand is groot en die pos was nie altyd gereeld nie. Verder het daarby nog gekom dat die toestande in Suidwes-Afrika baie van dié van die Unie verskil het. Die grootste struikelblok was blykbaar die vraagstuk van finansiering. Die Administrateur van Suidwes-Afrika het tereg gevoel dat hy seggenskap daaroor moet kan uitoefen as dit deur hom tot beskikking van die Bank geplaas word.

Op 1.4.1922 is die Suidwes-Afrika-Landbank, na raadpleging van die Landbankraad deur die Staat onder die kontrole van die Administrateur geplaas.

(c) Agente en Verteenwoordigers buite die Unie

Die Raad kan, onderworpe aan die goedkeuring van die Minister van Finansies, agente en verteenwoordigers van die Bank buite die Unie aanstel.(Art. 18).

Ten einde uitvoering aan die wense en begeertes van produsente en koöperatiewe organisasies te gee, is daar gedurende 1925 'n takkantoor in Londen geopen. Dit is gedoen om die finansiering van die steeds groeiende uitvoerhandel te vergemaklik. Ongelukkig het die Bank nie die verwagte ondersteuning ontvang nie en het hierdie kantoor gereeld 'n verlies getoon. Nadat al die belanghebbende koöperatiewe organisasies vir hulle menings genader is, het die Raad besluit om die takkantoor op 30/6/34 te sluit.(27)

(d) Plaaslike Rade en Adviseurs

Voor die totstandkoming van die Unie-Landbank het elkeen van die drie provinsiale Landbanke hulle eie rade gehad. Aangesien 'n sentrale Raad in Pretoria nie aan die begin oor voldoende inligting in verband met boerderyomstandighede en grondwaardes in die verskillende provinsies sou beskik nie, is dit nodig gevind om die Goewerneur-generaal die mag te gee om van tyd tot tyd sulke persone as wat hy nodig mag vind, as lede van die provinsiale Rade aan te stel. Hierdie Rade het bestaan uit drie lede elk. Die aanstelling van lewe was vir twee jaar en die Goewerneur-generaal het self die voorsitter aangewys. Hulle het oor geen uitvoerende magte beskik nie en kon die sentrale Raad slegs in alle sake wat na hul verwys was, van advies dien.

Van die lede van hierdie rade was ook, net soos in die geval van die lede van die sentrale Raad,

/geen ......47

(27) 1934 - Jaarverslag, p.6.

geen spesiale kwalifikasies vereis nie.

As gevolg van die koste en moeilikhede daaraan verbonde om die lede van die plaaslike rade dikwels byeen te kry, is dit gevoel dat, alhoewel die plaaslike rade vir baie jare waardevolle dienste gelewer het, die besigheid van die Bank tog onnodig vertraag word.

Kragtens artikel 2 van Wet 18 van 1942 is met die plaaslike rade weggedoen en in die plek daarvan is voorsiening vir die aanstelling van adviseurs gemaak.

Hierdie adviseurs was maklik beskikbaar en sodoende kon enige grond vir klagtes van vertraging gouer uit die weg geruim word. Die koste sou ook soveel minder wees. Van die lede van die plaaslike rade is toe as adviseurs aangestel.(28) Geen spesiale kwalifikasies is ook van hulle vereis nie.

Na 'n proefneming van twee jaar is egter bevind dat die voordele wat die Bank gehoop het om met die aanstelling van adviseurs te verkry nie ten volle verwesenlik is nie. "Die wye ondervinding wat die Raad oor die jare in verband met boerderytoestande oor die Unie opgedoen het, saam met die verslae van bestuurders, waardeerders, Landdroste en die Bank se eie plaasinspekteurs tot sy beskikking, het dit vir die Raad moontlik gemaak om applikasies sonder die advies van die Adviseurs te behandel. Die Minister van Finansies het gevolglik besluit om die Adviseurs nie meer ná die 30ste. September 1944 aan te stel nie."(29)

/(e) ...........48.

(28) 1942 - Jaarverslag, p.2.
(29) 1944 - Jaarverslag, p.1.

(e) Staatsdepartemente

Ten einde die administrasiekoste van die Bank so laag moontlik te hou, het die Staat bepaal dat verskeie Staatsdepartemente en sekere Staatsbeamptes kosteloos met die administrasie behulpsaam moet wees. Die beamptes en Staatsdepartemente is o.a. die volgende:

(i) Landdroste. Aansoeke om verbandlenings aan individuele boere moet aan die landdros van die distrik waarin die grootste gedeelte van die sekuriteit geleë is, gestuur word. Die landdros moet dan die waardeerder aanstel om die eiendom te waardeer.

Op ontvangs van die waardeerdersverslag en na sodanige ondersoek as wat hy nodig ag, moet die landdros die aansoek tesame met 'n verslag oor die waarde van die sekuriteit, die karakter, bekwaamheid, beroep en algemene geskiktheid van die applikant asook die raadsaamheid al dan nie van die verlangde voorskot, aan die Bank verstrek. (Art. 23 (2)(3) en (4)).

Verder moet die landdros ook op versoek van die Bank, sonder addisionele vergoeding, oor elke geval wat na hom verwys word, verslag doen. Hy moet ook in die algemeen as agent van die Bank optree. (Art. 70(3)).

Slegs in die plekke waar die Bank takkantore het, word nie van die landdroste gebruik gemaak nie. Van al die ander landdroste word gereeld gebruik gemaak. Elke jaar word met waardering in die Landbankjaarverslae van hierdie dienste melding gemaak.

/(ii) .........49.

(ii) <u>Polisiebeamptes, Posmeester-generaal en elke amptenaar wat onder hulle val</u>

Net soos die landdroste moet elke polisiebeampte en die poskantoorbeamptes, sonder addisionele vergoeding, verslag doen oor elke saak wat na hulle verwys word. Hulle moet ook in die algemeen as agente van die Bank optree. (Art. 70(3)). Die Bank maak jaarliks in sy verslae melding van die waardevolle dienste wat deur hierdie beamptes gelewer word.

(iii) <u>Kantore van die Weesheer, die Landmeter-generaal en die Registrateur van Aktes</u>

Die dokumente in hierdie kantore word vry van opsporings- of inspeksiegelde tot die beskikking van die Bank geplaas. Die Bank betaal ook geen seëlreg of herereg ten opsigte van oordrag van eiendom aan hom. Dit word verneem dat hierdie beamptes ook die Bank se beamptes alle moontlike bystand verleen.

(iv) <u>Departemente van Landbou</u> : Die spesifikasies van die dipbakke, omheinings en voerkuile wat uit Landbankfondse opgerig word, moet vooraf deur die Departement van Landbou-tegniese Dienste goedgekeur word. (Art. 29(1)).

Verder kan die Minister van Landbou-ekonomie en Bemarking die terugbetaling aan die Bank van enige lening waarborg wat deur die Bank, met daardie Minister se toestemming aan 'n Koöperatiewe Vereniging of Maatskappy of aan 'n Beheerraad toegestaan is. (Art. 64).

(v) <u>Departement van Lande</u>: As gevolg van die feit dat die Bank ook gemagtig is om lenings oor eiendomme wat onder huurkontrakte met die Departement van Lande gehou is, toe te staan, is daar, met

die oog op die administrasie, samewerking met hierdie Departement. Die Minister moet ook in sekere gevalle toestemming tot vervreemding gee.

(vi) Kantoor tot Invordering van Staatsvoorskotte

Met die oog op die uitgebreide magte van die Boerebystandsraad en die feit dat die voorsitter van die Landbankraad ook voorsitter van die Boerebystandsraad is, is daar vanselfsprekend betreklik noue samewerking met hierdie Departement.

(vii) Departement van Finansies

Aangesien die Minister van Finansies ook die Minister van die Landbank is, is daar 'n noue samewerking met hierdie Departement. Parlementêre toekennings aan die Landbank word in samewerking met hierdie Departement gereël.

(f) Plaaslike belastingheffende owerhede

Die Raad het gratis toegang tot die waarderingslyste van plaaslike owerhede en die beamptes van sulke owerhede is ook verplig om besonderhede op aanvraag gratis te verskaf. (Art. 70(4)).

(g) Waardeerders

Ten einde lenings so goedkoop moontlik aan boere beskikbaar te stel, moet die Raad van tyd tot tyd in elke distrik 'n redelike aantal geskikte persone as waardeerders aanstel, om eiendomme vir die Bank te inspekteer en te waardeer. Sulke persone kan na goeddunke deur die Raad ontslaan word. (Art. 70(1)). Dit is nou die beleid van die Bank om slegs vooraanstaande voltydse boerende boere as waardeerders aan te stel. In die verlede het die Bank nie net voltyds boerende boere aangestel nie, maar is persone wat ander beroepe beoefen het, ook as waardeerders aangestel. Onder die waardeerders was tot onlangs ook

/parlementslede.....51

parlementslede, provinsiale raadslede, prokureurs, agente en dies meer gevind.

Die waardeerders word op sulke plekke in die verskillende distrikte aangestel dat dit slegs nodig is om die minimum afstand na eiendomme wat as sekuriteit aangebied word, te ry. Hierdeur kan, sonder veel ongerief van 'n ander waardeerder gebruik gemaak word as die naaste waardeerder weens omstandighede miskien nie beskikbaar is nie. Landbankwaardeerders mag tans ook vir boedeldoeleindes plase waardeer.

/Samevatting .......52

## 5. SAMEVATTING

Die onderstaande skets gee 'n beknopte oorsig van die bestuur en organisasie van die Landbank.

### 1. Die bestuur

**Landbankraad**

Voorsitter en ses lede wat nie lede van die Senaat, Volksraad of Provinsiale Raad mag wees nie. Word deur die Goewerneur-generaal aangestel en name moet aan Parlement voorgelê word. Die waarnemende voorsitter word, in afwesigheid van die voorsitter, deur die Raad aangewys.

In agnemende die jonger semi-staatsinstellings soos Sasol en Foskor waar die Minister die raadslede aanstel, kom dit vreemd voor dat hierdie magte deur die Goewerneur-generaal en Parlement voorbehou is. Geen spesiale kwalifikasies word van Landbank-raadslede vereis nie terwyl dit by K.O.P.; N.O.K. en Eskom wel die geval is. Dit hou egter seker verband met die politieke implikasies van die boerestem wat nog altyd van groot belang is.

→ Plaaslike rade en adviseurs
Reeds mee weggedoen.

### 2. Die administrasie

**Die besturende direkteur** ↓ **Die hoofbestuurder** — Deur die Goewerneur-generaal aangestel. Met hierdie poste is heelwat geëksperimenteer. Die Minister bepaal die pligte van elkeen.

↓

**Twee assistent hoofbestuurders** — Deur die Raad aangestel.

↓

**Hoofkantoor te Pretoria** — Afdelingshoofde. Personeel (Insluitende inspeksie-personeel).

(a) S.W.A. tak. Deur S.W.A. Landbank oorgeneem.

(b) Londen-tak. Reeds gesluit.

↓

**Agtien takkantore** met bestuurder in bevel van elke tak.

→ **Agente**
- Waardeerders.
- Landdroste
- Polisie
- Posmeester-generaal

→ **Staatsdepartemente en plaaslike owerhede.**
- Weesheer
- Landmeter-generaal
- Registrateur van Aktes
- Dept. Landbou-ekonomie & Bemarking
- Dept. Landbou-tegniese Dienste.
- Dept. van Lande.
- Kontroleur Inv. Staatsvoorskotte
- Kontroleur en Ouditeur-genl.
- Plaaslike besturende owerhede.

# HOOFSTUK IV.

## KAPITAALBRONNE VAN DIE BANK

Die kommissie van ondersoek in verband met die stigting van die Bank het onder andere die opdrag ontvang om ondersoek in te stel na watter kapitaal benodig is en hoe dit verkry moet word. Verder moes die kommissie ook ondersoek ingestel het of die Bank onder die kontrole van die Staat moes staan en of die fondse van die Bank deur die Staat gewaarborg moes word.

Staatsbemoeienis met die finansiering van bedrywe was nog iets heeltemal vreemds in Suid-Afrika, maar as gevolg van die noodtoestand was dit noodsaaklik dat drastiese stappe gedoen moes word. Soos reeds aangedui, was die Staat verplig om tot die finansiering van boerdery toe te tree, selfs al sou kompeterend met privaat persone en inrigtings opgetree moet word.

Aangesien daar destyds geen ander uitweg was nie, het die kommissie aanbeveel dat die fondse van die Bank deur die Staat voorsien en gewaarborg moes word. Daar is egter sterk op aangedring dat die Bank nie aan politieke beïnvloeding onderworpe moet wees nie en dat dit op suiwer besigheidsbeginsels bestuur moet word.

### I. AANVANGSKAPITAAL

Aan die Transvaalse Landbank is twee- en 'n halfmiljoen pond (later verminder tot tweemiljoen pond) bewillig en aan die leningsfondse van die Oranje-Vrystaat en Natal elk 'n halfmiljoen pond.(1) Daar is nie in die wette van die drie koloniale banke vir jaarlikse Parlementêre toekennings voorsiening gemaak nie.

/Die .......54

(1) Jaarverslae.

Die kommissie van ondersoek het ook voorgestel dat kapitaal vir die Bank opgeneem moet word deur middel van 'n Staatswaarborg net soos in die geval van die Australiese Landbank. Dit is gevoel dat die belastingbetaler nie risiko's kanloop nie en dat die Staat 'n waarborg moet gee, 'n waarborg waarop in alle waarskynlikheid nooit 'n beroep gedoen sou word nie. Verder sou die fondse ook vir ekonomiese en produktiewe doeleindes aangewend word, sodat die hele gemeenskap die voordeel daarvan sou trek. Hierdie bepaling is egter nie in die wette van die koloniale Landbanke of die Unie-Landbank opgeneem nie, maar daar is wel in die Wet van die Unie-Landbank (Wet 18 van 1912) vir Parlementêre toekennings voorsiening gemaak.

As gevolg van Unifikasie is die drie koloniale banke ontbind en in die Land- en Landboubank van Suid-Afrika opgeneem. Die fondse van die Bank het ten tye van die inwerkingtreding van hierdie Wet[2] uit die kapitaal van hierdie drie koloniale banke bestaan en is soos volg opgemaak:

| | | |
|---|---|---|
| Transvaalse Landbank ............. | | £2,095,536. 5. 8. |
| Oranje-Vrystaat-Leningsfonds ........ | £505,175. 9. 7. | |
| Minus verminderde bedrag waarteen bewyse oorgeneem is ......... | £ 3,560. 3. 1. | |
| | | £ 501,615. 6. 6. |
| Natalse Leningsfonds ............... | | £ 241,610.15.11. |
| | | £2,838,762. 8. 1.[3] |

2. WETLIKE BEPALINGS VIR DIE UNIE-LANDBANK

Die bedrae wat aan die verskillende koloniale

/banke.........55.

(2) Wet 18 van 1912.

(3) (a) Jaarverslae van die drie koloniale Landbanke vir die tydperke 1.4.1912 tot 30/9/1912.
(b) 1915-Jaarverslag, p.11.

banke toegeken is, was nie voldoende vir die voorsiening van die noodsaaklikste behoeftes van die boere nie en die Rade van dié banke moes van die begin reeds beperkings plaas op die doeleindes waarvoor lenings toegestaan sou word.

Die Raad van die Unie-Landbank is nou bevoeg om, behalwe toekennings wat die Parlement van tyd tot tyd as deel van die fondse van die bank mag maak, ook geld op te neem deur:

(i) Wissels van koöperatiewe verenigings of Maatskappye by ander banke te verdiskonteer;

(ii) oortrekkings by ander banke te verkry;

(iii) Landbankwissels en Landbankobligasies uit te gee;

(iv) Landbankobligasies deur hom uitgegee, te koop en te verkoop en

(v) op deposito geld aan te neem.(4)

(a) <u>Wissels</u>

Wissels van koöperatiewe verenigings en maatskappye word nie deur die Bank by ander banke verdiskonteer nie. Net so gee die Bank ook geen Landbankwissels uit nie, behalwe wissels aan die Reserwebank as sekuriteit vir die oortrokke rekenings wat die Bank by die Reserwebank kry, en Landbankobligasies wat later behandel word. Die Landbankwet bepaal dat die Raad sekere regulasies in verband met wissels mag maak, maar sulke regulasies is nie geldig voordat dit deur die Minister van Finansies goedgekeur en in die Staatskoerant gepubliseer is nie. Wissels wat deur pakhuiskwitansies verseker is, mag deur die Bank verdiskonteer word. (Artikels 21(d) en 45)). Die Bank doen dit egter nie.

/(b) .........56.

(4) Art. 20 van Wet 13 van 1944 soos gewysig.

(b) Oortrokke Rekenings

Die Landbank maak vryelik gebruik van oortrekkings by ander banke. Aangesien die Bank met die oog op die finansiering van koöperasies miljoene ponde vir kort tydperke nodig het, word dit geriefliker gevind om hierdie fondse op oortrokke rekening van die Reserwe- en handelsbanke te kry. Afbetalings wat op sulke koöperatiewe lenings gemaak word, kan dan direk in vermindering van die oortrokke rekenings betaal word en dus hoef die Bank nie groot bedrae renteloos met die oog op toekomstige moontlike groot opvragings tot krediet te hou nie. Die Bank kry vir die finansiering van koöperasies voldoende fondse van die Reserwe- en handelsbanke en dit is nie nodig om hiervoor ander middele aan te wend nie. Op 31/12/1956 het die oortrokke rekenings 'n som van £49,751,892.17. 8. bedra.[5] Hiervan is twintigmiljoen van die Reserwebank gekry en die res van die handelsbanke.

(c) Deposito's

Dit is nie die beleid van die Bank om vryelik van die publiek geld op deposito aan te neem nie. In die verlede het die Bank al geld van sy skuldenare en ander beleggers op deposito aangeneem, maar sulke deposito's mag in die geval van individuele skuldenaars nie die saldo wat aan die Bank verskuldig is, oorskry het nie. Die rede hiervoor is dat die Bank nie in hierdie opsig kompeterend

/met .........57.

(5) Kontroleur- en Ouditeur-generaal se verslag, 1956/57, p.693.

met die ander banke wil optree nie. Sulke deposito's is te enigertyd opvraagbaar en as groot bedrae op deposito aangeneem en weer opgevra word, mag dit die Bank in 'n moeilike posisie plaas. Die Raad het dus besluit om nie vryelik van hierdie magtiging gebruik te maak nie. Die Bank hou egter nog bedrae van boere, sekere koöperasies, beheerrade en ander soortgelyke rade op deposito.[6] (Sommige van dié koöperasies is, na verneem word, egter nie skuldenare van die Bank nie).

(d) Parlementêre bewilligings

(i) Onvoldoende bewilligings en kapitaalterugbetalings aan die Staat

Dit is opvallend hoe die Raad dikwels moes kla dat hy met 'n parlementêre bewilliging van soveel en soveel pond dit uiters moeilik vind om in die noodsaaklike behoeftes van die boer (vir langtermynlenings) te voorsien. Dikwels was dit dan ook vir die Raad nodig om die Tesourie te nader met die oog op bykomende fondse.

Byna die enigste uitsondering op die reël was gedurende die afgelope oorlogsjare toe die Bank nie van die 1941-1945 toekennings van eenmiljoen tweehonderdduisend pond gebruik gemaak het nie en boonop besluit het om kapitaalterugbetalings van viermiljoen tweehonderd en vyftigduisend pond[7] aan die Staat te doen. Op hierdie wyse moes die Bank 'n bedrag van vyfmiljoen vierhonderd en vyftig-

/duisend pond....58

(6) Kontroleur- en Ouditeur-generaal se verslag, 1956/57, p.693.
(7) 1946 - Jaarverslag, par.75.

duisend pond prys gee.

As rede vir hierdie terugbetalings het die Raad gemeld:

"Hierdie skulddelging aan die Tesourie is genoodsaak omrede die kapitaalbetalings deur skuldenare in die jare 1941 tot 1945 die aanvraag deur boere vir verband- en ander langtermynlenings ver oorskry het, en die Raad kon nie onbelegde kapitaalfondse behou nie waarop rente aan die Regering betaalbaar was."[8]

Dit is egter opmerklik dat hierdie terugbetalings gedoen is, nieteenstaande die feit dat die Raad toe nog gedurig beperkings op lenings geplaas het en daar van 1940 af tot 1944 respektiewelik 20.4%, 22.7%, 20.2%, 13.8% en 17.7% minder toegestaan is as die oorspronklike bedrag waarvoor individuele boere om verbandlenings aansoek gedoen het.[9] Die toestaan van hierdie laer persentasie moet blykbaar toegeskryf word aan die feit dat óf aansoek gedoen is om doeleindes waarvoor die Raad nie lenings toegestaan het nie, óf omdat soveel minder as die aangevraagde bedrae toegestaan is, óf die applikante aansoek gedoen het om bedrae hoër as wat die Bank bereid was om te oorweeg, óf omdat aansoek gedoen is deur persone aan wie die Raad nie lenings wou toestaan nie. Artikel 67(3) bepaal dat wanneer die reserwefonds, tesame met die kapitaal van die Bank, die som bedra wat volgens die Raad se oordeel voldoende

/is...........59.

(8) 1946-Jaarverslag, par.76.
(9) Ontleding van Jaarverslae.

is om die Bank in staat te stel om sy doeleindes ten volle[10] uit te voer, moet daar so vroeg moontlik na afloop van elke jaar aan die Minister so 'n bedrag as wat die Raad gelas, betaal word.

In sy 1940-verslag meld die Raad onder andere: "Met die opstelling van hierdie raming was die Raad van sienswyse dat ten einde die doel, wat deur die Parlement beoog is met die oprigting van die Bank, te bereik, die Bank in staat gestel moes word om onbelemmerd tot op 'n hoogte van £2,000[10] vir alle doeleindes wat deur die Landbankwet gemagtig is, bystand te kan verleen......"(par.53). "Vanaf September 1940 is die Raad derhalwe in staat om sonder voorbehoud voorskotte van hoogstens £2,500[10] vir alle doeleindes deur die Landbankwet beoog, toe te staan, behalwe[10] aan persone wat nie hul aandag uitsluitlik aan boerdery wy nie ..........."(par.56).

Gedurende Augustus 1941 is die eerste vyfhonderdduisend pond aan die Tesourie terugbetaal.[11] Tog het die Raad nog beperkings op die toestaan van lenings gehad. In Oktober 1941 is die beperkings versag sodat 'n maksimum van vyfduisend pond aan 'n individuele boer uitgeleen kon word.[12]

Die laaste kapitaalterugbetaling van sewehonderd-en-vyftigduisend pond aan die

/Tesourie .....60.

---

(10) Al die onderstrepings van skrywer.
(11) 1941-Jaarverslag, paragraaf 71.
(12) 1941-Jaarverslag, par. 72.

Tesourie is gedurende 1946 gemaak en in die 1946-verslag meld die Raad:

"Om die Bank in staat te stel sy doelstelling normaal uit te voer, het die Raad tot die besluit gekom, na sorgvuldige oorsig van die posisie en veral gesien die groot kapitaalterugbetalings aan Tesourie sedert 1941 van £4,250,000 in geheel, dat hy 'n toekenning van minstens £900,000 in die nuwe boekjaar nodig sal hê, en dan alleen as nie meer as die bestaande maksimum van £5,000 aan een boer voorgeskiet word nie."[13]

(Slegs £250,000 is egter toegeken).

Die vraag bly dus of die reserwefonds tesame met die kapitaal van die Bank werklik 'n som bedra het wat voldoende kon wees "om die Bank in staat te stel om sy doeleindes ten volle uit te voer,"[14] siende dat daar toe nog beperkings op die toestaan van lenings deur die Raad gelê is.

Sover uitgevind kon word, is enige saldo in die reserwefonds van die Bank ook nie destyds in "Staats- of munisipale effekte of obligasies belê nie",[15] om sodoende die "oortollige" fondse likied te hou.

(ii) Gevolge van die spesiale kapitaalterugbetalings

In sy verslag vir die jaar geëindig

/31 Desember .....61

---

(13) 1946-Jaarverslag, par. 82. Onderstreping van skrywer.
(14) Onderstreping van skrywer.
(15) Art. 67(2) van Wet 13 van 1944.

31 Desember 1948 het die Raad soos volg gerapporteer:

"Daar is in die vorige verslag gemeld dat die Raad verwag het lenings normaalweg te kan toestaan met 'n toekenning deur Parlement van £500,000. Die verhoogde aanvraag om voorskotte gedurende die eerste nege maande van die jaar onder oënskou het die Raad verplig om later 'n verhoogde toekenning van £900,000 aan te vra. Ongelukkig was die Parlement in staat om slegs £250,000 toe te staan en dit het die Raad genoodsaak om lenings in te kort ........"(16)

Die 1949-verslag meld onder andere:

"In sy verslag oor die jaar 1948 het die Raad melding gemaak van die beperkings wat hy noodgedwonge vanaf 1 Oktober 1948 moes oplê in verband met nuwe voorskotte.... Soos daar verwag is, het die aanvraag om langtermynfondse sterk voortgeduur en aangesien die werklike toekenning slegs £600,000 (in plaas van die aangevraagde £1,250,000 -(Skrywer)) was, was die Raad verplig om in die afgelope jaar die beperkings op voorskotte eerder te verskerp as om dié te verslap..... ......"(par. 32).

Die 1950 verslag meld:

"Om die voortdurende sterk aanvraag om lenings van dringende aard sedert 1948 te bevredig, moes die Raad fondse van 'n <u>tydelike aard</u>(17) elders opneem en vir terugbetaling hiervan moet in 1951 voorsiening gemaak word. Die

/bewilliging .......62

---

(17) Kursivering deur skrywer.

(16) 1948 Jaarverslag, par. 57 - 58.

bewilliging van 'n kleiner bedrag as waarvoor aansoek gedoen word, sal dus stremmend wees wat die toestaan van nuwe langtermynlenings betref." (par. 56).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die terugbetaling van so 'n groot bedrag aan die Tesourie asook die onvoldoende Parlementêre toekennings die Bank so gestrem het dat dit "in wese deur die jare 'n noodinstelling geword het, wat ondanks die gedagte wat agter sy stigting geskuil het, bloot weens 'n gebrek aan voldoende fondse tevrede moes wees om 'n ondergeskikte rol in die finansiering van landbou te speel."(18)

Boere was dikwels noodgedwonge verplig om by privaat persone en ander finansieringsinstellings om hulp aan te klop en sodanige krediet het in 'n groot mate nie aan die vereistes vir die finansiering van boerdery voldoen nie. "Dit het dan ook aanleiding gegee tot 'n toestand van onbestendigheid by die finansiering van landbou" en die Staat moes dikwels "buitengewone stappe doen om boere uit die verleentheid te help."(19)

Die Landbank wat, volgens algemene mening tydens sy stigting, vry van politieke invloede moes staan, was dus nog altyd gebonde aan en afhanklik van die beleid en finansiële posisie van die regerende party. Die bepalende faktor was nie die kredietbehoeftes van die boer nie, maar wel die beleid en simpatie van

/die .........63

(18) & (19) 1959 Jaarverslag, p.5.

die Regering.[20] Die Bank kon nie naastenby aan die kredietbehoeftes voldoen het nie, "trouens, oudergewoonte was die Raad (altyd) verplig om sy finansiering aan allerlei beperkings te onderwerp."[21]

As gevolg van 'n reeks misoeste en plaaslike rampe het dit egter al duideliker geword dat buitengewone maatreëls getref moes word om die Bank beter in staat te stel om aan die kredietbehoeftes van die boer te voldoen. Deur Wet 47 van 1959 is die Bank toegelaat om Landbankobligasies uit te gee.

(e) Landbankobligasies.

Reeds in 1912 het Roper[22] voorgestel dat die Bank sy eie fondse deur die uitgifte van Landbankobligasies of skuldbriewe moet verkry. Hierdie voorstel is daarna dikwels deur ander skrywers herhaal.[23]

In 1934 het die kommissie wat ondersoek moes instel na Koöperasie- en Landboukrediet[24] ook aanbeveel dat die Landbank die reg gegee moet word om sy fondse van die publiek by wyse van plaasverband-pandbriewe te verkry.

In sy Memorandum van 1944 het die Raad egter ernstige besware hierteen geopper. Hierdie besware het kortliks op die volgende neergekom:

(a) Dit is twyfelagtig of die Bank altyd in staat sal wees om sulke fondse te bekom en selfs al sou dit gebeur, sal die rente-

/koers......64

(20) Schumann: Die Kredietmark in Suid-Afrika, p.276.
(21) 1959-Jaarverslag, p.5.
(22) Roper: Land Banks for South Africa, p.67.
(23) (a) Ross: Landbankkrediet, p.162.
(b) Schumann: Die Kredietmark in Suid-Africa, p.276.
(24) U.G.16-'34, p.205.

koers so hoog wees dat dit nie tot voordeel van die boer sal wees nie. Die Bank sal nêrens geld teen so 'n lae rentekoers kan opneem as wat die Staat dit kan voorsien nie.

(b) Die Bank sal moontlik op ongeleë tye verplig word om skuldbriewe of obligasies te vereffen.

(c) Gedurende tye wanneer geld moeilik bekombaar is, sal die Bank dit ook moeilik vind om fondse te kry, en dit is juis gedurende sodanige tydperke wanneer die boer die hulp die meeste nodig het.

(d) Die Bank kan oortrokke rekenings aangaan en selfs Landbankwissels uitreik en sodoende genoeg fondse vir korttermyndoeleindes kry. Hierdie skulde kan te enigertyd terugbetaal word en sal die Bank dus nie in 'n moeilike posisie plaas nie.

(e) Deur skuldbriewe uit te reik, sal die publiek deur sy skuldbriefhouers in die sake van die Bank kan inmeng en sodanige inmenging "kan die Bank in 'n groot mate verhinder om die Staat in die uitvoering van sy landboubeleid te help."[25]

Die Raad het dus sterk aanbeveel dat liewer met die teenswoordige stelsel voortgegaan moes word.

Sedertdien is daar deur boereorganisasies en ander instansies druk op die Bank uitgeoefen om in 'n groter mate finansiële hulp aan die boeregemeenskap

/te ..........65.

---

(25) Memorandum 1944, p.4.

te verstrek. Na die afgelope wêreldoorlog het die behoefte aan groter finansiële steun ook toegeneem. Dit het gedurende 1958, as gevolg van misoeste en plaaslike rampe, duidelik geword dat buitengewone maatreëls getref moes word om boere uit die finansiële verleentheid te help. Die Landbankwet is toe gedurende 1959 gewysig (26) om die Landbank die reg te gee om Landbank-obligasies uit te reik en dus op die ope mark fondse vir sy werksaamhede te vind.

Hiermee was die Bank so suksesvol dat sy eerste lening van vyftienmiljoen pond dadelik volskryf is. Met die tweede lening van tienmiljoen pond gedurende 1960 was die Bank egter nie so voorspoedig nie aangesien slegs ongeveer sesmiljoen pond gevind kon word. Hierdie lening was egter vir 'n langer termyn.

Die Bank is dus nou gemagtig om op dieselfde beginsel as die Amerikaanse, Australiese en ander oorsese Landbanke fondse op te neem en dit het nou ook gelyke status met ander semi-staatsinstellings verkry. Hierdie groter selfstandigheid en groter vryheid van optrede bring egter weer groter verantwoordelikhede mee, en hierdie groter verantwoordelikhede sal weer groter kontrole en beheer tot gevolg moet hê. Die Staat sal sy beheer oor die Landbank nie kan verslap nie, alhoewel die wyse van beheer moontlik gewysig kan word.

3. <u>VOORSKOTTE GEWAARBORG</u>

(a) <u>Deur die Minister van Landbou-ekonomie en Bemarking</u>.

Kragtens Artikel 64 van die Landbankwet kan die Minister van Landbou-ekonomie en Bemarking die terugbetaling aan die Bank waarborg vir enige

/lening ........66.

---

(26) Wet 47 van 1959.

lening wat deur die Bank met dié Minister se toestemming toegestaan mag word aan 'n koöperatiewe vereniging of maatskappy of áan 'n beheerraad wat kragtens die Bemarkingswet ingestel is.

Soos aan die einde van 1956 het die Minister van Landbou 'n bedrag van £1,049,014. 15. 3. aldus gewaarborg.(27)

(b) <u>Deur die Minister van Lande</u>

Kragtens Artikel 58 van die Wet kan die Minister van Lande terugbetalings van voorskotte aan die Bank waarborg as dit voorskotte toestaan aan kroongrondhuurders of aan koöperatiewe verenigings/maatskappye wat hoofsaaklik uit houers van sulke grond bestaan. Soos aan die einde van 1956 was 'n bedrag van £37,278. 15. 11. onder sulke waarborge uitstaande.(28)

Daar moet egter op gelet word dat dié Ministers net die lenings aan die Bank waarborg en nie die opneming van fondse vir die finansiering van hierdie persone of liggame nie.

Die Ministers van Lande en van Landbou-ekonomie en Bemarking dra kragtens artikels 58 en 64 die risiko wat die Bank as 'n besigheidsinstelling self behoort te dra. Dit was blykbaar die bedoeling van die Staat om op hierdie wyse sorg te dra dat Kroongrondhuurders asook dié verenigings en maatskappye in 'n voldoende mate gehelp word.

4. <u>VOORSKOTTE DEUR DIE BANK NAMENS OF KRAGTENS WAARBORG VAN DIE STAAT</u>

Sedert 1953 administreer die Bank as agent van die Staat voorskotte aan nie-koöperatiewe liggame vir die oprigting van massaopbergingsfasiliteite uit fondse wat op die Leningbegrotingspos van die Departe-

/ment .......67

(27) & (28) 1956/57 K. & O.G. verslag, p.687.

ment van Landbou-ekonomie en Bemarking bewillig is.
Op 31.12.59 het die saldo onder hierdie pos seshonderd-en-twaalfduisend eenhonderd-en-ses pond beloop.(29) Dit word verneem dat die Bank ½% kommissie vir die administrasiekoste kry.

5. RESERVERING

Onder hierdie hoof verstaan ons openbare reservering waardeur die Landbank se reserwefonds bedoel word en geheime reservering waar die Bank sy kapitaalsterkte wegsteek deur byvoorbeeld bankgeboue teen een pond(30) te waardeer.

Op 31.12.59. het die reserwefonds van die Bank £7,562,545 bedra wat 'n vermeerdering van £696,189 op die vorige jaar was.(31) Tabel VIII toon die netto winste oor die afgelope twaalf jaar.

TABEL VIII

Netto winste sedert 1948(32)

| | |
|---|---|
| 1948 | ................£223,238 |
| 1949 | ................£242,507 |
| 1950 | ................£276,419 |
| 1951 | ................£275,902 |
| 1952 | ................£303,778 |
| 1953 | ................£339,954 |
| 1954 | ................£347,284 |
| 1955 | ................£667,188 |
| 1956 | ................£694,812 |
| 1957 | ................£745,916 |
| 1958 | ................£756,441 |
| 1959 | ................£691,848 |

Dit het nie altyd so voor die wind gegaan dat daar elke jaar profyte na die reserwefonds oorgeplaas kon word nie. Afskrywing teen die reserwefonds moes ook al gedoen word.

As gevolg van te hoë voorskotte op die 1920/21 mielieoes, wat 13,347,237 sak was, moes die Bank 'n bedrag van £257, 251. 6. 7. teen sy reserwefonds afskryf.

/Van ........68.

(30) 1959-Jaarverslag, p.41.
(31) 1959-Jaarverslag, p.42.
(32) Jaarverslae.
(29) 1959-Jaarverslag, p.41

Van die twee-en-twintig koöperasies wat hierby betrokke was, het agttien gelikwideer terwyl vier daarvan nog staande kon bly.

Toe sekere ander koöperasies ook nie hulle verpligtings kon nakom nie, was die Bank ook verplig om £7,366. 6. 1. teen sy reserwefonds af te skryf.

Die mislukking van die Landboukredietwet nr. 40 van 1926 was 'n verdere gevoelige slag vir die Landbank se reserwefonds. In die jare 1932 tot en met 1936 is 'n totale bedrag van £29,713. 6. 9. (33). teen die reserwefonds van die Bank afgeskryf. Van die landboukredietverenigings kon twee-en-dertig nie hulle verpligtings nakom nie terwyl nege koöperatiewe veeverenigings ook ten onder gegaan het.

As daar in gedagte gehou word dat die reserwefonds rentevrye kapitaalfondse van die Bank is, kan dit verstaan word dat dit jaarliks 'n redelike bydrae aan rente vir die Bank lewer. Die rente op hierdie fondse is egter nie voldoende om die rentekoers te verlaag nie, maar dit dra daartoe by om die rentekoers so laag moontlik te hou, en sodoende die doel van die Staat met die stigting van die Landbank te help bevorder.

Die Raad mag toekennings doen aan landbouunies en dergelike organisasies van boere, wat, volgens 'n sertifikaat van die Minister van Landbou en Bosbou, ten volle verteenwoordigend is van die boeregemeenskap in een of ander gebied en wat gestig is vir die verkryging en verspreiding van inligting aangaande die beste manier om boerdery en landboukoöperasie in die algemeen te beoefen. (Artikels 21 en 47). Kragtens Wet 47 van 1959 word opvoedkundige inrigtings ook nou hierby ingesluit. Daar moet op gelet word dat

/die .........69

(33) Jaarverslae.

die Raad nie lenings aan sulke organisasies en inrigtings mag toestaan nie, maar slegs toekennings mag doen. Hierdie toekennings mag gedoen word uit enige netto wins. van die Bank voordat daardie wins, soos voorgeskryf, aan die reserwefonds gekrediteer word. Die voorwaardes waaronder hierdie toekennings gedoen word, berus by die Raad. Tot dusver was die Bank nog maar baie versigtig met die uitdeling van sulke toekennings. Gedurende die afgelope drie jaar is bedrae van vyfduisend pond per jaar toegeken.[34]

6. VERMINDERING VAN FONDSE VAN DIE LANDBANK

Toe die invordering van die skulde van die Landboukredietverenigings en die koöperatiewe veeverenigings in 1936 deur Wet 35 van 1936 aan die Kantoor tot Invordering van Staatsvoorskotte oorgedra is, is die fondse van die Bank met £430,297. 9.10. verminder, terwyl die Staat self 'n bedrag van £306,271.10. 4. afgeskryf het.[35]

7. RENTE OP FONDSE VAN DIE BANK BETAAL

Gedurende 1956 het die Bank die volgende rente op sy fondse betaal:

| | |
|---|---|
| Aan die Tesourie op die Bank se langtermynfondse teen 3½%, 4½% 4¾% en 4.7/8% per jaar ............ | £ 896,829. 3. 4. |
| Aan handelsbanke op oortrokke rekenings @ 4½% per jaar .......... | £ 926,566. 6. 9. |
| Aan Landbankbiljette @ 4½% per jaar (In die Landbankwet "Wissels" genoem) | £1,196,404. 1.11. |
| Aan Pensioenfonds @ 4½% per jaar ... | £ 46,682. 9. 4. |
| Aan deposito's en kredietsaldo's teen koerse wat van 3% tot 5½% per jaar wissel .................... | £ 321,328. 6. 0. |
| | £3,387,810. 7. 4.[36] |

/8. Samevatting ......70.

(34) & (35) Jaarverslae.
(36) Verslag van die Kontroleur- en Ouditeur-generaal, 1956/57.

## 8. SAMEVATTING

Uit die voorafgaande oorsig is dit duidelik dat die Bank stapsgewys sy kinderskoene ontgroei het. Tot 1958 was die Bank, net soos die Staatsdepartemente, vir sy langtermynfondse van die Parlement afhanklik. Hierdeur was die Bank, strydig met sy oorspronklike doelstellings, tog aan politieke wisselvallighede onderworpe. Die Bank kon ook nie 'n langtermynbeplanningsbeleid volg nie, terwyl dit vanselfsprekend in sy vryheid van optrede gekortwiek is.

Waar die Staat nou die Bank in die vermoë geplaas het om sy eie fondse te bekom, word dit vertrou dat dit in 'n steeds groter mate die geleentheid te baat sal neem om van 'n "noodinstelling" tot 'n werklik alomvattende kredietinstelling vir die boer en sy organisasies te ontwikkel. Boerdery het 'n ingewikkelde wetenskap geword en dit word verwag dat die Landbank gedurig ten volle op hoogte van sake sal bly en die nodige finansiële steun volgens verdienste sal kan verstrek, sodat dit binne afsienbare tyd 'n oorheersende plek in die toekenning van landboukrediet sal verower.

Dit is verblydend dat die Staat nou ook aan die Landbank die bevoegdheid verleen het om toekennings aan opvoedkundige inrigtings te doen. Toekennings ten bate van navorsing in verband met boerdery of die landbou mag nou ook gedoen word. Aan langgevoelde behoeftes kan nou voorsien word.

## HOOFSTUK V

## AAN WIE DIE LANDBANK LENINGS TOESTAAN

Die Landbank is deur die Staat in die lewe geroep met die hoofdoel om die boere na die plase terug te bring en om dié wat reeds op die plase is, finansieel tot hulp te kom.(1)

Tydens die indiening van die wetsontwerp van die Transvaalse Landbank het die koloniale sekretaris daarop gewys dat die landboubevolking in drie groepe verdeel kan word, nl. eerstens grondbesitters, tweedens nie-grondbesitters maar persone wat roerende goedere besit en wat dit as sekuriteit kan aanbied, en derdens persone wat nie vaste eiendom of roerende goedere besit nie en ook nie eens die reputasie besit dat hulle goeie landbouers sou wees nie. Slegs groepe een en twee sou deur die Landbank gehelp word.(2)

Om aan hierdie doelstelling gevolg te gee, is kragtens art. 21 van die Landbankwet bepaal dat dit die besigheid van die Bank is om aan boere geld voor te skiet, terwyl 'n boer volgens die inleidende bepalings van die Landbankwet beskryf word as iemand wat hom op boerdery in die Unie toelê, hetsy uitsluitlik of tesame met een of ander beroep, besigheid of bedryf.

Volgens Wet is dit dus duidelik dat omtrent enige persoon in die Unie 'n boer kan wees, en Landbanklenings mag gevolglik ook aan winkeliers, staatsamptenare, prokureurs, predikante ensovoorts, toegestaan word, mits hulle hul ook op boerdery toelê. Onderworpe aan dieselfde voorbehoud en volgens die bepalings van die Wet, kan lenings ook aan Bantoes, Kleurlinge en selfs Asiate toegestaan word.

/Alhoewel ...........72

(1) Debates of the First Session of the Legislative Assembly of the Transvaal, 1907: Toespraak van genl. Botha, kol.659.
(2) Transvaal Volksraad-debatte, 1907, kol. 598-599.

Alhoewel die Raad in die verlede soms al aan almal behalwe Asiate lenings toegestaan het, blyk dit uit die eerste jaarverslag van die Transvaalse Land- en Landboubank dat dit toe al die beleid van die Raad was om slegs aan applikante wat van boerdery vir 'n lewensbestaan afhanklik was, lenings toe te staan.(3) Die eerste verslag van die Land- en Landbouleningsfonds van die Vrystaat maak net melding van lenings aan die boeregemeenskap en dat dit nodig was om die lenings te beperk tot die applikante wat dit die meeste nodig het.(4)

Om 'n oorsig te kry van diegene aan wie die Bank lenings toestaan, word die hoofklasse van leners in die volgende kortliks omskryf:

1. Blanke mans

Hieronder word verstaan blanke mans wat een-en-twintig jaar oud en ouer is, en wat regtens bevoeg is om lenings aan te gaan. Boerdery word hoofsaaklik deur mans behartig, met die gevolg dat dit vanselfsprekend is dat die Bank die meeste lenings aan blanke mans toestaan. Tot 31 Desember 1959 het die Bank al 133,918 verbandlenings toegestaan(5) en by ver die grootste hoeveelheid hiervan was aan blanke mans. Daar bestaan ongelukkig nie statistieke om aan te toon watter hoeveelheid aansoeke van elke soort applikant ontvang is nie.

2. Blanke vrouens

Vrouens kan verdeel word in ongetroude, mondige vroue, weduwees en geskeie vroue asook vrouens wat buite en binne gemeenskap van goedere getroud is. Ongetroude

/mondige ......73

---

(3) Transvaal Land & Agricultural Bank Report for the period 1st Oct. 1907 to 30th June, 1908, p.5. & p.8.

(4) Land and Agricultural Loan Fund, Orange Free State, Report for the period ended 31st March, 1911, p.2.

(5) Opsomming van Jaarverslae.

mondige vrouens, weduwees en geskeie vrouens mag sonder die bystand van iemand anders aansoek om lenings doen, en daar is dan ook verskeie sulke vrouens wat skuldenare van die Landbank is. Dit is egter vir hierdie vrouens nodig om hulle besondere wetlike voorregte as borge regtens af te staan. In die geval van vrouens wat in gemeenskap van goedere getroud is, is die man gewoonlik regtens eienaar van die grond en moet hy dan aansoek om 'n lening doen. Dit gebeur egter dat die regte van die man deur 'n bemaking uitgesluit word en dan mag sodanige vrouens sonder die bystand van hul mans aansoek om lenings doen. Dit is egter die beleid van die Bank dat geen lening sonder die medewete van die man oorweeg word nie, tensy daar spesiale redes voor is, en dan moet die Raad van die Bank toestem dat van die beleid afgesien mag word. In die geval van vrouens wat volledig buite gemeenskap van goedere getroud is, is dit regtens nie nodig dat die man die vrou moet bystaan nie, maar nieteenstaande dit vereis die Raad van die Bank nogtans dat die vrouens deur hulle mans bygestaan moet word, selfs al sou die man insolvent wees. Die mans moet die applikasievorms teken asook al die ander dokumente. Slegs in uitsonderlike gevalle sal die Raad afstand van hierdie beleid doen. Die Raad gaan van die standpunt uit dat dit gewoonlik die man is wat die boerdery behartig en dat dit derhalwe nodig is dat hy van die skuld bewus moet wees en hom gebonde moet voel om die skuld te help delg. Waar dit tans die beleid van die Bank is om slegs aan voltyds boerende boere wat uitsluitlik van boerdery vir 'n lewensbestaan afhanklik is, lenings toe te staan, gebeur dit soms dat getroude vrouens aansoek om lenings doen terwyl hulle mans ander betrekkings het. Van

/hierdie .......74.

die vrouens boer voltyds en sê dat hulle van boerdery vir 'n lewensbestaan afhanklik is. Die Raad het egter in die verlede sulke aansoeke konsekwent geweier. Die Raad het in sy 1913-verslag al gesê dat 'n getroude man en vrou gemeenskaplike belange het en gevolglik nie as twee afsonderlike applikante beskou kan word nie.(6)

3. Minderjariges

Wanneer minderjariges lenings wil aangaan, is dit nodig dat hulle ouers of voogde dit namens hulle doen. Alvorens 'n verband geregistreer kan word, is dit egter nodig om óf die toestemming van die Weesheer of 'n bevel van die hof te kry. Die Bank vereis as 'n reël dat sodanige persone, ingeval hulle medeskuldenaars is, gesamentlik en afsonderlik verbind word.

4. Ongebore kinders

Plase word soms deur "kinders gebore of gebore te word" van 'n bepaalde persoon, as gevolg van testamentêre bemaking of andersins, verkry. Tensy in die testament of ander akte spesiaal magtiging gegee word dat die minderjariges, gebore of gebore te word, gesamentlik en afsonderlik verbind word, is slegs 'n gesamentlike verband toelaatbaar onder die gemene reg. Aangesien dit egter die beleid van die Raad is dat medeskuldenare gesamentlik en afsonderlik verbind word, is 'n bevel van die hof in sulke gevalle nodig. Soms mag daar egter uitsonderings wees. In testamente kan die bewoording van bemakings baie verskil en dus is daar verskillende sake om in aanmerking te neem. Hierdie uiteensetting van die posisie wat betref ongebore kinders is slegs in die breë gestel en elke saak word op eie meriete deur die Bank behandel.

/5. Boedels .........75.

(6) 1913-Jaarverslag, p.7.

5. Boedels

(a) Artikels 58 (1) en (2) en Artikel 61 van die Boedelwet

Die Raad is bereid om lenings teen sekuriteit van boedeleiendom te oorweeg, mits die titelbewyse kragtens een van die bogemelde artikels van die Boedelwet geëndosseer is, die boerdery in die opinie van die Raad bevredigend voortgesit word en daar testamentêre magtiging vir die beswaring is, of by gebrek daarvan, 'n bevel van die hof verkry word. Sodanige boedel moet natuurlik verteenwoordig word deur die eksekuteur of administrateur, soos die geval mag wees.

Ooreenkomstig Artikel 26(2) van die Landbankwet kan 'n lening toegestaan word aan die oorblywende eggenoot of 'n kind of erfgenaam van 'n oorlede skuldenaar, om die skulde aan die Bank te vereffen, selfs al sou sodanige skuld vier-vyfdes van die Raad se waardasie oorskry. Dit is 'n groot hulp aan sodanige erfgenaam en dit help om boedels gouer af te sluit. In die verlede was dit en dit is nog die Bank se beleid om lenings aan boedels nie aan te moedig nie op grond daarvan dat dit die eksekuteur se plig is om die boedel af te sluit. Die Bank verkies ook om liewer met 'n lewende skuldenaar te doen te hê as met 'n boedel. Lenings aan boedels is net om in spesiale omstandighede boere te hulp te kom.

(b) Boedels van swaksinniges en verkwisters

Hierdie boedels word gewoonlik deur 'n kurator bonis verteenwoordig. Die Bank is bereid om aansoeke van sodaniges te oorweeg. Dit is egter so selde dat sulke gevalle voorkom, dat nie verder hierop ingegaan word nie.

6. Firmas of vennootskappe

As 'n reël is die Bank nie bereid om verbandlenings aan 'n firma of vennootskap toe te staan nie,

/tensy........76.

tensy al die vennote boere is, almal Unieburgers is en ten minste een die eiendom voltyds bewoon en bewerk. Hierdie tipe verbandaansoek is egter ook so seldsaam dat nie verder daarop ingegaan word nie. Omheinings- en waterlenings aan firmas en vennootskappe sal deur die Bank oorweeg word.

7. Maatskappye

Die Bank staan in die reël nie verbandlenings aan ander as koöperatiewe maatskappye toe nie. Omheinings- en waterlenings sal egter oorweeg word, en in hierdie gevalle mag selfs die wettige verteenwoordiger van die eienaar (die maatskappy) aansoek doen.

8. Vreemdelinge

As gevolg van die feit dat so baie vreemdelinge na Suid-Afrika immigreer en 'n sekere hoeveelheid van hulle hul uitsluitlik aan boerdery wil wy, en inagnemende een van die oorspronklike doeleindes van die Bank, naamlik om immigrasie te bevorder,(7) is dit noodsaaklik dat die houding van die Landbank in soverre dit lenings aan sodanige persone betref, in oënskou geneem word. Dit is opvallend dat die Raad in sy verslag van 1913, p.7., tot die besluit gekom het dat slegs omheinings- en dipbaklenings aan vreemdelinge toegestaan sal word.

Oor die algemeen ken die Bank tans slegs lenings aan Unieburgers toe, maar dit is ook bereid om op meriete aansoeke van vreemdelinge van Europese afkoms te oorweeg. Die vreemdeling moet 'n persoon van goeie karakter wees, 'n geskikte tipe blyk te wees asook sodanig dat die Bank tevrede gestel word dat hy ernstig van voorneme is om hom permanent in die Unie van Suid-Afrika te vestig en dat ingeval hy nie in staat is om 'n naturalisasiesertifikaat te verkry nie, dit slegs weens tegniese redes is. Die Bank verlang onder andere ook opgawe van die volle naam

/van ...........77

(7) Debates of the First Session of the Legislative Assembly of the Transvaal, 1907: Toespraak genl. Botha, kol.653.

van sy eggenote, waar hy voorheen geboer het, watter ondervinding hy van boerdery het en wat sy nasionaliteit is. Hy sal ook moet meld hoe lank hy reeds in die Unie woonagtig is. As die Raad dan met die bona fides van die geval tevrede gestel is, word so 'n vreemdeling net soos 'n Unieburger behandel. Daar moet ook op gelet word dat Unieburgers wat lenings van die Bank gekry het, en daarna die Unie permanent verlaat, verplig word om hul lenings terug te betaal. Die Bank staan nie lenings toe aan persone wat permanent buite die Unie woon nie; selfs persone wat permanent in Suidwes-Afrika woonagtig is, word uitgesluit.

9. Nie-grondbesitters

Tydens die oorweging van die Transvaalse Landbankwet het die destydse Eerste Minister gesê dat jong boere wat nie grond van hul eie het om te bewerk nie en dit ook nie kan bekom nie, ook deur die Landbank gehelp sal kan word.(8) Die probleem was hoe om dit te bewerkstellig aangesien die veiligste sekuriteit nl. 'n verband op grond, in hierdie geval nie verskaf kan word nie. Hierdie hulp is dus op die volgende maniere verskaf.

(a) Deur koöperatiewe verenigings

Die Transvaalse Landbank het die nodige finansiële hulp verskaf aan nie-grondbesitters deur middel van koöperatiewe verenigings wat deur die boere gestig is en waarvan nie-grondbesitters ook lede mag wees. Hierdie nie-grondbesitters kon dan, as 't ware as gevolg van die "borgstelling" van die grondbesitters, ook lenings kry.(9) Die belangrike maatreël het in 1908 wet geword,(10) en reeds gedurende die eerste jaar is daar al tussen twintig en dertig

/verenigings......78

(8) Debates of the First Session of the Legislative Assembly of the Transvaal, 1907: Toespraak genl. Botha, p.652.

(9) Ibidem : Toespraak genl. J.C. Smuts, p.537.

(10) Wet 17 van 1908.

verenigings gestig, waarvan die meeste by die Bank aansoek om lenings gedoen het.(11) Hierdie prosedure om aan nie-grondbesitters lenings toe te staan, bestaan vandag nog, en die Landbank staan vir hierdie doel groot bedrae vir seisoensbehoeftes aan koöperasies toe. Wanneer lenings aan koöperasies later behandel word, sal meer besonderhede verstrek word.

(b) Teen bewyse

Die Land- en Landbouleningsfonds van die Vrystaat het weer voorsiening gemaak vir die toestaan van lenings aan nie-grondbesitters teen bewyse. Gedurende die eerste jaar het die Raad van daardie Bank 580 lenings vir 'n bedrag van £80,855. teen bewyse toegestaan.(12) Met die stigting van die Unie-Landbank is hierdie soort hulp nie weer beskikbaar gestel nie. Die Natalse Landbank het nie aan nie-grondbesitters lenings toegestaan nie.

(c) Deur die landboukredietwet

Met die aanname van die Landboukredietwet van 1926 (Wet Nr. 40 van 1926) is die eerste ernstige poging aangewend om boere, insluitende nie-grondbesitters, van kort- of tussentermynkrediet te voorsien. Hierdie poging van die Bank sal in Hoofstuk VI vollediger behandel word.

(d) Deur 'n hipoteek van roerende goed

Die Landbankraad mag kragtens Art.34(bis) op voorwaardes wat hy goed vind en by voltooiing van 'n hipoteekakte, aan 'n boer, insluitende 'n nie-grondbesitter, 'n voorskot verstrek op 'n hipoteek van roerende goed.

/Wanneer.........79

(11) Transvaal Landbank-Jaarverslag vir tydperk 1.7.1908 tot 30.6.1909, p.2.
(12) O.V.S. Landbank-Jaarverslag vir tydperk eindigende 31.3.1911, p.1.

Wanneer die verskillende soorte lenings later in Hoofstuk VI uiteengesit word, sal hierdie nuwe soort lening volledig behandel word.

10. Kleurlinge

Dit is noodsaaklik dat, met die oog op die groot aantal Kleurling- en ander nie-blanke boere, ook nagegaan word wat die beleid van die Raad ten opsigte van lenings aan hulle is. Eerstens sal nagegaan word wat die posisie van Kleurlingboere is. Die drie koloniale Landbanke het, sover vasgestel kan word, nie lenings aan Kleurlinge toegestaan nie. Dit moet miskien toegeskryf word aan die feit dat daar nie eintlik Kleurlingboere in dié betrokke kolonies was nie. Die Landbank van die Kaapkolonie het nooit in werking getree nie. In die geskrifte wat nagegaan is, is geen spesiale verwysing na Kleurlinge nie en gevolglik is dit moeilik om te sê wat die posisie in die Kaapkolonie sou gewees het as die wet in werking gestel was. Met die totstandkoming van die Unie-Landbank is slegs verwys na "boere", "die boeregemeenskap" en na "applikante", maar sover vasgestel is, is geen spesiale melding van nie-blankes gemaak nie.

Die Raad is tans bereid om aansoeke van Kleurlinge wat hulle aandag uitsluitlik aan boerdery in Suid-Afrika bestee, te oorweeg, en daar is verskeie Kleurlinge wat skuldenare van die Bank is. Aangesien geen afsonderlike statistieke van elke rassegroep gehou word nie, is dit egter nie moontlik om te sê wat die bedrag is wat deur Kleurlinge aan die Bank verskuldig is nie. Hierdie aansoeke is, na verneem word, hoofsaaklik net van 'n paar distrikte afkomstig en die bedrag sal seker nie te hoog wees nie. Kaskredietlenings, kragtens Artikel 34 van die Landbankwet, word egter nie deur die Raad aan nie-blankes toegestaan nie. Die Raad is egter

bereid om aansoeke om hipoteeklenings aan hulle te oorweeg.

11. Bantoes en Asiate

Tans staan die Bank geen lenings aan Bantoes en Asiate toe nie en sover verneem is, is nog geen lenings aan Asiate toegestaan nie. As gevolg van die depressie het die Bank kragtens die bepalings van Artikel 20 van die Finansiële Reëlingswet (Wet Nr. 29 van 1933), soos gewysig, verbandlenings tot selfs 100% van die Raad se waardasie van die sekuriteit aan Bantoes toegestaan. Hierdie lenings was hoofsaaklik toegestaan om verbande en skulde wat opgeroep is, te vereffen, sodat die Bantoes nie meer in gevaar gestaan het om hulle grond te verloor nie. Hierdie lenings is later deur die Boerebystandsraad oorgeneem. Dit is ongelukkig nie moontlik om te sê watter bedrag op hierdie manier aan die Bantoes toegestaan is nie. Die fondse vir hierdie lenings is deel van fondse wat spesiaal deur die Staat vir hierdie doel tot beskikking van die Bank geplaas is, en die Bank het die lenings namens die Staat geadministreer.

Kragtens Art. 22 van die Naturelletrust- en Grondwet Nr. 18 van 1936 kan 'n omheiningslening toegestaan word oor "enige grond buite 'n afgesonderde naturellegebied waarvan die dominium deur die Trust of deur 'n naturel van 'n ander persoon as 'n naturel verkry is." Die praktyk van die Bank is dat alle aansoeke deur Bantoes na die Departement van Bantoesake verwys word.

12. Munisipaliteite, kerke, afdelingsrade en dorpsbesture

As een van die bogemelde inrigtings die geregistreerde eienaar van die plaas is, sal die Bank omheinings- en waterlenings oorweeg mits dit tot voordeel van die boeregemeenskap is.

/13. Besproeiingsrade....81

13. Besproeiingsrade

Kragtens Artikel 94 van die Besproeiings- en Waterbewaringswet Nr. 8 van 1912 is besproeiingsrade bevoeg om lenings te sluit vir omheiningsdoeleindes, sonder raadpleging van die belastingsbetalers, mits die lening goedgekeur word tydens 'n vergadering van die Raad waarop minstens tweederdes van die Raadslede teenswoordig is. Die Bank is bereid om sulke aansoeke te oorweeg en as die Minister die funksies van die Raad oorneem (in terme van Artikel 126 van genoemde wet), sal die Bank 'n aansoek van sy verteenwoordiger oorweeg.

14. Landbouhoewe- of kleinhoewe-eienaars

Kragtens Artikel 25(c) van die Landbankwet mag die Raad verbandlenings oor grond wat groter as een morg is, toestaan. Vir omheiningslenings moet die grond minstens drie morge wees wat een blok vorm.(13) Die Raad is dus regtens bevoeg om lenings aan Landbouhoewe-eienaars toe te staan en dit is ook al in sekere gevalle gedoen.

Landbanklenings op kleinhoewes word verstrek waar 'n hoewe op sigself as 'n ekonomiese boerdery-eenheid beskou kan word. Die Raad moet oortuig wees dat so 'n boer en sy gesin op die hoewe 'n behoorlike bestaan kan maak en dat die inkomste uit die hoewe ook die las daarteen sal kan dra. In hierdie verband is die advies van voorligtingsbeamptes van die Departement van Landbou-tegniese Dienste baie waardevol daar die Raad in twyfelagtige gevalle 'n verslag van hierdie beamptes verlang en soms ook slegs lenings toestaan mits die boer inwillig om sy eiendom te laat beplan en hom verbind om die beplanning deur te voer.(14)

/As ...........82.

(13) Art. 2 van Wet 17 van 1912.
(14) 1959-Jaarverslag, p.7.

As 'n reël is die Raad nie geneig om lenings oor kleinhoewes toe te staan nie.

Volgens die verslag van die kommissie oor kleinhoewes (15) is die "landboukundige aspekte van kleinhoewes, hoewel belangrik, nogtans van ondergeskikte belang", en is dit "oor die algemeen heeltemal sekondêr van aard en boonop uit suiwer ekonomiese oogpunt nie 'n finansiële sukses nie."

Dit is gevolglik begryplik dat die Landbank versigtig moet wees in die oorweging van aansoeke om lenings oor kleinhoewes.

Prof. Tomlinson het op 'n vergadering tereg gesê: "Selfs al sou hulle die nodige kapitaal hê, het die meeste nie die kennis om 'n sukses van boerdery te maak nie. As daar bygevoeg word die gebrek aan tyd om daardie kapitaal ten volle te gebruik, sowel as die arbeidskragte wat verlore gaan, is dit verstaanbaar waarom kleinhoewe-eienaars nie soos voltydse boere behandel kan word waar dit die verlening van landboukrediet betref nie." (16)

15. Kroongrondhuurders

Voorskotte mag aan kroongrondhuurders toegestaan word, maar aangesien die Staat die eienaar van die grond is, is die sekuriteit beperk tot die huurder se belang in die huurkontrak waarby hy sodanige grond van die Staat hou, en voorskotte word derhalwe verseker deur 'n eerste verband oor die applikant se belange in die huurkontrak, en deur 'n kollaterale notariële verband oor die roerende goed. Buitendien is hierdie voorskotte onderworpe aan die goedkeuring van die Minister van Lande. Voorskotte mag gemaak

/word......83

(15) U.G. 37/1957, p.79.
(16) Die Transvaler, 7/2/1957.

word tot hoogstens vier-vyfdes van die waarde van die belang in die huurkontrak soos deur die Raad bepaal. Aangesien die Departement van Lande die nodige bystand aan kroongrondhuurders verskaf, word sulke lenings baie selde toegestaan.

16. Nooddruftige kleinboere

Spesiale lenings in die vorm van kaskrediet-rekenings word sedert 1955 jaarliks aan koöperasies toegestaan om nooddruftige kleinboere wat, as gevolg van omstandighede buite hul beheer, misoeste gehad het, te help om paraffien, olie, kunsmis, saad, ens. aan te koop.[16(a)] Hierdie soort lening sal later meer volledig behandel word.

17. Koöperatiewe verenigings en maatskappye

Met die doel om nie net grondeienaars nie, maar hele gemeenskappe waarvan sommige nie-grondbesitters is, te help, het die Staat met die stigting van die Transvaalse Landbank beoog om aan lede van koöperatiewe verenigings en aan die verenigings self lenings toe te staan. Soortgelyke instellings oor die hele wêreld is bestudeer en punte van belang oorgeneem. Dit is egter gevind dat dit nie moontlik is om ander soortgelyke instellings in ander dele van die wêreld slaafs na te volg nie, aangesien die omstandighede in Suid-Afrika heeltemal anders as in ander lande is. Dit was deur die Staat as 'n eksperiment beskou, aangesien die boere in Suid-Afrika nog altyd individueel geboer het en koöperasie iets vreemds was. Ons boere het egter gewys dat hulle hul maklik by veranderde omstandighede kan aanpas, want nadat die wet slegs 'n jaar in werking was, kon die Raad van dié Landbank rapporteer dat daar reeds tussen twintig en dertig sulke verenigings gestig is.

/'n Groot .........84.

16(a) 1957-Jaarverslag, p.8.

'n Groot aantal van hierdie verenigings het van die geleentheid om fondse te kry, gebruik gemaak en die wyse waarop terugbetalings gedoen is, het die Staat met soveel vertroue vervul dat artikels wat lenings aan koöperasies magtig, ook in die Unie-Landbankwet aangebring is.

Kragtens artikel 35 van die Landbankwet kan die Bank, op skriftelike aansoek van 'n koöperatiewe vereniging of koöperatiewe maatskappy, onder sekere voorwaardes 'n voorskot vir enige wettige doel van die vereniging of maatskappy verstrek.

'n Koöperatiewe maatskappy word in artikel 2 van die Landbankwet beskryf as "'n koöperatiewe landboumaatskappy of sentrale of federale koöperatiewe landboumaatskappy of 'n spesiale of federale spesiale koöperatiewe boeremaatskappy wat ingevolge die Wet op Koöperatiewe Verenigings, 1939 (Wet Nr. 29 van 1939) as sulke geregistreer is of geag word te wees."

'n Koöperatiewe vereniging word weer beskryf as "'n vereniging wat gestig is om die landbou of een of ander landbou- of landelike nywerheid in die Unie te bevorder en waarvan

(a) al die lede -

(i) bona fide-boere is wat in die Unie woon, en

(ii) regtens afsonderlik en gesamentlik vir die skulde van die verenigings aanspreeklik is, en

(b) die doelstellings en statute deur die Raad goedgekeur is."

Die finansiering van koöperasies is vandag 'n baie belangrike deel van die werk van die Landbank, so seer dat die Minister dit gedurende 1957 nodig gevind het om 'n tweede hoofbestuurder vir die Landbank

/aan ......85.

aan te stel wat spesiaal vir hierdie afdeling van die werksaamhede van die Bank verantwoordelik is. Sedertdien is met hierdie spesiale pos weggedoen.

Hoe belangrik die koöperatiewe beweging vandag in die Unie van Suid-Afrika is, en veral landboukoöperasies, blyk uit die feit dat hulle omset van 1955 af tot 1956 met meer as £19,500,000 gestyg het tot £248,600,000.

Die ledetal het in dié tydperk gestyg van 252,527 tot 256,917.[17] Op 30/6/59 was die ledetal van aktiewe landboukoöperasies 281,121 en die totale omset £280,673,111.[18] Gedurende 1957 het die Landbank aan koöperasies lenings ten bedrae van £120,000,000 toegestaan en van die ontstaan van die Bank tot 31.12.57 het die Bank al 'n bedrag van £1,030,648,851 toegestaan.[19]

Prakties kan die soorte koöperasies wat deur die Bank gefinansier word in die volgende ingedeel word:

(a) Bemarkingskoöperasies

Hierdie koöperasies behartig hoofsaaklik die hantering en/of bemarking van plaasprodukte. Sommige van die produkte is beheerde produkte en in sulke gevalle tree die koöperasie dan op as agente van die betrokke beheerrade.

(b) Vervaardigingskoöperasies

Hierdie koöperasies wat primêre produkte bewerk of verwerk, sluit onder andere die volgende soorte koöperasies in:

(i) Koöperatiewe graan- en suikermeulenaars.

(ii) Koöperatiewe inmaakfabrieke.

(iii) Koöperatiewe suiwelfabrieke.

(iv) Koöperatiewe wynkelders.

/Daar .........86

(17) Die Transvaler, 30.1.1958.
(18) Volgens die Registrateur van Koöperatiewe Verenigings, brief gedateer 12.11.60.
(19) Landbank jaarverslae.

Daar moet op gelet word dat die Bank nie net die primêre produk finansier nie, maar ook ander grondstowwe en verpakkingsmateriaal en soms ook fabrieks- en ander uitgawes.

Voordat beheer oor sekere produkte ingestel is, het die koöperatiewe meulenaars hulle koring en mielies van die lede gekoop, maar nou word dit net van die beheerrade gekoop, aangesien die lede hulle produkte slegs aan daardie rade mag verkoop. Koöperatiewe pluismeulenaars moet egter nog die katoen van lede inneem omdat katoen nog nie beheer is nie.

(c) Dienskoöperasies

Die benaming gee alreeds 'n aanduiding van die funksie wat deur hierdie koöperasies verrig word. Onder hierdie dienste wat koöperatief aan lede verskaf word, is byvoorbeeld die verpakking van vars vrugte, die daarstelling van koelkamergeriewe en die beskikbaarstelling van masjinerie vir grondbewaringswerke.

(d) Verskaffingskoöperasies

Hierdie koöperasies kan amper nie as 'n aparte identiteit behandel word nie, aangesien verskaffingswerk 'n by-funksie van die bemarkingskoöperasies is, ten einde hulle lede in die vorm van saad, kunsmis, sakke en implemente, in staat te stel om hulle produkte te produseer en te lewer.

Daar is gewoonlik 'n mate van oorvleueling, aangesien die meeste bemarkingskoöperasies ook boerderybenodigdhede aan lede verskaf.

Dit word ook gevind dat die bemarkings- en vervaardigingskoöperasies soms onderling verbind is.

/18. Beheerrade....87

18. Beheerrade

Met die stigting van beheerrade ingevolge die Bemarkingswet het die Staat besluit dat hulle deur die Landbank gefinansier sou word.

Kragtens artikel 44 van die Landbankwet kan die Bank aan beheerrade lenings toestaan, en wel vir enige doel waarvoor daardie rade volgens Wet geld kan leen. Hierdie rade oefen beheer uit oor die bemarking van sekere soorte plaasprodukte. Die mate van beheer verskil by die verskillende soorte produkte, maar nieteenstaande die verskillende maniere waarop beheer kragtens die Bemarkingswet uitgeoefen word, het die Bank nog in elke geval waar nodig, 'n weg gevind deur aanpassing en oorlegpleging om óf die beheerraad self óf koöperatiewe agente wat namens 'n raad optree, te finansier. As gevolg van hierdie hulp van die Bank is die bemarking van beheerde produkte aansienlik vergemaklik.

19. SAMEVATTING

Die betekenis van die term „Boer" is deur die Staat in die Landbankwet so wyd gestel dat enige boerdery-onderneming, deur wie ook al beoefen, deur die Bank gefinansier mag word. Sedert die stigting van die Bank is by tye taamlik vryelik van hierdie magte gebruik gemaak.

Die verskeidenheid boere wat gehelp word, gee 'n aanduiding van die mate waarin die Staat deur bemiddeling van die Bank tot die finansiering van die landbou bydra. Ons moet in gedagte hou dat daar reeds meer as 133,000 verbandlenings toegestaan is en dat die grootste

/gedeelte ..........88.

gedeelte van die 281,121 lede[1] van landboukoöperasies jaarliks op een of ander wyse deur die Landbank gehelp word.

Jongste nuusberigte dui daarop dat van nou af besondere voorsiening vir Kleurlingboere gemaak sal word in ooreenstemming met die beleid van afsonderlike ontwikkeling van alle Suid-Afrikaanse rasgroepe.

---

(1) Inligting van Registrateur van Koöperatiewe Verenigings verkry, brief gedateer 12.11.60.

# HOOFSTJK VI

## KREDIETVERSKAFFING DEUR DIE LANDBANK

By die behandeling van die kredietverskaffing deur die Landbank is dit nodig om eerstens kortliks na te gaan wat die kredietbehoeftes van die landbou is, en tweedens op welke wyse die Landbank in die behoeftes voorsien.

### 1. KREDIETBEHOEFTES VAN DIE LANDBOU

Die kredietbehoeftes van die landbou kan in vier groepe verdeel word, nl. langtermynkrediet, middel- of tussentermynkrediet, korttermynkrediet en tegemoetkoming, indien terugbetalings nie stiptelik gedoen kan word nie.

Dit is moeilik om definitiewe skeidslyne tussen lang-, middel- en korttermynkrediet te trek en dit is dikwels ook onpraktiès om tydperke vir elke soort krediet vas te stel.

(a) Langtermynkrediet

Langtermynkrediet kan kortliks omskryf word as dié krediet wat in direkte verband met die grond self benodig word, d.w.s. vir die aankoop van die grond, aflossing van verbande, en vir permanente verbeterings op die grond. Ons is van mening dat lenings vir hierdie doeleindes normaalweg vir tydperke van tien jaar en langer moet wees, aangesien boere in Suid-Afrika, as gevolg van die onstabiliteit in die landbou, soos in Hoofstuk I uiteengesit is, dit in die meeste gevalle onmoontlik vind om die skuld in 'n korter tydperk as tien jaar te delg.

(b) Middel- of tussentermynkrediet

Vir die aankoop van die hulpmiddels vir die bewerking van die plaas en vir vee is langtermynkrediet, ons insiens, nie nodig nie. Vir hierdie doeleindes is

/'n ..............90.

'n middeltermynlening van sê drie tot 10 jaar, afhangende van die duursaamheid van die hulpmiddel, voldoende.

Gedurende die afgelope aantal jare het boere hul boerdery al meer en meer gemeganiseer. Dit word bereken dat daar in trekkers alleen om en by negentigmiljoen pond belê is. Behalwe vir trekkers hou elke boer nog een of meer voertuie aan wat die kapitaalbelegging in motoraangedrewe voertuie met maklik nog honderdmiljoen pond opstoot.(1) 'n Groot gedeelte van hierdie voertuie word op krediet gekoop en dan deur kredietkorporasies en ander instansies teen betaling van 'n baie hoë rentekoers gefinansier. Vir die aankoop van hierdie soort voertuie en ander implemente, asook vir die delging van die skulde wat reeds daarvoor aangegaan is, het die boer middeltermynkrediet nodig. Krediet vir die aankoop van vee is ook slegs vir 'n tussentermyn nodig. Hierdie soort lenings moet egter teen 'n redelike rentekoers verkry kan word en 'n amortisasiestelsel is noodsaaklik. Hierdie soort krediet word nie net deur die grondbesitter nie, maar ook deur die nie-grondbesitter benodig.

(c) Korttermynkrediet

Korttermynkrediet is dié krediet wat vir die produksie en die bemarking van die produk benodig word. Dit is hoofsaaklik vir seisoensbehoeftes nodig en gevolglik slegs vir tydperke van ses maande tot een jaar. As gevolg van ons wisselvallige klimaat, baie plae, ens. is krediet vir hierdie doeleindes soms vir 'n langer tydperk nodig, maar dit behoort onder normale omstandighede nie vir langer as twee jaar te wees nie.

/Hierdie ........91.

---

(1) Die Landbouweekblad, 8/1/1957, p.17.

Hierdie soort krediet word hoofsaaklik deur koöperasies benodig, aangesien koöperasies die grootste verskaffer van die seisoensbehoeftes van die boer is, maar die individuele boer het hierdie krediet ook nodig om sy seisoensbenodigdhede te bekom. Verder is daar heelwat arbeidsloon betaalbaar en min boere het elke jaar meer as een oes om sodoende die een met die inkomste van die ander te finansier. Groter meganisering en wetenskapliker boerdery bring ook groter seisoenskoste mee. "By die landbou styg die kredietbehoeftes geleidelik van feitlik nul tot 'n maksimum net voor die oes verkoop word"(2).

2. HOE DIE LANDBANK AAN DIE KREDIETBEHOEFTES VOLDOEN

(1) Langtermynkrediet

Hierdie soort krediet word op tweërlei wyse beskikbaar gestel, nl. teen verband en teen registrasie van 'n las teen die plaas.

(a) Verbandlenings aan individuele boere

Kragtens artikel 22 van die Landbankwet kan die Bank verbandlenings aan boere toestaan vir een of ander van die volgende doeleindes, te wete:

(i) Verbeterings, waarby inbegrepe is die bou of oprigting van plaasgeboue, heinings, dipbakke en ander inrigtings om vee te dip of te bespuit, die skoonmaak van grond vir verbouingsdoeleindes, die versperring van slote, dongas en waterlope om grondverspoeling te verhoed, en die aanplanting van bome, boorde, wingerde, suikerriet en tee.

(ii) Die aankoop van vee en toerusting van enige soort, en van landboubenodigdhede in die algemeen.

(iii) Die aflossing van bestaande laste op grond of, onder besondere omstandighede, van ander verbintenisse wat aangegaan is of aangegaan sal word.

(iv) Die betaling van koste verbonde aan onderverdeling van grond wat in onverdeelde aandele besit word.

/(v) ...........92

---

(2) Schumann: Die Kredietmark in Suid-Afrika, p.47.

(v) Die daarstelling of bevordering van landbou en landelike bedrywe, insluitende, benewens ander sodanige bedrywe, tabak-, suiwel-, en dergelike bedrywe, en die kweek, verkoop en uitvoer van vrugte.

(vi) Die aankoop van grond deur 'n persoon of groep persone wat volgens die Raad se oordeel oor die nodige finansiële vermoë beskik.

(vii) Enige ander doel ten opsigte waarvan voorskotte spesiaal deur die wet gemagtig word.

Die Raad het in die verlede van tyd tot tyd besluit vir watter doeleindes lenings oorweeg sou word, aangesien dit, met die oog op die byna voortdurende beperktheid van fondse, nie moontlik was om vir al die verskillende boerderybehoeftes lenings toe te staan nie. As gevolg van die feit dat die Bank nou sy eie fondse deur middel van die uitgawe van obligasies mag verkry, het die Raad sedert 1959 byna alle beperkings opgehef.

Sedert die stigting van die Bank in 1912 tot 31.12.1959 het die Bank 133,918 verbandlenings vir 'n totale bedrag van £169,571,167 toegestaan, terwyl daar tot Desember 1958, 109,790 verbande vir 'n totale bedrag van £117,151,170 geregistreer is. Tot 31.12.1959 is daar 114,475 verbande vir 'n totale bedrag van £148,648,170 geregistreer en uitbetaal soos meer volledig in tabel I uiteengesit.

## TABEL I (3)

**Verbandlenings toegestaan en verbande geregistreer sedert die totstandkoming van die Bank op 1 Oktober, 1912 tot 31 Desember 1959**

| Jaar | Lenings toegestaan | | Verbande geregistreer | |
|---|---|---|---|---|
| | Aantal | Bedrag | Aantal | Bedrag |
| 1912-15 | 4,985 | £ 2,522,089 | 4,311 | £ 2,108,629 |
| 1916-20 | 10,582 | £ 6,221,440 | 8,650 | £ 4,954,188 |
| 1921-25 | 13,455 | £ 7,344,178 | 12,189 | £ 6,514,495 |
| 1926-30 | 15,223 | £ 8,997,705 | 13,676 | £ 7,795,309 |
| 1931-35 | 20,109 | £24,308,873 | 17,231 | £20,844,057* |
| 1936-40 | 15,290 | £14,945,130 | 13,577 | £13,783,539* |
| 1941-45 | 14,384 | £16,889,767 | 11,985 | £13,707,387* |
| 1946-50 | 14,658 | £18,362,449 | 13,122 | £16,081,607* |
| 1951-55 | 11,486 | £22,190,347 | 10,147 | £18,631,706 |
| 1956 | 2,087 | £ 4,904,890 | 1,901 | £ 4,465,135 |
| 1957 | 1,949 | £ 5,200,692 | 1,498 | £ 3,886,378 |
| 1958 | 2,053 | £ 6,150,363 | 1,503 | £ 4,378,740 |
| 1959 | 7,657 | £31,533,244 | 4,685 | £31,533,000 |
| Totaal | 133,918 | £169,571,167 | 114,475 | £148,684,170 |

Volgens inligting wat van die vorige besturende direkteur verkry is, is die indeling van die verbande wat tot 31.12.1955 geregistreer is volgens die grootte van die verbande, soos volg:

## TABEL II

| Grootte van verbande | Aantal verbandlenings |
|---|---|
| tot £500 | 46,833 |
| oor £500 tot £1000 | 25,404 |
| " £1000 " £2000 | 21,631 |
| " £2000 " £5000 | 9,597 |
| " £5000 " £10,000 | 1,245 |
| " £10,000 | 178 |
| | 104,888 |

Uit die bogemelde syfers is dit duidelik dat ongeveer 45% van die verbande vir minder as £500 geregistreer

/is .........94.

(3) (a) 1958-Jaarverslag, p.10 en (b) 1959-Jaarverslag, pp.10 & 11. L.W. Verbandlenings aan koöperasies is nie hierby ingesluit nie.

* Art. 46 verbandlenings wat later apart behandel word, is hierby ingesluit.

is terwyl byna 90% van alle verbande laer as £2000 is. Dit is egter hoofsaaklik toe te skryf aan die feit dat die Raad vir jare, weens beperktheid van fondse, nie lenings vir hoër as £2000 toegestaan het nie.

Die Landbankwysigingswet (Wet 47 van 1959) het die Raad, behalwe die reg tot uitgifte van obligasies, ook die reg gegee om verbandlenings tot 'n maksimum van vier-vyfdes van die waarde van die plaas toe te staan. Die gevolg hiervan was dat die Bank gedurende 1959 alleen 7,657 verbandlenings vir 'n totale bedrag van £31,533,244 toegestaan het, in vergelyking met 2,053 vir 'n totale bedrag van £6,150,363 gedurende 1958.

Die Raad kon ook sy vroeëre perke in finansiering ophef sodat die aantal aansoeke teen 'n fenomenale tempo toegeneem het,(4) en groter verbande ook toegestaan kon word.

Die gevolg van hierdie skielike uitbreiding was dat die raadslede weer, net soos gedurende 1924, weens die Raad se funksie om self nog alle voorskotte toe te ken, so te sê voltydse beamptes geword het. Die personeel moes, weens 'n gebrek aan voldoende opgeleide beamptes, gereeld verpligte oortyd doen. Dit het hoë vereistes aan die Raad en die administrasie gestel.

Tabel III toon vergelykenderwys aan hoe die lenings vir die afgelope vier jaar bestee is.

/Tabel III ..........95.

---

(4) 1959-Jaarverslag, p.10.

## TABEL III[5]

| Jaar | Koop van grond | 'Aflos - van verbande | Konsoli-dasie van skulde | Vaste verbete-rings | Vee en toe-rusting | Bedryfs-uit-gawe | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | £ | £ | £ | £ | £ | £ | £ |
| 1956 | 2,873,812 | 1,192,583 | 181,812 | 197,186 | 19,742 | - | 4,465,135 |
| 1957 | 2,451,825 | 1,118,915 | 169,576 | 124,483 | 21,579 | - | 3,886,378 |
| 1958 | 2,716,366 | 1,466,458 | 88,569 | 97,081 | 10,266 | - | 4,378,740 |
| 1959 | 7,854,000 | 15,125,000 | 6,118,000 | 577,000 | 1,622,000 | 135,000 | 31,431,000 |

/In verband.........96

(5) 1959-Jaarverslag, p.11.

In verband met die bedrag wat vir die aankoop van grond bestee is, wil ons graag ook daarop wys dat die Bank van 1948 af [illegible] Desember 1958, 8,451 boere wat geen grond besit het nie, met 'n bedrag van £16,529,630 gehelp het om grond van hul eie aan te koop.(6) Gedurende dieselfde tydperk is 4,508 boere wat nie genoeg grond besit het nie, gehelp om ten bedrae van £9,182,571 grond by te koop.(7) Hierdie syfers gee 'n aanduiding in welke mate die Staat, deur bemiddeling van die Landbank, gevestigde - en beginnerboere gehelp het om grond van hul eie te kan bekom.

Die Raad het dit van tyd tot tyd nodig gevind om boere te waarsku teen die te onekonomies hoë pryse wat vir plase betaal word en ook teen te veel onoordeelkundige kope wat aangegaan word. "Die Raad is nie te vinde vir lenings waar die koopsom onekonomies hoog is nie en in besonder waar die boer nie oor voldoende bedryfskapitaal beskik om die sukses van sy onderneming te verseker nie."(8)

Die Landbankkommissie van 1906 het in sy verslag daarop gewys dat lenings om bestaande verbande oor te neem, nie belet moet word nie, maar dat daar beperkings op geplaas moet word, sodat slegs in baie verdienstelike gevalle gehelp word; anders sou daar nie voldoende fondse beskikbaar wees vir ander noodsaakliker doeleindes nie. Die Raad was in die verlede dikwels, as gevolg van 'n gebrek aan fondse, verplig om die oorname van verbande drasties in te kort.

As in aanmerking geneem word dat die Bank dit nodig geag het om alleen gedurende 1959 'n bedrag van £21,243,000 vir die aflos van verbande en konsolidasie van skulde uit te betaal, is dit duidelik dat die 1959 wysigingswet nodig was en op 'n geleë tyd gepasseer is.

/Dit is ...........97

---

(6) en (7) Ontleding van Jaarverslae.
(8) 1957-Jaarverslag, par.25.

Dit is verblydend om op te merk dat die Raad, in sy nuwe benadering, nie alle verbandlenings voor die voet vir die maksimum tydperk van veertig jaar wat in die Wet neergelê is, toestaan nie, maar daarna streef om die leningstydperke aan te pas by die doel waarvoor die lening gebruik gaan word en dat die boer se inkomstepotensiaal ook in aanmerking geneem word.[9]

Sommige van die verbandlenings wat nou toegestaan word, sal dus nie meer langtermynkrediet wees nie, aangesien daar gedurende 1959 'n bedrag van £135,000 vir bedryfsuitgawes en £1,622,000 vir vee en toerusting onder verband uitbetaal is.

(b) Art. 46 verbandlenings (100% lenings)

Die Staat het gedurende die depressiejare, die benarde posisie waarin boere hulle sonder eie toedoen bevind het, besef en Wet Nr. 34 van 1933 (art. 46 van Wet 13 van 1944 soos gewysig) gepasseer. Hierdeur is die Bank gemagtig om uit gelde wat die Staat vir die doel beskikbaar stel, voorskotte teen verband namens die Unie-regering aan 'n boer óf aan 'n komitee of raad van beheer van 'n nedersetting tot 100% van die Raad se waardasie van die plaas te verstrek. Hierdie wet is spesiaal gepasseer om boere gedurende die depressiejare tot hulp te snel en te verhoed dat hulle plase in die hande van vreemdes val. Op hierdie wyse kon boere se skulde gekonsolideer word en is hulle sodoende in die geleentheid gestel om 'n nuwe begin te maak. Van 1933 af tot 1950 is 7,097 lenings tot 'n bedrag van £14,662,971, soos in Tabel IV uiteengesit, toegestaan.

/Tabel IV .........98

---

(9) 1959-Jaarverslag, p.9.

(10)

TABEL IV

Artikel 46 van Wet 13/44 verbande geregistreer en uitbetaal sedert die inwerkingtreding van die Wet (Wet 34 van 1933) tot 1950.

| Jaar | Aantal verbande | Bedrag £ |
|---|---|---|
| 1933 | 973 | 1,198,465 |
| 1934 | 2,692 | 5,959,420 |
| 1935 | 1,144 | 2,879,555 |
| 1936 | 751 | 1,574,300 |
| 1937 | 427 | 644,995 |
| 1938 | 298 | 542,576 |
| 1939 | 159 | 263,500 |
| 1940 | 167 | 248,315 |
| 1941 | 157 | 225,220 |
| 1942 | 151 | 205,260 |
| 1943 | 70 | 107,155 |
| 1944 | 41 | 62,425 |
| 1945 | 26 | 61,805 |
| 1946 | 19 | 34,475 |
| 1947 | 9 | 24,955 |
| 1948 | 5 | 5,220 |
| 1949 | 4 | 14,360 |
| 1950 | 4 | 10,970 |
| | 7,097 | £14,062,971 |

Van 1951 af is egter geen verdere lenings onder hierdie artikel van die Wet toegestaan nie. Lenings aan Bantoes waarna tevore verwys is, is ook onder hierdie artikel van die Wet toegestaan.

Al die lenings wat onder hierdie Wet toegestaan is, is sedertdien deur die Bank of die Kantoor tot Invordering van Staatsvoorskotte oorgeneem. Die Landbank het nie hierdie lenings ná oorname as 'n aparte entiteit behandel nie, en daar is gevolglik geen statistiek beskikbaar om aan te dui wat hierdie boere nog onder die lenings verskuldig is nie. Hulle het egter as gevolg van hierdie tydige hulp van die Staat sodanig herstel dat hulle nie meer as nooddruftige boere beskou kan word nie.

(c) Verbandlenings (ook paaiementslenings genoem) aan koöperasies

Kragtens artikel 35 van die Landbankwet staan die Bank paaiementslenings teen gewone- en/of notariële

/verbande.....99

(10) Ontleding van Jaarverslae.

verbande aan koöperasies toe om verbeterings aan te bring. Alhoewel verbandlenings aan koöperasies ook toegestaan word om grond aan te koop, is die grootste gedeelte vir verbeterings soos geboue, uitrusting en masjinerie bedoel.

Sedert 1952 administreer die Bank staatsfondse vir die oprigting van installasies om graan in massa te hanteer en op te berg. Hierdie lenings mag ook aan persone of nie-koöperatiewe liggame toegestaan word.

Tabel V is 'n vergelykende uiteensetting van paaiementslenings sedert 1950, met die bedrae wat aan die einde van elke jaar uitstaande was.

TABEL V (11)

Paaiementslenings aan koöperasies toegestaan gedurende en verskuldig aan die einde van elke jaar

| Jaar | Kapitaaluitgawe | | Massaopberging | |
|---|---|---|---|---|
| | Toegestaan | Uitstaande | Toegestaan | Uitstaande |
| | £ | £ | £ | £ |
| 1950-55 | 4,311,961 | --- | 2,223,578 | --- |
| 1956 | 828,425 | 5,975,950 | 609,460 | 1,040,204 |
| 1957 | 486,950 | 6,197,966 | 400,000 | 1,523,855 |
| 1958 | 1,662,800 | 6,337,042 | 683,000 | 2,231,909 |
| 1959 | 1,045,688 | 6,889,366 | 213,000 | 2,701,742 |

Die Raad het ook in hierdie geval besluit om die tydperk van die lenings te beperk tot die aard en duursaamheid van die bates wat gefinansier word. (12)

(d) Laslenings

Vir hierdie soort lenings word slegs 'n las teen die eiendom genoteer en nie 'n verband geregistreer nie. Die koste van notering van 'n las is heelwat minder as die koste van registrasie van 'n verband.

/(i) ........100

(11) en (12) 1959-Jaarverslag, p.21.

(i) Dipbaklenings

Kragtens Artikel 27 van die Landbankwet mag die Bank lenings toestaan vir die bou van dipbakke of die aankoop en oprigting van ander toestelle om vee te dip of te bespuit. Lenings vir hierdie doel was oorspronklik deur die Departement van Landbou toegestaan, maar aangesien die Landbank vir die finansiering van die boer in die lewe geroep is, is besluit dat dit die beste sal wees as die Landbank ook hierdie soort lenings toestaan.

Van die inwerkingtreding van hierdie Wet tot 31.12.57 het die Bank al £342,148 vir dipbaklenings toegestaan, soos in Tabel VI uiteengesit.

TABEL VI (13)

Dipbaklenings uitbetaal sedert die inwerkingtreding v.d. Wet tot 31.12.57

| Jaar | Bedrag |
|---|---|
| 1912-1922 | £244,091 |
| 1923-1937 | £ 78,858 |
| 1938-1947 | £ 11,047 |
| 1948-1957 | £ 7,722 |
| | £341,718 |

Die behoefte wat daar vir hierdie soort lenings bestaan het, blyk duidelik uit die feit dat boere gedurende die tien jaar van 1912 tot 1922 die meeste gebruik daarvan gemaak het. Die Bank het gedurende hierdie tydperk £244,091 uitbetaal in vergelyking met £7,722 vir die tydperk 1948-57. Hierdie syfers is soveel merkwaardiger as in gedagte gehou word dat dit die tydperk van die eerste wêreldoorlog insluit. Teenswoordig word egter nie meer soveel van hierdie soort lenings gebruik gemaak nie, aangesien daar nou ook ander insekdodende middels verkrygbaar is, en boere hierdie kleinere kapitaaluitgawes blykbaar uit eie fondse finansier.

/(ii) .........101

(13) Ontleding van Jaarverslae.

(ii) Omheiningslenings

Kragtens artikel 28 van die Landbankwet mag die Bank lenings toestaan vir die oprigting, verandering, verbetering of herstel van tussenheinings of ander heinings inbegrepe 'n heining aan een of beide kante van 'n publieke pad. Hierdie lenings sluit ook die koste van oprigting in van vee- of ongedierte-kerende heinings, om eiendomme in 'n blokstelsel te omhein, om by te dra tot die koste van 'n heining wat deur 'n aangrensende eienaar opgerig is, asook om die spoorvrag na die naaste stasie, sylyn of bushalte plus die koste van vervoer na die plaas te dra.

Daar moet op gelet word dat die Bank nie omheiningslenings mag toestaan waar die heining reeds opgerig is nie, behalwe in die geval waar so 'n lening nodig is om 'n bydrae aan 'n aangrensende eienaar te betaal.

Van 1913 af tot 31/12/57 het die Bank reeds £2,651,335 vir omheiningslenings onder hierdie artikel van die Wet toegestaan, soos in Tabel VII uiteengesit.

TABEL VII (14)

Omheiningslenings uitbetaal sedert die inwerkingtreding van die Wet tot 31.12.57

| Tydperk | Omheinings | |
|---|---|---|
| | Bedrag | Totale lengte in myle |
| 1912 - 1920 | 234,469 | 6,906 |
| 1921 - 1930 | 1,731,433 | 30,719 |
| 1931 - 1937 | 204,023 | 5,810 |
| 1938 - 1947 | 246,208 | 5,388 |
| 1948 - 1957 | 235,202 | 1,797 |
| | £2,651,335 | 50,620 |

/Gedurende .......102.

(14) Ontleding van Jaarverslae.

Gedurende die tien jaar van 1921 tot 1930 het boere van hierdie lenings die meeste gebruik gemaak en is £1,731,433 uitbetaal in vergelyking met £204,023 vir die tydperk 1931-37. Boere het gedurende die depressie-jare baie min van hierdie soort lenings gebruik gemaak. So het die Bank gedurende 1933 slegs £2,905 uitbetaal en gedurende 1934 slegs £6,298.(15)

Van die inwerkingtreding van die Grondbewaringswet (Wet 45/46 soos gewysig) is hierdie soort lening ook van die Departement van Grondbewaring en Voorligting verkrygbaar teen besonder billike voorwaardes. Verder kan 'n boer ook 'n hoë subsidie kry as sy plaas beplan word en hy die verbeterings daarooreenkomstig aanbring.

(iii) Watervoorsieningslening

Kragtens Artikel 30 van Wet 13 van 1944 en Wette 20 van 1911 en 17 van 1912 mag die Bank 'n watervoorsieningslening toestaan om:

(i) 'n boorgat te laat boor;

(ii) 'n put te grawe;

(iii) 'n windpomp aan te koop en op te rig;

(iv) 'n meganiese pomptoestel (behalwe 'n windpomp) met/sonder 'n masjien aan te koop en op te rig;

(v) 'n sementdam of 'n sinkdam of 'n tenk op te rig;

(vi) pype te koop en aan te lê;

(vii) 'n drinkbak te bou.

Vir verbeterings wat reeds aangebring is, kan nie 'n lening toegestaan word nie en die plaas moet 'n verdeelde (opgemete) eiendom wees.

Van 1925 tot 31.12.57 het die Bank reeds £1,358,875 vir watervoorsieningslenings teen sekuriteit

/van ..........103

(15) Ontleding van Jaarverslae.

van 'n las uitbetaal.

(16)
TABEL VIII

Waterlenings uitbetaal sedert die inwerkingtreding van die Wet tot 31.12.57

| Jaar | | Bedrae |
|---|---|---|
| 1924 - 1937 | .................. | £535,409 |
| 1938 - 1947 | .................. | 459,149 |
| 1948 - 1957 | .................. | 364,317 |
| | | £1,358,875 |

As dit in aanmerking geneem word dat die Bank hoogstens £350 vir een enkele waterskema mag toestaan en daar sedert die inwerkingtreding van die Grondbewaringswet in 1946 van hierdie Departement baie billike lenings met 'n subsidie tot 50% van die koste verkrygbaar is, is dit opvallend dat daar nog soveel van hierdie soort lenings van die Landbank gebruik gemaak word.

Lenings vir grotere besproeiingswerke word slegs teen sekuriteit van 'n verbandlening oorweeg.

(iv) Voerkuillenings

Kragtens artikel 29 van die Landbankwet en Wet 20 van 1911 mag die Bank lenings tot 'n bedrag van £150 vir die oprigting van 'n voerkuil toestaan, maar die spesifikasies vir die voerkuil moet eers deur die Departement van Landbou goedgekeur voordat die aansoek deur die Raad oorweeg word, en die Raad mag, net soos in die geval van dipbak- en omheiningslenings, slegs die koste van die werk toestaan soos deur die Departement beraam.

Onder die Grondbewaringswet kan 'n boer 'n subsidie van 25% van die beraamde koste kry. Die Bank eis gewoonlik dat hierdie subsidie, net soos in die geval van boorgatsubsidies, aan die Bank in vermindering van die skuld betaal word.

/(2) ...........104.

(16) Ontleding van Jaarverslae.

(2) Middel- of tussentermynkrediet

Vir boerdery onder ekstensiewe toestande was langtermynkrediet voldoende, maar as gevolg van intensiewer bewerking het die behoefte aan middel- en korttermynkrediet 'n onmisbare noodsaaklikheid geword. Die Landbank het vir die eerste aantal jare, behalwe vir lenings aan koöperasies, nie veel aandag aan hierdie kredietbehoeftes van die boer geskenk nie. Die boere was dus hiervoor op die winkeliers en handelsbanke aangewys.

By die behandeling van hierdie soort krediet sal ons eerstens die 1926 poging (die Landboukredietwet van 1926 - Wet Nr. 40 van 1926), behandel en daarna die nuwe 1959 poging in oënskou neem.

(a) Die Landboukredietwet (Wet Nr. 40 van 1926)

In navolging van die volksbanke (People's Banks) in Frankryk, Italië, en ander Europese lande en spesiaal die Raiffeisenbank van Duitsland sou die kredietverskaffing op die volgende wyse geskied:(17) Kredietverenigings van sewe tot vyftien lede elk sou gevorm word. Later is met die gesamentlike en afsonderlike aanspreeklikheid waarmee lede belas is, weggedoen. Hierdie verenigings kon wissels van lede by die leningsmaatskappy vir die gebied verdiskonteer en, indien nodig, kon die leningsmaatskappy weer die wissels by die Landbank, wat as sentrale bank sou optree, her-verdiskonteer. Elke maat-

/skappy .......105.

(17) (a) Rapport van die kommissie om ondersoek in te stel i.s. Koöperasie- en Landboukrediet (U.G.16-34), pp. 166-171.
(b) Tussentydse krediet vir die boer. 'n Pamflet gedateer 12/3/1924;
(c) Memorandum op die Landboukrediet-wetsontwerp 1925 gedateer 7 April, 1925;
(d) Sirkulêre A.C.6 gedateer 27 Julie 1931;
(e) Memorandum for the guidance of Secretaries of Loan Companies and other Bank Officers;
(b) tot (e) almal ongepubliseerd en uitgegee deur die Landbank.

skappy was afhanklik vir 'n ingetekende kapitaal van minstens £5000 vir sy fondse alvorens dit met werksaamhede kon begin. Uit 'n ingetekende kapitaal van £85,000 het die publiek egter slegs £114 ingeteken sodat die Landbank die balans moes voorsien.

Die funksies van die leningsmaatskappye was:

(1) Om die lede van kredietverenigings in sy gebied te bedien, deur wissels geteken deur lede en geëndosseer deur hul respektiewe verenigings te verdiskonteer.

(2) Om gelde op deposito te ontvang van aandeelhouers en ander.

(3) Om lenings toe te ken aan individuele boere (met inbegrip van lede van kredietverenigings) teen die sekuriteit van graan of ander landbouprodukte, verteenwoordig deur 'n graansuier of pakhuiskwitansie, mits sodanige produkte verkoop word deur 'n koöperatiewe organisasie, goedgekeur deur die Landbankraad.

Die kredietverenigings kon weer vir die volgende doeleindes voorskotte aan sy lede verstrek:

(1) Om 'n lid in staat te stel om te saai, oes, of sy oes te verkoop.

(2) Om landbougereedskap, masjinerie en lewende hawe, voer, saad, misstowwe en ander boerderybenodigdhede te koop.

(3) Om geboue op te rig (insluitende die aankoop van die nodige materiaal) vir behandeling of hantering van plaasprodukte en vir huisvesting van lewende hawe.

(4) Om lone te betaal vir die oes, dors of vandiehandsetting van gesaaides en koste daarby aangegaan.

Daar was sewentien leningsmaatskappye en eenduisend tweehonderd-en-tagtig kredietverenigings, met 'n ledetal van tienduisend negehonderd vier-en-veertig in die Unie gestig. Die maatskappye het £1,370,624 aan die verenigings voorgeskiet.

/Die ............106.

Die leningsmaatskappye, wat as afsonderlike liggame elkeen deur sy eie raad beheer was, het om verskeie redes nie aan sy doel beantwoord nie en is dus deur die Parlement by Wet Nr. 45 van 1931 afgeskaf. Die laste en bates is toe deur die Landbank oorgeneem.

Die kredietverenigings het in veeverenigings ontwikkel en die hoofdoel van die Staat, nl. om die boer van kredietfasiliteite vir produksiedoeleindes te voorsien, is gevolglik verydel. Ter stawing hiervan kan slegs daarop gewys word dat 'n bedrag van £1,252,411 uit 'n totale bedrag van £1,370,624 vir die aankoop van vee toegestaan is en dit gedurende 'n tydperk toe die pryse van vee baie hoog was. "Politici, begerig om vir hulle kiesers en kiesafdelings iets van die beskikbare fondse te verkry, het die oogmerke en doeleindes van die Wet oorbeklemtoon en baie boere oorgehaal om verenigings te vorm en daarby aan te sluit met die verkryging van 'n deel van die regeringsfondse as vernaamste dryfveer."[18]

Die kommissie van ondersoek het ook bevind dat die Landbank self nie van alle blaam vry te spreek is nie,"aangesien hy deur sy amptelike propaganda die vorming van kredietverenigings aangemoedig het toe dit duidelik was dat die aspirant-lede nie met die gees van koöperasie besiel was nie."[19]

Ter verdediging van die Bank moet egter geboekstaaf word dat die versekering van 'n eenvormige beleid, met die oog op die eie rade van die afsonderlike verenigings, baie moeilik was. Die direkteure van die verenigings het nie die nodige ~~skae~~sakevernuf besit nie en aangesien die lede van die vereniging almal bure en vriende was, was ook nie streng genoeg opgetree met die verlening van krediet en uitstel en selfs die kontrole wat uitgeoefen moes word nie.

/Die Bank ........107

(18) en (19) U.G. 16-34, p.168.

Die Bank het ook nie oor al die nodige opgeleide personeel beskik nie, en daar moes, met die oog op die besonder vinnige uitbreiding, persone van buite in uitvoerende hoedanighede aangestel word. Interne kontrole is ook hierdeur bemoeilik.

Om bogemelde en ander redes het hierdie lofwaardige poging van die Staat om kort- en tussentermynkrediet tot die boer se beskikking te stel, misluk en is eers weer in 1959 oorgegaan tot die voorsiening van hierdie noodsaaklike krediet aan individuele boere. Die Landbankwet is toe gewysig om kort- en middeltermynkrediet op 'n hipoteek van roerende goed toe te staan.

(b) <u>Hipoteeklenings op roerende goed</u>[20]

Kragtens Art. 34 (bis)(1) van die Landbankwet mag die Raad, op voorwaardes wat hy goedvind, en by voltooiing van 'n hipoteekakte, aan 'n boer 'n voorskot verstrek op 'n hipoteek van roerende goed waarvan die applikant die eienaar is en ten opsigte waarvan hy die gebruiks- en beskikkingsreg besit. Die Raad is by magte om so 'n groot lening as wat hy bepaal en op sodanige voorwaardes as wat hy goedvind, toe te staan. Toe die Wet in werking gestel is, het die Raad die maksimum bedrag wat aan een boer toegestaan sou word, op £1,500 vasgestel; maar nou het die Raad hierdie bedrag tot £1,000 verminder. Twee of meer persone wat saam boer, word egter as een boer beskou. Die Raad het verder besluit om hierdie lenings voorlopig slegs vir die aankoop van vee en implemente en vir die aflossing van huurkoopkontrakte toe te staan en dat lenings nie teen bestaande los bates verstrek sou word nie. Die maksimum koopopryse van die verskillende soorte vee is deur die Raad, ooreenkomstig die tipe en gehalte, vasgestel, sodat geen onekonomies hoë pryse betaal en

/spekulasie ......108

---

(20) 1959- Jaarverslag, p.15 waar 'n redelik volledige uiteensetting van hierdie soort lenings gegee word.

spekulasie in die hand gewerk word nie. In uitsonderlike gevalle sal boere egter toegelaat word om meer as die vasgestelde pryse vir die betrokke soort dier te betaal, mits die verskil deur hulleself in kontant by die Bank inbetaal word. Die Raad staan tot 100% van die, deur die Raad vasgestelde koopprys, vir die aankoop van vee toe; maar vir die aankoop van implemente vereis die Raad dat 'n boer minstens 10% kontant uit eie fondse moet kan bydra. Toe die Wet in werking gestel is, het die Raad ook 100% lenings vir die aankoop van implemente toegestaan.

Die implemente wat geen onderskeidende registrasie- of fabrieksnommer dra wat in die hipoteekakte opgeneem kan word nie, word met 'n onderskeidende teken in die vorm van 'n vierpuntster gemerk, terwyl die vee ook met dieselfde kenteken gebrand of gemerk word. Volledige besonderhede van die sekuriteit word dan in die hipoteekakte opgeteken, wat 'n openbare dokument is, en in die landdroskantoor en/of takkantoor van die Bank verly word. Die publiek mag teen betaling van 'n geringe bedrag insae hierin kry.

Hipoteeklenings word vir sulke tydperke toegestaan as wat die Raad, inagnemende die duursaamheid van die sekuriteit, mag bepaal, maar die maksimum tydperk is op 10 jaar vasgestel. Nuwe trekkers sal egter binne drie jaar betaal moet word. Die rentekoers is 7½% in vergelyking met die effektiewe koerse van 10 tot 20% op privaat en ander huurkope en 5¾% op langtermynlenings teen verband. Die Bank vra dus slegs 1¾% meer rente onder hierdie soort lenings om die groter risiko wat geneem word, te dek. Dit is 'n baie lae risiko-dekking wat, ons insiens, 'n bewys is van die vertroue wat die Bank in die boer stel.

In die tydperk van drie maande wat op 31 Desember 1959 geëindig het, het die Bank 3,285 aansoeke vir 'n bedrag van £3,534,564 ontvang. Hiervan kon tot die 31ste Desember 1959 slegs 1,354 oorweeg word. Die Raad het hiervan 1,196 aansoeke vir 'n bedrag van £1,056,728 toegestaan soos in tabel IX uiteengesit is.

TABEL IX (21)

Hipoteekaansoeke oorweeg en toegestaan vir die drie maande eindigende 31 Desember 1959.

| Doel | Aangevra | Toegestaan |
|---|---|---|
| | £ | £ |
| Aankoop van skape ................ | 151,743 | 99,797 |
| Aankoop van beeste-varsmelk ....... | 163,116 | 122,464 |
| Aankoop van beeste-industriële melk | 408,743 | 306,523 |
| Aankoop van beeste-vleisproduksie.. | 244,957 | 177,253 |
| Aankoop van ander lewende hawe .... | 12,575 | 6,600 |
| Aankoop van trekkers .............. | 280,208 | 220,303 |
| Aankoop van ander gereedskap ...... | 120,112 | 76,684 |
| Huurkope-vee ...................... | 1,765 | 800 |
| Huurkope-implemente ............... | 70,138 | 45,304 |
| Totaal........... | £1,453,357 | £1,055,728 |

In die jaarverslag sê die Bank dat die Raad baie jare van hierdie leemte in die finansieringsmetode bewus was asook die boere se behoefte aan bedryfskapitaal in die vorm van vee en gereedskap.(22)

(3) Korttermynlenings. —

Hierdie soort lenings word aan koöperasies en beheerrade asook aan sekere individuele boere toegestaan en as die hipoteeklenings wat nou toegestaan word, 'n sukses is, sal korttermynlenings ongetwyfeld ook teen sekuriteit van losgoed toegestaan word.

(a) Seisoenlenings (kaskredietrekenings) aan koöperasies

Met die stigting van die Landbank het die Staat positiewe stappe gedoen om koöperatiewe optrede van

/die ........110.

(21) 1959-Jaarverslag, p.17.
(22) 1959-Jaarverslag, p.16.

die boer aan te moedig. Die doeleindes waarvoor lenings deur koöperasies van die Bank verkry kon word, is derhalwe in die Landbankwet opgeneem.

Ten einde aan die korttermynbehoeftes van koöperasies te voldoen, word lenings in die vorm van kaskredietrekenings aan koöperasies beskikbaar gestel. Lenings kan vir enige wettige doel kragtens artikel 35 van die Landbankwet aan 'n koöperasie toegestaan word. In die praktyk word dit hoofsaaklik beperk tot die doeleindes wat in verband staan met die ontvangs en verkoop van produkte, die aankoop van boerderybenodigdhede, sakke, saad en bemestingstowwe wat aan lede voorsien moet word, die aankoop van bestanddele en verpakkingsmateriaal, die betaling van haelassuransiepremies, waardeur boere in staat gestel word om hul oeste koöperatief te verassureer, asook ander behoeftes van die lede van die koöperasie. Die behoeftes van die verskillende koöperasies is natuurlik verskillend. Van 1912 af tot 31/12/57 is daar reeds 'n bedrag van £1,013,344,798 (23) aan seisoenlenings toegestaan. As in aanmerking geneem word dat koöperasies onder hierdie soort lenings vir die duur daarvan, soos deur die Raad bepaal, van tyd tot tyd inbetalings en trekkings kan maak, op voorwaarde dat die totale bedrag op rekening aan die Bank verskuldig nie te enigertyd die hoogste bedrag wat deur die Raad vasgestel is, oorskry nie, dan is dit moontlik dat koöperasies op hierdie wyse al met heelwat meer as die bogemelde bedrag gehelp is.

Die volgende twee tabelle gee 'n oorsig van die bedrae wat aan koöperasies op sekere produkte oor die vermelde jare voorgeskiet is.

/Tabel X .......111

---

(23) Ontleding van Jaarverslae.

## TABEL X (24)

(24) 1959-Jaarverslag, p.24

| Oesjaar | Mielies | Kaffer-koring | Koring | Gars, hawer en rog | Oliesade | Katoen | Lusernhooi |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Produk | | | | | | |
| | £ | £ | £ | £ | £ | £ | £ |
| 1950/51 | 19,969,002 | 40,777 | 13,954,166 | 390,998 | 2,440,025 | 131,250 | 103,246 |
| 1951/52 | 22,986,298 | 125,854 | 15,753,241 | 458,385 | 3,581,579 | 155,323 | 246,932 |
| 1952/53 | 14,640,174 | 179,071 | 12,413,051 | 643,661 | 4,718,728 | 839,643 | 233,430 |
| 1953/54 | 31,953,858 | 1,491,303 | 13,347,400 | 866,598 | 5,454,530 | 370,156 | 473,455 |
| 1954/55 | 39,876,257 | 840,906 | 13,680,117 | 1,065,708 | 7,380,233 | 345,764 | 266,023 |
| 1955/56 | 36,057,700 | 140,910 | 18,730,291 | 593,350 | 6,829,541 | 606,491 | 373,495 |
| 1956/57 | 38,022,295 | 97,034 | 20,190,658 | 540,892 | 7,870,566 | 877,092 | 871,604 |
| 1957/58 | 41,482,536 | 2,668,063 | 18,070,919 | 459,618 | 6,347,326 | 888,565 | 873,583 |
| 1958/59 | 33,410,185 | 139,653 | 14,434,879 | 948,669 | 5,117,724 | 845,828 | 1,070,732 |
| 1959/60 X | 37,521,422 | 1,524,267 | 7,906,954 | 54,711 | 7,007,639 | 922,597 | 310,439 |

X. Sluit in onafgehandelde oeste

/Tabel XI ........112

(25)
TABEL XI

| Jaar | Produk | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Tabak | Suiwel-produkte | Lusern-saad | Wyn-druiwe | Droë-vrugte |
| | £ | £ | £ | £ | £ |
| 1957 | 41,664 | 5,007,008 | 65,000 | 486,593 | 653,759 |
| 1958 | 178,086 | 4,512,949 | 100,000 | 541,284 | 1,243,793 |
| 1959 | 319,313 | 4,945,712 | 59,000 | 628,756 | 930,551 |

Die volgende tabel gee weer 'n oorsig van watter bedrae gedurende die afgelope drie jaar van die Bank vir produksie- en verpakkingsdoeleindes aangevra is.

(26)
TABEL XII

| Doel van voorskot | Jaar | | |
|---|---|---|---|
| | 1957 | 1958 | 1959 |
| | £ | £ | £ |
| Graansakke .................... | 3,754,406 | 3,016,202 | 5,058,418 |
| Bemestingstowwe ............. | 2,907,005 | 3,120,782 | 3,603,390 |
| Saad ......................... | 948,919 | 1,003,531 | 1,099,880 |
| Betaling haelassuransiepremies | 742,066 | 267,641 | 191,316 |
| Veevoer ...................... | --- | 18,000 | 13,389 |
| Lenings aan Sitruskoöperasies, Sitrusraad en Sagtevrugteraad vir verpakkingsmateriaal, ens. | 3,599,363 | 3,216,684 | 2,945,752 |

As gevolg van die steeds toenemende meganisasie van die boerderybedryf is die Bank verplig om koöperasies ook met seisoenlenings vir die finansiering van die aankoop van implemente en boerderybenodigdhede vir lede behulpsaam te wees. Die Bank finansier egter nie die uitstaande skulde van lede nie. Indien nodig, moet die koöperasie dit uit eie middele finansier.

/Die ...........113

(25) 1959-Jaarverslag, p.24.
(26) do. , p.26

Die volgende tabel toon die mate waarin die Bank koöperasies in die verskaffing van boerderybenodigdhede en implemente finansier.

TABEL XIII (27)

| Jaar | Gemiddelde maandelikse skuld | Saldo verskuldig aan einde van jaar |
|---|---|---|
| | £ | £ |
| 1955 .................... | 1,994,589 | 2,245,438 |
| 1956 .................... | 2,306,002 | 2,332,359 |
| 1957 .................... | 2,486,206 | 2,628,727 |
| 1958 .................... | 2,602,834 | 2,832,360 |
| 1959 .................... | 3,033,678 | 3,181,330 |

In afwesigheid van geskikte markte moes boere noodgedwonge koöperatief tot die vervaardiging van sekere voedselsoorte en produkte oorgaan. Die Bank het vir die meeste van hierdie ondernemings die grootste gedeelte van die kapitaal voorsien en voel saam met die koöperateurs trots op wat met inspanning en samewerking tot stand gebring is.

Die volgende tabel gee 'n aanduiding van die mate waarin die Bank maal- en inmaakbedrywe gedurende die afgelope vier seisoene finansieel behulpsaam was.

TABEL XIV (28)

| Jaar | Maalbedryf | | Inmaakbedryf | |
|---|---|---|---|---|
| | Paaiementlenings | Seisoenlenings | Paaiementlenings | Seisoenlenings |
| | £ | £ | £ | £ |
| 1956 | 1,249,765 | 3,423,022 | 199,945 | 4,717,759 |
| 1957 | 1,299,092 | 3,529,036 | 178,591 | 5,909,857 |
| 1958 | 1,255,573 | 3,448,491 | 162,098 | 6,262,930 |
| 1959 | 1,272,099 | 3,772,791 | 889,707 | 7,358,274 |

/(b) ........114

(27) 1959-Jaarverslag, p.27.
(28) do. , p.30

(b) Kaskredietvoorskotte aan koöperasies vir hulp aan klein behoeftige boere(29)

Ten einde klein boere te help wat weens omstandighede buite hulle beheer misoeste gehad het en nie in die vermoë is om paraffien, olie, saad en kunsmis aan te koop nie, staan die Bank sedert 1955 aan koöperasies spesiale lenings in die vorm van kaskredietrekenings toe. Hierdeur word die koöperasies in die vermoë geplaas om korttermyn landboukrediet vir produksiedoeleindes aan boere, sommige van wie nie grondbesitters is nie, teen 'n redelike rentekoers, in hulle nood toe te staan. Die rentekoers wat die koöperasie onder hierdie lenings moes betaal, was tot onlangs 1% laer as wat die gewone rentekoers vir alle ander lenings was. Van 1955 af tot 31.12.1959 het die Bank reeds £3,250,000 vir hierdie doel aan koöperasies toegestaan.

Die onderstaande tabel gee besonderhede van hierdie spesiale kaskredietvoorskotte.

TABEL XV (30)

| Jaar | Lenings toegestaan | Bedrae opgevra | Saldo verskuldig op 31/12/1959 |
|---|---|---|---|
| | £ | £ | £ |
| 1955........ | 530,000 | 216,267 | ---- |
| 1956........ | 655,000 | 419,217 | ---- |
| 1957........ | 680,000 | 438,000 | ---- |
| 1958........ | 805,000 | 304,923 | 72,393 |
| 1959........ | 580,000 | 272,540 | 268,690 |
| | £3,250,000 | £1,650,947 | |

As gevolg van regstreekse staatshulp vir hierdie doeleindes het die Raad besluit om hierdie soort voorskot te staak, maar ten einde die oorgangstydperk

/te.........115

(29) 1959-Jaarverslag, p.27.
(30) do. , p.28.

te oorbrug, is lenings nog aan koöperasies verstrek maar teen die gewone rentekoers.[31]

(c) Seisoenlenings aan beheerrade

Kragtens Art. 44 van die Landbankwet het die Raad al lenings ten bedrae van £58,324,145 aan beheerrade toegestaan.[32] Die volgende tabel gee 'n aanduiding van hoe hierdie bedrae sedert 1950 bestee is.

TABEL XVI[33]

| Jaar | Sitrus-raad | Sagtevrugte-raad | Sigorei-raad | Rooibos-tee beheer-raad | Eier-beheer-raad |
|---|---|---|---|---|---|
| | £ | £ | £ | £ | £ |
| 1950 | 750,000 | 1,200,000 | 50,000 | --- | --- |
| 1951 | 750,000 | 1,450,000 | 110,000 | --- | --- |
| 1952 | 750,000 | 1,350,000 | 50,000 | --- | --- |
| 1953 | 750,000 | 1,550,000 | ---- | --- | 400,000 |
| 1954 | 750,000 | 1,550,000 | ---- | --- | 500,000 |
| 1955 | 750,000 | 2,000,000 | ---- | --- | --- |
| 1956 | 900,000 | 2,500,000 | ---- | 35,000 | --- |
| 1957 | 900,000 | 2,500,000 | ---- | --- | --- |
| 1958 | 900,000 | 3,000,000 | ---- | --- | --- |
| 1959 | 1,200,000 | 2,800,000 | ---- | --- | --- |

(d) Korttermynvoorskotte aan individuele boere

Kragtens Art. 34 van die Landbankwet kan 'n voorskot in die vorm van 'n kaskredietrekening aan 'n eienaar van grond of aan 'n huurder verstrek word ingevolge die Wette op nedersettings of aan 'n huurder, of iemand wat verplig is om betalings te doen as koper, ingevolge 'n wet op die vervreemding van Kroongrond, om hom in staat te stel om die koste te bestry wat, volgens die oordeel van die Raad in verband staan met die produksie, bewerking, insameling of bemarking van 'n oes wat verbou word, of op die grond verbou gaan word of om skulde wat vir so 'n doel aangegaan is, te betaal.

/Vir .........116

(31) 1959-Jaarverslag, p.27.
(32) Ontleding van Jaarverslae.
(33) 1959-Jaarverslag, p.31.

Vir hierdie soort lening word 'n hipoteek teen die oeste geregistreer en die oeste wat, na registrasie van die hipoteek, op die grond staan of ingesamel word, word dan geag volkome aan die Bank verpand te wees. Die eienaar of huurder mag, solank die skuld bestaan, nie die eiendom waarop die oeste staan, verhuur, onderverhuur, verdeel of vervreem nie en die Bank het selfs die reg om, by gebrek aan behoorlike bewerking, die eiendom self te bewerk en die oeste in te samel.

Sedert 1939 is hierdie soort lenings slegs aan suikerrietkwekers toegestaan, maar van die einde van 1958 af het die Raad besluit om hierdie fasiliteite ook tot die beskikking te stel van sagtevrugte- en wynboere in die vrugte- en wynproduserende gebiede van die Westelike Provinsie asook die Langkloof-, Klein Karoo- en Olifantsriviergebiede, aangesien hierdie boere korttermynfondse vir die aankoop van spuitmiddels, bemestingstowwe en verpakkingsmateriaal asook vir watervoorsiening en die betaling van arbeidskoste dringend nodig gehad het. Gedurende 1959 is die Wet gewysig om lenings van hierdie aard ook vir die voorbereiding van droëvrugte vir bemarking beskikbaar te stel.

Tot en met die 1959 boekjaar is 'n bedrag van £867,797 net aan suikerrietboere beskikbaar gestel en tot 31 Desember 1959 is £28,685 aan sagtevrugte- en wynboere toegestaan.[34]

/Die ............117

---

(34) 1959-Jaarverslag, pp. 31 & 32.

Die volgende tabel gee 'n aanduiding van die mate waarin van hierdie lenings gedurende die afgelope twee jaar gebruik gemaak is.

TABEL XVII [35]

| Jaar | Suikerrietboere | | | Sagtevrugte- en/of Wynboere | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Krediet beskikbaar gestel | Opgevra gedurende jaar | Saldo verskuldig aan einde van jaar | Bedrag toegestaan | Opgevra gedurende jaar | Bedrag verskuldig aan einde van jaar |
| | £ | £ | £ | £ | £ | £ |
| 1958 | 73,890 | 61,636 | 39,313 | 10,549 | --- | --- |
| 1959 | 76,394 | 64,822 | 21,231 | 18,136 | 15,193 | 7,340 |

As in ag geneem word dat byna alle produkte tans beheer word, wil dit voorkom asof die Raad, sonder veel risiko, hierdie kredietfasiliteite tot ander boere kan uitbrei. Die samewerking van die Landbank en die koöperasies is so hartlik dat ons oortuig voel dat die koöperasies, indien nodig, die Bank met die invordering van die lenings behulpsaam sal wees. Die handelsbanke het gewoonlik nie sulke goeie sekuriteit vir hulle oortrokke rekenings nie.

Onses insiens is die boer wat sy produkte los en vas verkoop, miskien die grootste faktor wat die uitbreiding van hierdie skema vir die voorsiening van noodsaaklike seisoenskrediet in die wiele ry.

Die Staat het die masjinerie daargestel en dit is vir die boer om te bewys dat hy dit op besigheidsbeginsels kan gebruik.

/4. Tegemoet-...118.

(35) 1959 Jaarverslag, p.32.

3. TEGEMOETKOMING AAN SKULDENARE

Kredietverlening aan die landbou is nodig om dit in stand te hou en uit te bou, maar die landbou het ook tegemoetkoming nodig gedurende die tydperk wanneer die voorskotte wat toegestaan is, terugbetaal moet word. Boerdery in Suid-Afrika is, soos reeds in Hoofstuk I uiteengesit, aan allerhande plae en teleurstellings onderhewig, met die gevolg dat boere dit dikwels nodig vind om tegemoetkoming van die kredietverskaffer aan te vra. Die Landbank kom boere op die volgende wyse tegemoet.

(a) Uitstel vir betaling van paaiemente

Boere vind dit dikwels, weens omstandighede buite hul beheer, nodig om uitstel vir betaling van paaiemente aan te vra. Wanneer die Bank tevrede is dat 'n skuldenaar nie op daardie tydstip sy verpligtings kan nakom nie en definitiewe voorstelle vir betaling voorgelê word, is hy altyd bereid om simpatiek op te tree en die skuldenaar alle moontlike tegemoetkoming te verleen. Die Bank verwag egter dat sy skuldenare in gedagte moet hou dat die Bank die eerste verbandhouer is en voorkeur bo ander skuldeisers moet geniet.

/Die ...........119

Die volgende tabel toon die persentasie agterstallige rente en kapitaalpaaiemente wat sedert 1938 op individuele lenings aan boere uitstaande is as persentasie van die totale bedrag uitstaande.[36]

TABEL XVIII

| Jaar | Rente | Kapitaal | Totaal |
|---|---|---|---|
| | % | % | % |
| 1938 ............. | 1.065 | 0.622 | 1.687 |
| 1939 ............. | 1.188 | 0.779 | 1.967 |
| 1940 ............. | 1.133 | 0.814 | 1.947 |
| 1941 ............. | 0.928 | 0.855 | 1.783 |
| 1942 ............. | 0.675 | 0.725 | 1.400 |
| 1943 ............. | 0.578 | 0.495 | 1.073 |
| 1944 ............. | 0.497 | 0.360 | 0.857 |
| 1945 ............. | 0.487 | 0.355 | 0.842 |
| 1946 ............. | 0.461 | 0.357 | 0.818 |
| 1947 ............. | 0.404 | 0.340 | 0.744 |
| 1948 ............. | 0.330 | 0.273 | 0.603 |
| 1949 ............. | 0.500 | 0.368 | 0.868 |
| 1950 ............. | 0.410 | 0.325 | 0.735 |
| 1951 ............. | 0.397 | 0.357 | 0.754 |
| 1952 ............. | 0.440 | 0.436 | 0.876 |
| 1953 ............. | 0.402 | 0.380 | 0.782 |
| 1954 ............. | 0.412 | 0.358 | 0.770 |
| 1955 ............. | 0.591 | 0.406 | 0.997 |
| 1956 ............. | 0.709 | 0.456 | 1.165 |
| 1957 ............. | 0.928 | 0.525 | 1.453 |
| 1958 ............. | 1.284 | 0.707 | 1.991 |
| 1959 ............. | 1.046 | 0.574 | 1.620 |

Om 'n verdere beeld te kry van hoe tegemoetkomend die Bank teenoor boere is nadat lenings toegestaan

/is ..........120

(36) 1959-Jaarverslag, p.33.

is, kan slegs na die onderstaande tabel van verkopings verwys word.

TABEL XIX [37]

| Oorsaak van Raad se besluit | Aantal verkopings | Persentasie op totaal verkopings |
|---|---|---|
| Skuldenaar insolvent .................. | 428 | 24.67 |
| Skuldenaar oorlede en boedel beredder ingevolge artikel 48 (3) (b) van die Boedelwet (voordat assuransieskema in werking getree het. .................... | 159 | 9.16 |
| Eiendom verkoopbaar verklaar by aansoek van ander krediteure of as gevolg van vonnis teen skuldenaar verkry | 90 | 5.19 |
| Skuldenaar boerdery laat vaar en Bank versoek om te verkoop ................ | 475 | 27.38 |
| Opgelope agterstallige skulde en skuldenaar se vooruitsigte as hopeloos beskou | 521 | 30.03 |
| Skuldenare se boedel beredder ingevolge artikel 10 van Wet Nr. 48/35 (Boerebystandswet) ......................... | 62 | 3.57 |
| | 1,735 | 100.00 |

Die Bank het dus uit 'n totaal van 114,475 verbandlenings wat van 1912 af tot 31 Desember 1959 geregistreer is, slegs 1,735 gevalle verkoop d.w.s. slegs 1.5% en hiervan het die Bank self slegs in 30.03% van die gevalle die inisiatief geneem. Die vrees wat die opposisie met die indiening van die Landbankwet gekoester het vir die "most unbusinesslike principle, which ......would have far-reaching and undesirable results.....,"[38] is dus nie verwesenlik nie.

(b) Opskorting van kapitaalaflossing

Kragtens Art. 52(1) en (2) mag die Raad die tydperk waarvoor die voorskot verstrek is, verleng of dit mag

/die ......121

(37) 1959-Jaarverslag, p.34.
(38) House of Assembly Debates, 1912. Toespraak C.J. Krige op 21/5/1912.

die kapitaalaflossing van daardie voorskot vir 'n tydperk opskort, of dit mag beide die tydperk van terugbetaling verleng en die kapitaalaflossing opskort. Die totale tydperk van so 'n lening mag egter nie veertig jaar te bowe gaan nie.

Die Bank is, na verneem word, suinig met die verlening van hierdie hulp en wil nie sien dat daar misbruik van gemaak word nie. Gewoonlik is die verlening van uitstel vir betaling van paaiemente voldoende om 'n skuldenaar in staat te stel om sy verpligtings na te kom.

(c) Konsolidasie van skulde

Die Raad kan, kragtens Art. 54, op die voorwaardes wat hy goedvind, skulde wat aan die Bank verskuldig is, tesame met rente en koste, konsolideer, al sou dit tot gevolg hê dat die gekonsolideerde skuld die deur die Wet voorgeskrewe perke te bowe gaan.

Onder normale omstandighede is dit nie vir die Bank nodig om veel van hierdie magte gebruik te maak nie. Gedurende 1950 is bv. nie een lening gekonsolideer nie, terwyl daar in 1951 slegs twee waterlenings gekonsolideer is. Gedurende en na 'n depressie is hierdie tegemoetkoming onontbeerlik. Die Raad het dit bv. in 1933 en 1934 noodsaaklik gevind om respektiewelik 2,023 en 1,823 lenings te konsolideer.

/Die ...........122

Die volgende tabel gee 'n opsomming van die lenings wat van 1933 af tot 1955 gekonsolideer is.

(39)
TABEL XX

| Tydperk | Soort lening gekonsolideer | Getal lenings gekonsolideer | Kapitaal gekonsolideer | Rente gekapitaliseer |
|---|---|---|---|---|
| 1933 | Verbandlenings | 4,154 | £3,754,058 | £313,176 |
| tot | Omheinings-lenings ...... | 837 | 234,927 | 29,770 |
| | Dipbaklenings | 65 | 5,183 | 608 |
| | Waterlenings | 296 | 38,929 | 4,381 |
| 1955 | Silolenings | 5 | 672 | 63 |
| Totaal .............. | | 5,357 | £4,033,769 | £347,998 |

(d) Verandering van paaiemente en vervaldatums

Kragtens Art. 53 mag die Bank, met die toestemming van die skuldenaar, die paaiemente en vervaldatums daarvan verander. Boere wysig soms hulle soort boerdery, met die gevolg dat hulle hoofbron van inkomste op 'n ander tyd van die jaar beskikbaar is. In sodanige gevalle word dan gewoonlik aansoek gedoen om 'n aanpassing van die vervaldatums van die paaiemente.

(e) Plaasverbandversekering

Die Bank het dit nog altyd as 'n leemte gevoel dat weduwees en erfgename van 'n skuldenaar weer lenings moet aangaan om die skuld te betaal. Dit was gevoel dat lewensversekering hierdie probleem sou oplos en met hierdie doel voor oë het die Bank gedurende 1954 onderhandelings aangeknoop. Uiteindelik is 'n ooreenkoms met die Suid-Afrikaanse Verbandversekeringsmaatskappy Beperk (SAVVEM) gesluit en is alle bestaande individuele skuldenare gevra of hulle by die skema wil aansluit. Ten einde dit vir hulle

/maklik .......123

(39) Jaarverslae.

maklik te maak, is die paaiemente op 'n aktuariële basis herbereken sodat die paaiemente min of meer dieselfde sou wees as wat die skuldenaar op daardie datum sou betaal het. Alle nuwe lenings is egter van 1/1/1955 toegestaan, onderworpe aan verpligte versekering van die skuldenaar se lewe by hierdie maatskappy. Van die skuldenare wat tot op 31/1/1957 die keuse gehad het om hul lenings te verseker, het 65% vrywillig by die skema aangesluit en op 31/10/1957 was 80.14% van die totale bedrag wat in plaasverbande belê is, verseker. Op 31 Desember 1959 was 18,559 skuldenare vir 'n totale bedrag van £38,667,118 deur assuransie gedek. Die totale eise teen die maatskappy ten behoewe van 914 skuldenare wat gedurende die afgelope vyf jaar oorlede is, het op 31/12/1959 £1,211,837 bedra soos in die volgende tabel uiteengesit.

TABEL XXI (40)

Sterfgevalle en voordele verreken onder die verbandassuransieskema vir afgelope vyf jaar (1955-59)

| Ouderdomsgroep | Aantal sterfgevalle | Bedrag verreken £ | s. | d. |
|---|---|---|---|---|
| 14 - 30 ................ | 5 | 12,588. | 12. | 11. |
| 31 - 40 ................ | 19 | 31,635. | 2. | 7. |
| 41 - 50 ................ | 85 | 167,310. | 8. | 3. |
| 51 - 60 ................ | 183 | 312,993. | 3. | 6. |
| 61 - 70 ................ | 302 | 372,185. | 8. | 9. |
| 71 en bo ................ | 320 | 315,124. | 11. | 9. |
| Totaal ................ | 914 | £1,211,837. | 7. | 9. |

Gedurende dieselfde tydperk was premies ten bedrae van £1,523,850 gevorder. (41)

Hierdie ontwikkeling is van die uiterste belang ook vir die assuransiewese in Suid-Afrika en privaat versekeringsmaatskappye beskou dit begryplikerwys met gemengde gevoelens.

/4. Samevatting...124

(40) en (41) 1959-Jaarverslag, p.15.

4. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

Die Staat het die Landbank nou die bevoegdheid verleen om aan byna al die kredietbehoeftes van die landbou te kan voldoen, mits die nodige fondse daarvoor gevind kan word, iets wat reeds meer as twee jaar gelede in die eerste ontwerp van hierdie verhandeling bepleit is.

Dit is uiters moeilik om presies vas te stel watter bedrae op plase teen verband verskuldig is, aangesien genoegsame statistiek ontbreek. Volgens dr. Grosskopf se berekening was dit in 1930 £90,675,000, terwyl dr. van der Horst dit in 1933 op £120,000,000 gestel het.(42) B.F.J. van Rensburg het bereken dat dit op 31.8.1950 konserwatief bereken £115,000,000 kan wees.(43) Na die verwerking van verskeie statistieke van die Buro vir Sensus en Statistiek het ons egter tot die gevolgtrekking gekom dat die totale verbandskuld op plase nou ongeveer £215,000,000 moet bedra. Die assuransiemaatskappye hou volgens hierdie berekening gesamentlik plaasverbande vir 'n totale bedrag van ongeveer £45,000,000, ander finansiële instellings ongeveer £20,000,000, terwyl die verbandskuld by die Landbank ongeveer £43,000,000 is. (Dit is dus plus minus 20% van die totale plaasverbandskuld). Die hoofbestuurder van die Landbank het gedurende 1958 bereken dat sowat 15% van die totale bedrag wat deur boere verskuldig is, aan die Landbank verskuldig is.(44)

Sommige is egter van mening dat die Landbank slegs ongeveer 5% van die totale plaasverbandskuld hou.(45) (Die totale verbandskuld moet dan hiervolgens ongeveer £520,000,000 wees aangesien boere toe £26,000,000 aan die Landbank verskuldig was). Hierdie persentasie is seker

/ietwat ......125

(42) Van Rensburg: Landboukrediet in S.A. soos voorsien deur die Staat, p.90
(43) Ibid., p.91.
(44) Georganiseerde Landbou, Augustus 1958, p.9.
(45) Georganiseerde Landbou, 13.9.1957, André du Toit, president Kaaplandse Landbou-unie, p.1.

ietwat te konserwatief maar dit is duidelik dat die Landbank maar 'n klein persentasie van die totale verbandskuld op plase beheer. Die oorgrote meerderheid plaasverbande word deur kleiner inrigtings en privaat individue gehou.

Op die oomblik finansier die Bank alle vertakkings van die landbou, en as in aanmerking geneem word dat dit ongeveer 20% van alle plaasverbande hou, die grootste (byna uitsluitlike) bron van kredietverskaffing aan koöperasies is, deurdat dit "gelet op die totale opbringste van die Unie as geheel, die bemarking van 65% tot 70% van die mielies, van 80% tot 85% van die koring, 90% van die oliesade, 85% tot 90% van die lusernhooi en 80% van katoen finansier,(46) moet ons erken dat die Staat met die stigting van die Landbank 'n inrigting in die lewe geroep het wat in 'n groot mate as die hoofkanaal van Staatskrediet vir die landboubedryf beskryf kan word, en dit is nie sonder betekenis nie dat die bankbestuur net soos die beheer, oorwegend kultureel-Afrikaans is, soos ook die boere self.

Die praktyk het getoon dat die Bank nie konkurerend met privaat inisiatief optree nie, maar dat dit steeds die oorspronklike doelstellings van die Staat met die stigting van die Bank in gedagte hou, nl. om 'n inrigting te wees wat sorg vir die aanvullende finansiering van boerdery tot voordeel van beide die boeregemeenskap en die Staat. Deur die optrede van die Bank is privaat inisiatief, gedagtig aan die periodieke depressietydperke toe die Staat deur bemiddeling van die Bank beskermend opgetree het, eerder gestimuleer. Meer geld is in omloop gebring en die handelslapte is verlig. As dit nie vir die optrede van die Staat deur bemiddeling van die Bank was nie, sou verskeie privaatbeleggers gedurende daardie tydperke groot verliese gely het en talle boere sou weens omstandighede buite hulle beheer totaal onder-

/gegaan ........126

---

(46) 1959-Jaarverslag, p.24.

gegaan het. Die belange van loskrediteure is altyd deur die Bank in ag geneem, soos duidelik blyk uit die Raad se 1959 verslag (p.11) waarin gesê word "..........waar die Raad 'n applikant se skulde konsolideer, moet hy immer daarteen waak dat hy nie net sekere krediteure betaal en ander nie, want nie alleen sal dit die applikant se posisie kwesbaar laat, maar die krediteure wat nie betaal word nie, kan later kla dat die Bank saam gewerk het om hulle belange te prejudisieer."

Aangesien die Landbank nou gemagtig is om ook hipoteeklenings op roerende goed toe te staan, kan aan 'n langgevoelde behoefte voldoen word. Dit word vertrou dat die boeregemeenskap nie die Staat teleur sal stel nie aangesien hierdie soort krediet ongetwyfeld uitgebrei sal word as dit 'n sukses is. Die eerste poging met die Landboukredietwet het misluk. Mog hierdie tweede poging 'n sukses wees.

Koöperatiewe optrede is deur die Staat met die stigting van die Landbank 'n groot stoot vooruit gegee. Die feit dat die Bank sedert sy stigting so 'n groot bedrag aan koöperasies uitgeleen het en dat die lenings jaarliks groter word, is 'n duidelike bewys van die omvang van die werksaamhede van koöperasies, en die wyse waarop die Staat boere met die stigting van die Landbank tot hulp gekom het.

## HOOFSTUK VII.

## 'N KRITIESE BESKOUING EN VOORUITSIGTE INSAKE DIE TOEKOMS VAN DIE LANDBANK

### 1. GEBREKE

Boerdery is een van die belangrikste nywerhede van Suid-Afrika en dit is van groot belang dat die Staat 'n wakende oog daaroor moet hou. Die Staat behoort sorg te dra dat sy landboukredietfasiliteite gekoördineerd is en dat sy landboubeleid uitgevoer word. Die Staat kan nie maar oogluikend toelaat dat finansieringsinstellings met die oog op "goeie besigheid" die doelstellings van die Staat dwarsboom en selfs vernietig nie. Aan die ander kant mag hierdie belangrike nywerheid nie as gevolg van onvoldoende fondse en 'n gebrek aan planmatigheid en koördinasie in sy ontwikkeling en uitbouing gestrem word nie. Dit is die plig van die Staat om die geleenthede vir die nodige koördinasie en beplanning van kredietvoorsiening te skep. Dit kan, onses insiens, gebeur deur een of meer van die bestaande boerderyfinansieringsinstellings in 'n doeltreffender inrigting om te skep.

As die verskillende skemas waaronder die Staat hulp aan boere verleen, bestudeer word, is dit duidelik dat die Staat nog nie 'n eenvormige en goed beplande skema en beleid vir die finansiering van boerdery het nie. Hierby moet ons ook nog in gedagte hou dat blote finansiering sondermeer nie al die probleme van die landbou oplos nie. In soverre dit die Staat betref, word dit gevoel dat die verskillende finansieringsinstellings gekoördineer of saamgevoeg moet word en dat verdere krediet volgens vaste beginsels en dan nie net sakebeginsels nie, toegestaan moet word. Die Staat kan ook nie toelaat dat persone op so 'n wyse boer en die kredietfasiliteite op so 'n wyse gebruik dat dit nie alleen tot

/hulle .........128.

hulle eie nadeel maar ook tot nadeel van die hele gemeenskap en ons nageslagte is nie.

Die finansiering van die landbou deur die Staat vertoon eerstens 'n gebrek aan 'n eenvormige beheer deur die Staat, tweedens 'n gebrek aan 'n eenvormige beleid, eenvormige doelstellings en ook 'n gebrek aan koördinasie.

Ons sal nou hierdie gebreke agtereenvolgens behandel en daarna ons sienswyse vir die verbetering van hierdie tekortkomings uiteensit.

(a) Gebrek aan eenvormige Staatsbeheer

In Hoofstuk II is 'n uiteensetting gegee van die redes waarom die Landbank nie as 'n suiwer departementele inrigting in die lewe geroep is nie. Daar is ook in hierdie hoofstuk gewys op die noodsaaklikheid van gesonde beheer deur die Staat oor die finansiering van boerdery. Hierdie beheer deur die Staat moet egter, onses insiens, eenvormig wees. In die praktyk vind ons nou egter dat die Landbank en die Kantoor tot Invordering van Staatsvoorskotte onder die Minister van Finansies ressorteer, terwyl kredietfasiliteite ook deur die Departement van Lande (die Minister van Lande), die Departement van Waterwese en die Departement van Landbou-tegniese Dienste oorweeg en toegestaan word. Finansiële hulp aan die landbou staan gevolglik onder die beheer van drie Ministers. Die Landbank, die Kantoor tot Invordering van Staatsvoorskotte en die Departement van Lande het ook nog hul eie Rade. Aangesien daar nie 'n koördinerende komitee bestaan nie en verskillende raadslede nie oor en weer op mekaar se Rade sitting het nie, is dit vanselfsprekend dat daar baie min sprake van 'n eenvormige Staatsbeheer kan wees.

(b) Gebrek aan eenvormige beleid, doelstellings en koördinasie

Die besturende direkteur van die Landbank wat ook voorsitter van die Landbankraad is, het volgens die "Farmer's Weekly van 6 April 1960 die volgende gesê: "......I consider it advisable to bring certain information to the notice of your readers. First of all, the Land Bank, the Farmers' Assistance Board and the Department of Agricultural Technical Services, which grant soil-erosion loans, are three distinct organisations, each of which has its own approach to problems. Their policies are determined independently of each other, even though I also happen to be Chairman of the Farmers' Assistance Board." Hy kon hierby nog die Departement van Waterwese, wat ook onder die Minister van Landbou-tegniese Dienste ressorteer en die Departement van Lande gevoeg het.

2. OORVLEUELING VAN KREDIETFASILITEITE AAN DIE LANDBOU

Die verskeie inrigtings stel volgens 'n ongedateerde pamflet, getiteld "Finansiële bystand aan die boeregemeenskap," wat gedurende 1957 uitgegee is, o.a. die volgende lenings beskikbaar.

(a) Departement van Landbou-tegniese Dienste

Lenings word toegestaan vir: reservoirs, gronddamme, gatdamme, putte, krippe, kontoerwalle, stormslote, direkte gronderosie- bestrydings- of herwinningswerke, voerkuile, binnekampheinings, ander permanente binneheinings, veesuipingstelsels, brakvoorkomings- en bestrydingswerke, aankoop van saad en plante, sekere ander besproeiingswerke, sekere ander herwinningswerke soos die vestiging van rusoeste asook die aankoop van stikstofkunsmis. Behalwe lenings op besonder

/billike .....130.

billike terme kan boere vir die meeste van hierdie skemas nog 'n subsidie tot 50% van die koste kry.

Noodhulplenings soos saad, kunsmis en brandstoflenings word ook deur hierdie Departement aan boere beskikbaar gestel.

(b) Departement van Lande

Hierdie Departement het drie skemas waaronder boere gehelp word. Dit kom kortliks op die volgende neer:

Skema 1. Staatsgronde, d.w.s. grond wat aan die Staat behoort of wat aan die Staat teruggeval het of grond wat spesiaal vir die doel aangekoop is, word na verdienste aan Kroongrondhuurders toegeken op huurkontrak vir vyf jaar met die reg om die opsie van aankoop te enigertyd gedurende die termyn van die huurkontrak of by verstryking daarvan uit te oefen. Vir die eerste twee jaar is geen huurgeld betaalbaar nie. Vir die derde jaar is 2% per jaar betaalbaar en vir die vierde en vyfde jare $4\frac{7}{8}$%. As die huurder die opsie van koop uitoefen, is die koopprys in vyf-en-sestig gelyke jaarlikse paaiemente betaalbaar, wat kapitaal en rente teen $4\frac{7}{8}$% per jaar op die saldo daarvan insluit.

Skema II. (Bekend as Artikel XI-lenings). Onder hierdie skema onderhandel die applikant self met die verkoper (net soos by die Landbank) en as die Staat die plaas dan vir hom koop, word dit in die naam van die Goevernement geregistreer. By die aankoop word van die applikant vereis om minstens 'n bedrag wat gelykstaande is met een tiende van die koopprys daartoe by te dra. Die saldo (90%) word dan deur die Staat bygedra tot 'n bedrag van hoogstens vyfduisend eenhonderd-en-vyftig pond . Vir die eerste twee jaar word

rente teen 4% gekapitaliseer. 'n Huurkontrak word dan aan die applikant uitgereik waarvolgens die saldo van die koopprys in drie-en-sestig gelyke jaarlikse paaiemente betaalbaar is wat kapitaal en rente insluit. Hierdie paaiemente is dan van die einde van die derde jaar af betaalbaar.

Skema III. Onder hierdie skema word besproeibare persele aangelê op Staatsgrond of grond wat spesiaal vir die doel aangekoop is. Noodsaaklike verbeterings soos 'n woonhuis word deur die Staat op die hoewe opgerig en verder word die applikant op allerhande maniere, o.a. deur tegniese advies, gehelp om 'n sukses van sy boerdery te maak. Sodra so 'n proefhuurder die Departement oortuig het dat hy 'n sukses van boerdery kan maak, word die hoewe gewoonlik aan hom onder die voorwaardes soos onder skema 1 uiteengesit, toegeken.

Enige blanke persoon bo die ouderdom van agttien jaar kan onder enigeen van hierdie skemas deur die Staat gehelp word.

(c) Departement van Waterwese

Lenings word toegestaan vir die boor van boorgate, die bou van damme en ander besproeiingswerke. Hierdie lenings word as 'n las teen die plaas genoteer en die voorwaardes van terugbetaling is baie billik. Boonop kry die boer ook nog 'n aantreklike subsidie.

(d) Kantoor tot Invordering van Staatsvoorskotte

Hierdie kantoor administreer die verskillende staatsvoorskotte, maar dit staan ook lenings aan boere toe om hul skulde te konsolideer. Op 31/3/57 het hierdie kantoor viermiljoen seshonderd een-en-sewentigduisend driehonderd vyf-en-tagtig pond (1) namens die Staat geadministreer.

/(e) ............132.

(1) 1956-57 - Verslag van die Kontroleur-en Ouditeur-generaal, p.277.

(e) Die Landbank

Kragtens die Landbankwet is die Landbank gemagtig om vir min of meer dieselfde doeleindes as die Staatsdepartemente lenings toe te staan. Die verskillende soorte lenings is in Hoofstuk VI uiteengesit. Die Landbank se terme van terugbetaling is net nie dieselfde as dié van die Staatsdepartemente nie, alhoewel die rentekoers (tans 5¾%) en die termyn van terugbetaling (tot vyf-en-dertig jaar in plaas van tot vyf-en-sestig jaar en langer soos by die Departement van Lande byvoorbeeld) ook billik genoeg is.

Die Landbank het gevind dat die gemiddelde duur van lenings maar ongeveer vyftien jaar is.(2) Die gemiddelde duur van die lenings van die Departement van Lande is nie bekend nie, maar dit kan seker met veiligheid aangeneem word dat baie min boere, indien enige, vir die maksimum tydperk aan die Departement bedrae verskuldig bly. Dit is te betwyfel of lenings vir langer tydperke as vyf-en-dertig jaar nodig is. "Die (Landbank) Raad aanvaar nou dat as 'n boer die Bank nader om hulp, daar goeie redes voor moet bestaan en in die normale loop van sake oorweeg hy nou alle aansoeke wat ontvang word volgens verdienste,"(3) maar „waar die Raad twyfel of die aangebode sekuriteit wel 'n ekonomiese eenheid uitmaak al dan nie, word daar eers vooraf vasgestel wat die potensiaal van die eiendom is, en beperk hy dan sy hulp tot daardie gevalle waar dit duidelik is dat die plasie wel instaat sal wees om die las te dra."(4) Van die dienste van die voorligtingsbeamptes van die

/Departement...... 133.

---

(2) Volgens die vorige hoofrekenmeester van die Landbank.
(3) 1959-Jaarverslag, p.6.
(4) do. p.7.

Departement van Landbou-tegniese Dienste word in twyfelagtige gevalle gebruik gemaak. Daar is andersins blykbaar baie min oorlegpleging tussen die verskillende departemente. Volgens die Landbank se jaarverslag wil dit voorkom asof slegs in die geval van klein plasies of landbouhoewes van die dienste van hierdie tegniese beamptes gebruik gemaak word, en dat slegs by finansiering van sodanige gevalle daarop aangedring word dat die boer die beplanning van hierdie Departement moet deurvoer.

Die Landbank se begin in die regte rigting om sy deel by te dra om te sorg dat op wetenskaplike wyse geboer word, word verwelkom, maar die Landbank gaan onses insiens nie ver genoeg nie. Hierby moet ons nog in gedagte hou dat die Landbank en die verskillende Staatsdepartemente wat boerdery finansier, elkeen sy eie onafhanklike benadering van probleme het.

3. <u>DIE INVORDERING VAN SKULDE</u>

Die grootste moeilikheid kom egter by die terugbetalings van sulke lenings. Die kantoor tot Invordering van Staatsvoorskotte wat die invordering van skulde aan die Staat, behalwe dié aan die Departement van Lande, administreer, het reeds 'n kapitaalbedrag van £1,640,771 uit 'n totale bedrag van £31,432,516 afgeskryf (dit wil sê 5.2%). Verder is ongeveer £200,000 aan rente afgeskryf.

Gedurende 1956/57 is £31,956 afgeskryf wat onder andere nege bedrae van oor £1,000 en tien van oor £500 en onder £1,000 ingesluit het.(5) Die Landbank het daarenteen in sy bestaan van vyftig jaar slegs 'n bedrag van £294,331(6) teen sy reserwefonds afgeskryf.

/Die ...........134

(5) Verslag van die Kontroleur- en Ouditeur-generaal, 1956/57.
(6) Jaarverslae asook artikel 11 van Wet 32/1924, en Wet Nr.16 van 1927.

Die totale bedrag wat die Landbank tot 31 Desember 1957 tot die beskikking van boerdery in Suid-Afrika gestel het, beloop meer as £1,200 miljoen.[7] Die Landbank het dus tot sover slegs .024% teen sy reserwefonds afgeskryf. As gevolg van te hoë voorskotte op mielies en koring gedurende 1931/32, 1934/35 en 1937/38 en weens die beleid wat ten opsigte van Landboukredietverenigings en ander koöperasies gevolg is, het die Staat 'n totale bedrag van £3,187,566 (.265%) óf afgeskryf óf na die Kantoor tot Invordering van Staatsvoorskotte oorgeplaas.

Skulde aan die Staat word deur baie individue beskou as skuld wat nie noodwendig op vervaldag betaal hoef te word nie. Die hoë persentasie agterstalliges van die Kantoor tot Invordering van Staatsvoorskotte in vergelyking met die Landbank naamlik respektiewelik 5.5%[8] teenoor .928%[9] agterstallige rente tot die belegde kapitaal bewys dit. (Die agterstallige kapitaal wat aan die Kantoor tot Invordering van Staatsvoorskotte verskuldig is, word ongelukkig nie deur die Kontroleur- en Ouditeur-generaal in sy verslag vermeld nie). Hierdie syfers is nog soveel sprekender as in aanmerking geneem word dat die Landbank boere, ná toekenning van die lenings, op die maniere soos in Hoofstuk VI uiteengesit, behulpsaam is en 'n gedeelte van die boerderybevolking die Landbank ook as 'n soort staatsinstelling beskou.

Die voorsitter van die Landbankraad is ook voorsitter van die Boerebystandsraad, met die gevolg dat dieselfde breë beleid min of meer deur die twee inrigtings gevolg moet word. Die algemene finansiële toestand van boerdery is die afgelope aantal jare so gesond dat hierdie hoë persentasie agterstallige rente

/by ............135.

(7) 1957-Jaarverslag, par.15.
(8) Ontleding van Kontroleur- en Ouditeur-generaal se 1956/57 verslag.
(9) 1957 Landbank-Jaarverslag, par.33.

by die Kantoor tot Invordering van Staatsvoorskotte nie net aan finansiële onvermoë om te betaal toegeskryf kan word nie.

Die Staat finansier landbou deur te veel verskillende kanale en dit kan slegs die gevolg hê dat boere by te veel verskillende plekke hulle verpligtings moet probeer nakom, terwyl daar baie min, indien enige, oorlegpleging tussen dié verskillende Staatsfinansierings-instellings bestaan, nie alleen by die toekenning van lenings nie, maar ook by die invordering daarvan.

4. DIE LANDBANK MOET UITGEBOU WORD.

Die kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie- en landboukrediet het reeds in 1934 bevind dat daar geen onafhanklike inrigting is om in die kredietbehoeftes van die boerderygemeenskap te voorsien nie, en het onder andere aanbeveel dat die Landbank in 'n onafhanklike hipoteekbank omgeskep word.(10)

Sommige van die aanbevelings van hierdie kommissie is deur die Staat aanvaar, maar in plaas daarvan om die Landbank tot 'n "Onafhanklike Hipoteekbank" uit te bou, is die Boerebystandswet en die Landbankwet nog 'n keer gewysig. Deur die stigting van die Kantoor tot Invordering van Staatsvoorskotte in 1931 (nog 'n Staatsdepartement) is aan die onmiddellike behoeftes van die boer, wat as gevolg van die depressie byna ten onder gegaan het, in 'n groot mate voldoen, maar die Staat het nie vir 'n permanente oplossing gesorg nie.

Dit is waar dat die omstandighede destyds sodanig was dat al die aanbevelings van die kommissie, as gevolg van die depressietoestande, dalende grond- en produktepryse ens., toe miskien nie prakties uitvoerbaar sou gewees het nie, maar die toestande het tans sodanig verander dat die tyd, onses insiens, nou aangebreek het

/dat .........136

(10) U.G. 16-34. pp. 204-205.

dat die Staat dit baie ernstig moet oorweeg om die Landbank tot 'n meer selfstandige en meer onafhanklike liggaam uit te bou en tegelykertyd te sorg dat eenvormige beheer uitgeoefen en die landboubeleid van die Staat uitgevoer word.

Die byna onbeperkte voorsiening van fondse deur die Staat en die bevordering van die Landbank tot enigste plaasverbandhouer, soos deur die verslag van die Heropboukomitee van die Departement van Landbou- en Bosbou (11) beoog, is nie wenslik nie, aangesien enige monopolistiese instelling die kiem van ontbinding in hom het, en dit vir die landbou sowel as die land as geheel 'n kwade dag sal wees as die Staat al die plaasverbande hou. Die Raad van die Landbank het dan ook in sy antwoord (12) op hierdie aanbeveling van die Heropboukomitee gesê dat die vryheid van die individu nie so aan bande gelê moet word nie. Die gevaar dat ons boeregemeenskap in so 'n geval die speelbal van politici mag word, is ook nie uitgesluit nie.

Dit word egter tog gevoel dat die Staat met die stigting van die Landbank 'n inrigting in gedagte moes gehad het wat aan so te sê al die finansiële behoeftes van die boer moes kon voldoen en wat nou na vyftig jaar in elk geval 'n oorheersende posisie in die finansiering van die boerdery moes beklee. Dit is nie verwesenlik nie; inteendeel word daar van die kant van die georganiseerde landbou gekla dat die Landbank slegs 5% van alle plaasverbande hou en sy invloed dus minimaal is.

Ons is bevrees dat "besigheidsbeginsels" deur die Staat, insluitende die Landbank, te veel in gedagte

/gehou.......137

---

(11) G.P.S. 9280-1943/4, pp. 43 en 44.
(12) Memorandum van die Raad van die Landbank aan die Minister van Finansies (1944).

gehou word en dat daar by die finansiering van landbou nie voldoende aandag aan die toekoms van die landbou in Suid-Afrika geskenk word nie. Die vinnige ontwikkeling van Suid-Afrika, die aanwas van alle rasse van die bevolking met sy stygende lewenstandaard en die ontwaking van Afrika moet in 'n groter mate by die finansiering van landbou in gedagte gehou word.

Dit word gevoel dat, ten einde dit te verwesenlik, die Landbank deur die Staat tot 'n onafhanklike volksinrigting onder Staatstoesig vir die finansiering van landbou uitgebou moet word. Hierdie uitbouing moet onses insiens soos volg geskied:

'n Wetenskaplike ondersoek van die finansiële posisie van elke skuldenaar van die Kantoor tot Invordering van Staatsvoorskotte moet ingestel word. By hierdie ondersoek moet die waarde van die eiendom, die landboupotensiaal daarvan en die vermoë van die skuldenaar in berekening gebring word. Alle skulde wat hiervolgens nie gedek is nie, moet afgeskryf en die oorblywende skulde moet na die Landbank oorgeplaas word. Art. XI Landraadlenings moet ook na die Landbank oorgeplaas word en in die toekoms moet alle boere wat plase wil aankoop, oor dieselfde kam geskeer word. Ander Staatsdepartemente moet nie meer die gewone bystandslenings toestaan nie. Die finansiële sy van bogemelde kan maklik opgelos word.

Boere wie se skulde gedeeltelik afgeskryf is, moet dan deur die Landbank in kennis gestel word dat hulle die boerderystruktuur in die toekoms volgens wetenskaplike beginsels moet inrig en hierdie metodes moet in samewerking met die Departement van Landbou-tegniese Dienste uitgewerk word. By die oorweging van verdere tegemoetkoming aan hierdie of ander boere moet die tegniese advies van hierdie Departement eers ingewin word.

/Tegniese.....138

Tegniese advies moet nie net in twyfelagtige gevalle ingewin word nie maar in alle gevalle waar aansoek om finansiële bystand aangevra word.

Dit word gevoel dat die inrigting wat die finansiële bystand verleen, die reg het om te verwag dat op 'n wetenskaplike basis geboer moet word. Art. 8 van die Tweede Bylae tot die Landbankwet maak reeds daarvoor voorsiening dat die verbandgewer die verhipotekeerde grond ten alle tye op bekwame en behoorlike wyse en volgens die reëls vir goeie boerdery sal bewerk en bestuur en dat die Bank by gebreke daarvan die plaas in beslag kan neem en verkoop.

Dit is die plig van die Staat as oppervoog van toekomstige geslagte om toe te sien dat "die erwe van ons Vadere vir ons kinders erwe bly", en dat die bodem van Suid-Afrika nie vir eie gewin uitgebuit word nie. Alhoewel daar aanvanklik baie teenkanting teen sulke drastiese stappe sal wees, voel ons oortuig dat ons boere wat ons vaderlandse bodem liefhet, gou hierby sal inval en binne 'n betreklike kort tyd sal besef dat wetenskaplike boerdery die beste betaal. Hoër produksie per eenheid en wetenskaplike bodemversorging word hierdeur beoog. Die bemarking van die produkte moet egter altyd in gedagte gehou word. Natuurlik sal versigtig en diplomaties te werk gegaan moet word, aangesien daar altyd verskil van mening sal wees.

Waar die finansiering van die landbou dan byna geheel en al van direkte Staatsbeheer weggeneem is, sal die vergrote Landbank dan noodwendig sekere wysigings moet ondergaan. Die vernaamste hiervan is, sover dit hierdie studie betref, die beheer en die administrasie.

(a) Die beheer

Die beheer sal van die Minister van Finansies en die Goewerneur-generaal weggeneem en aan die Minister van Landbou-tegniese Dienste gegee moet word, aangesien hierdie Minister vir die produksie en bodemversorging verantwoordelik is. Die Bank sal dan aan hom verantwoording moet doen, terwyl hy weer die Bank se mondstuk in die Parlement en by die Staatspresident moet wees. Die Raad en die hoofuitvoerende beampte(s) moet deur hom aangestel word. Al die ander beheermagte wat tans by die Goewerneur-generaal berus, moet nie aan die Staatspresident oorgedra word nie. Die belangrikste beheermagte kan met veiligheid aan die Minister oorgedra word terwyl sake van huishoudelike belang soos bv. die boeke wat gehou en vorms wat gebruik moet word met alle veiligheid aan die administrasie toevertrou kan word.

(b) Die administrasie

(i) Die Raad

Die Landbankraad het tot dusver met enkele uitsonderings hoofsaaklik uit boere bestaan. Daar is in die Landbankwet geen spesiale vereistes of kwalifikasies vir lede van die Raad gestel nie. Die korporasies wat tans in die Unie bestaan, maak met uitsondering van Klipfontein-Organiese-Produkte-Korporasie, Escom en die Nywerheidsontwikkelingskorporasie, ook nie voorsiening vir enige spesiale kwalifikasies vir raadslede nie. By die aanstelling van lede van die Landbankraad sal dit, na vergroting van die Landbank, wenslik wees om persone se kennis van landboutegniek, finansies of landbou-ekonomie in aanmerking te neem.

/Dit ...........140

Dit sou miskien vir die Minister raadsaam wees om die lede van die Raad uit 'n paneel wat deur die S.A. Landbou-unie, as verteenwoordigende die georganiseerde landbou, aan hom voorgelê word, aan te stel, maar hy moet nie hieraan gebonde wees nie.

Die uitvoerende hoofbeampte van die Landbank moet dan nie tegelykertyd ook voorsitter van die Raad wees nie maar hy of sy genomineerde(s) moet in adviserende hoedanigheid op die Raad sitting hê. Net so moet 'n landbou-tegniese beampte ook op die Raad in adviserende hoedanigheid sitting hê. Deurdat hierdie beamptes nie 'n stem op die Raad het nie, sal hulle van die kritiek dat hulle die beleid neerlê en dit dan self moet uitvoer, gespaar bly.

Aangesien die Ministers van Lande en Finansies asook die Minister van Landbou-ekonomie en Bemarking, wat vir die bemarking van die produkte verantwoordelik, en in noue verbinding met koöperasies is, ook baie belang in die beleidsbepalings van die Landbankraad sal hê, word dit gevoel dat dit miskien wenslik sal wees as 'n beampte as verteenwoordiger van hierdie Ministers op die Raad sitting het. Daar moet net gewaak word dat hierdie aanstelling nie die selfstandigheid en onpartydigheid van die Raad in gedrang bring en dit 'n Staatsdepartement maak nie. Hierdie kernvereistes van onpartydigheid en selfstandigheid vir 'n raad moet altyd in gedagte gehou word. Die Bank moet 'n onafhanklike "nasionale en publieke instelling", met vryheid van optrede, bly.

/Waar ...........141.

Waar aan die Landbankraad nou die bevoegdheid verleen is om van sy magtte te delegeer, sou dit wenslik wees as meer magte aan die administrasie oorgedra word. Die betrokke beamptes het baie jare ondervinding en as die beleid van die Raad aan hulle uiteengesit word, bestaan daar baie min gevaar dat 'n verkeerde weg ingeslaan sal word. Dit word gevoel dat die Raad hoofsaaklik net die beleid moet bepaal en dat die administratiewe beamptes die beleid moet uitvoer.

Daar sal egter ook ander administratiewe wysigings aangebring moet word.

(ii) Die uitvoerende hoofbeamptes

Die aanstelling van die besturende direkteur of hoofbestuurder en sy assistente moet aan die diskresie van die Minister oorgelaat word.

(iii) Delegering van magte aan bestuurders

Die Raad het tot dusver nog nie sy magte om lenings toe te staan aan bestuurders gedelegeer nie. Dit is byna onverstaanbaar hoe die Raad nog altyd die tyd gevind het om alle aansoeke self te oorweeg. Die tyd het aangebreek dat die Raad sommige van hierdie magte aan bestuurders moet oordra. Bestuurders het gewoonlik baie jare ondervinding en dit sou, onses insiens, glad nie 'n gewaagde onderneming wees om hulle met meer gesag te beklee nie. Aansoeke sal dan ook heelwat bespoedig kan word, spesiaal as korttermynhipoteeklenings op roerende goed in aanmerking geneem word. Na verneem word, het die Raad onlangs al in hierdie rigting begin beweeg, aangesien 'n bestuurder nou die ontheffing en vervanging van verhipotekeerde losgoedere op die voorwaardes wat hy goedvind, mag goedkeur. Dit word gevoel dat bestuurders

by oorweging van alle aansoeke om lenings vooraf 'n verslag van die landbou-tegniese beampte moet kry.

(iv) Landdroste en landbou-tegniese beamptes

Die Landbankwet vereis dat alle aansoeke om lenings behalwe dié van koöperasies aan die landdros versend moet word. (Waar die Landbank takke het, is dit nie nodig nie). Verder moet die landdros verslag doen oor die waarde van die sekuriteit, die karakter van die applikant en hy moet die Bank ook van advies dien.(13)

Die landdroste is persone wat almal in die regte onderlê is en die Departement van Justisie verwag nie van hulle kennis van boerdery van ekonomiese sake of van die waarde van grond nie. Dit is onbillik om aan hierdie amptenare, wat as 'n reël met allerlei ander werksaamhede belas is, ook nog hierdie vereistes te stel. Hulle is eerstens amptenare van die Departement van Justisie en gevolglik word aan die werk van daardie Departement die getrouste aandag geskenk. Die Landbankwerk is seker dikwels 'n lastige plig wat vervul moet word. Alhoewel die landdroste baie waardevolle dienste aan die Bank lewer, sou dit nogtans wenslik wees om by die uitbouing van die Bank in elke distrik of streek 'n beampte van die Bank as agent aan te stel om al die Landbanksake daar te behartig. Verder sal landbou-tegniese beamptes ook aangestel moet word of anders sal meer van die dienste van voorligtingsbeamptes gebruik gemaak moet word. Sulke agente en be-

/amptes .....143.

(13) Artikel 23 (3) en Artikel 70 (3).

amptes sal dan ten volle op hoogte van die Bank se vereistes wees en daar sal 'n nouer kontak tussen die boer en die Bank bestaan. Hierdie agente wat hulle aandag voltyds aan Landbankaangeleenthede moet bestee, sal met behulp van die landboutegniese beamptes die Bank baie beter op hoogte van die boere se probleme en behoeftes kan hou en sal ook beter in staat wees om die Bank van die regte advies te voorsien.

(v) Desentralisasie van werksaamhede.

Tot dusver het die Landbank slegs agttien takkantore terwyl die Staatsdepartemente wat finansiële bystand aan die landbou verleen, ook gesentraliseerd is. Ten einde sy pligte as vergrote Landbank ten opsigte van die finansiering en wetenskaplike ontwikkeling van die landbou na behore na te kom, sal dit nodig wees om sy werksaamhede te desentraliseer. Heelwat meer takke sal van tyd tot tyd geopen moet word om sodoende in nouer kontak met die landbou te kom.

5. DIE LANDBANK MOET OMGESKEP WORD

Tot dusver het ons slegs die bestaande Staatslandboufinansieringsinstellings en die Landbank oorweeg om te sien watter een van die instellings die beste aan die vereistes vir die sentralisasie van kredietvoorsiening sal kan voldoen. Ons het toe tot die gevolgtrekking gekom dat die Landbank aan die vereistes sal voldoen.

Dit word egter gevoel dat dit miskien wenslik sal wees om die Landbank, as gevolg van sy assosiasie met die Staat en sy werkpatroon in die verlede, om te vorm tot 'n nuwe instelling om hierdie benadering van kredietvoorsiening deur te voer. Dit word voorgestel dat 'n Boerderyontwikkelingskorporasie (Boerkor) deur die Staat

in die lewe geroep moet word en dat hierdie korporasie dan die beleid, soos hiervoor uiteengesit, uitvoer. Dit sal makliker wees om deur 'n nuwe instelling sy onafhanklikheid van die Staat en vryheid van optrede te beklemtoon. Verder word dit ook gevoel dat die "ontwikkelingsgedagte" in die naam Boerderyontwikkelingskorporasie die publiek moontlik sal laat besef dat dit nie net 'n suiwer finansieringsinstelling is nie, maar 'n nuwe instelling wat daarna sal streef om landbou op alle terreine uit te bou.

Hierdeur word nie 'n nuwe instelling naas die Landbank beoog nie, maar slegs dat die Landbank deur wetgewing omgevorm en verruim moet word tot 'n Boerderyontwikkelingskorporasie.

Die bestuursraad en administrasie daarvan moet dan nog soos hierbo uiteengesit, saamgestel word. Die Raad moet net die beleid bepaal en die uitvoering van die beleid moet deur die hoofbestuurder en sy personeel behartig word. Dit sal meebring dat verskeie sake van administratiewe belang nie, soos so dikwels gebeur, aan die Raad vir beslissing voorgelê moet word nie, maar dat die administrasie self daaroor moet besluit.

Inagnemende die ontwikkelingsgedagte wat die Boerderyontwikkelingskorporasie ten grondslag lê, is dit van belang om daarop te let dat dit nie die gewenste uitwerking sal hê nie as die Boerderyontwikkelingskorporasie oor 'n sekere beleid, in samewerking met die Departement van Landbou-tegniese Dienste, besluit en die vrye finansiewese die toekenning en invordering van voorskotte slegs uit 'n ekonomiese standpunt beskou. Daar sal onderlinge oorlegpleging in hierdie verband moet plaasvind.

Met die oog op die erkende beginsel van soewereiniteit in eie kring, kan dit nie verwag word dat die vrye finansiewese sal toelaat dat die Boerderyontwikkelingskorporasie of selfs die Staat 'n beleid vir hulle sal voorskryf nie. Om hierdie moeilikheid te oorbrug, word dit aan die hand gedoen dat 'n "Koördinerende-adviesraad" vir die finansiering van landbou in die lewe geroep word. Die lede van hierdie Koördinerende-adviesraad ("Kar", Engels "Cab") moet uit die afgevaardigdes van die verskillende instellings bestaan wat landbou finansier. So sal byvoorbeeld verteenwoordigers van Sanlam, Ou Mutual, die Trust-maatskappye, kredietkorporasies ens., saam met verteenwoordigers van die Boerderyontwikkelingskorporasie en die Departement van Landbou-tegniese Dienste, die finansiering en ontwikkeling van landbou bestudeer en sonder twyfel saamstem dat dit hulle gemeenskaplike plig is om landbou op 'n georganiseerde wyse te finansier.

As voorbeelde van die goeie resultate wat verkry word wanneer blykbaar teenstrydige belangegroepe sake van algemeen nasionale of internasionale belang aanpak, kan slegs die Verenigde Volke se Voedsel en Landbou-organisasie en die Statebondskonferensie genoem word.

Ons moet nie dadelik wonderwerke verwag nie, maar nadat die regte "klimaat" geskep is, sal landbou al meer en meer op 'n wetenskaplik-georganiseerde basis finansier word en hierin moet die Boerderyontwikkelingskorporasie die leidende aandeel neem.

# B I B L I O G R A F I E

## A. WETTE

### (1) Suid-Afrika


Wet 26 van 1907: Transvaal Land- en Landbouwbankwet.
Wet 27 van 1907: Natal Land- en Landbou-Lenings-Fondswet.
Wet 33 van 1909: Oranje-Vrystaat Land-en Landbouleningsfondswet.
Wet 25 van 1907: Die Landbouw Kredietbank van die Kaapkolonie.
Wet 18 van 1911: Openbare Schuld Kommissarissen Wet.
Wet 20 van 1911: Dipbakken Voorschotten Wet.
Wet 17 van 1912: Omheiningswet.
Wet 18 van 1912: Landbankwet
Wet 14 van 1913: Dipbakwet.
Wet 24 van 1913: Boedelwet.
Wet 30 van 1916: Landbankwysigingswet.
Wet 42 van 1917: Finansiële Regelinge Wet.
Wet 31 van 1920: Betaalmiddelen en Bankwet.
Wet 36 van 1921: Landbankwysigingswet.
Wet 11 van 1922: Omheiningswet.
Wet 28 van 1922: Wet op Koöperatieve Verenigingen.
Wet 40 van 1922: Landbankwysigingswet.
Wet 35 van 1923: Finansiële Regelingswet.
Wet 32 van 1924: Finansiële Regelingswet.
Wet 26 van 1925: Kroongrond Nedersettingswet.
Wet 43 van 1925: Finansiële Regelingswet.
Wet 24 van 1926: Natalse Transportbesorgerswet.
Wet 37 van 1926: Woekerwet.
Wet 40 van 1926: Landboukredietwet.
Wet 16 van 1927: Wet op terugbetaling van skulde van koöperatiewe landbouverenigings
Wet 27 van 1927: Finansiële Regelingswet.
Wet 6 van 1928: Nedersettingswysigingswet.
Wet 34 van 1930: Finansiële Reëlingswet.
Wet 35 van 1930: Wet op beheer van suiwelnywerheid.
Wet 42 van 1930: Landbou Pakhuiswet.
Wet 45 van 1931: Finansiële Reëlingswet.
Wet 25 van 1932: Finansiële Reëlingswet.
Wet 29 van 1933 Finansiële Reëlingswet.
Wet 34 van 1933: Wet op plaasverbandrente.
Wet 23 van 1934: Toelating van prokureurs, notarisse en transportbesorgerswet.
Wet 57 van 1934: Nedersettingswysigingswet.
Wet 58 van 1934: Landbankwysigingswet.
Wet 37 van 1935: Wet tot Invordering van Staatsvoorskotte.
Wet 48 van 1935: Die Boerebystandswet.
Wet 53 van 1935: Landbankwysigingswet.
Wet 59 van 1936: Naturelle Trust- en Grondwet.
Wet 31 van 1936: Landbankwysigingswet.
Wet 24 van 1936: Insolvensiewet.
Wet 28 van 1936: Suikerwet.
Wet 32 van 1936: Regeringsdiens pensioenewet.
Wet 35 van 1936: Finansiewet.
Wet 22 van 1937: Landbankwysigingswet.
Wet 26 van 1937: Bemarkingswet.
Wet 45 van 1937: Nedersettingswysigingswet.
Wet 47 van 1937: Registrasie van Akteswet.
Wet 50 van 1937: Finansiewet.
Wet 17 van 1938: Finansiewet.
Wet 24 van 1938: Landbankwysigingswet.


/Wet 29 .......147.

Wet 29 van 1939: Wet op koöperatiewe verenigings.
Wet 33 van 1939: Die Finansiewet.
Wet 12 van 1940: Landbankwysigingswet.
Wet 27 van 1940: Finansiewet.
Wet 19 van 1941: Prokureurs, notarisse en transportbesorgerswet.
Wet 38 van 1941: Landbankwysigingswet.
Wet 18 van 1942: Landbankwysigingswet.
Wet 41 van 1942: Finansiewet.
Wet 36 van 1943: Landbankwysigingswet.
Wet 13 van 1944: Landbankwysigingswet.
Wet 42 van 1944: Nedersettingswysigingswet.
Wet 42 van 1951: Landbankwysigingswet.
Wet 10 van 1952: do.
Wet 13 van 1953: do.
Wet 60 van 1957: do.
Wet 47 van 1959: do.

(2) Buiteland

Rules and Regulations for Production Credit Associations organized under the Farm Credit Act of 1933: Washington D.C., March, 1934.

Southern Rhodesia Land Bank Act No. 20 of 1924 and No. 28 of 1947.

Gekonsolideerde statuut van die "Coöperatieve Centrale Boerenleenbank, te Eindhoven," 25 Des., 1955.

Laws administered by the Farm Credit Administration as amended to Jan. 1, 1949.

Farmers' Home Administration Act of 1946.

Statuten en Huishoudelyk reglement van de Coöperatieve Centrale Raiffeisen-Bank te Utrecht. Vasgesteld op 29 Mei, 1941 asook wysiging gedateer 26 Mei, 1955.

B. VERSLAE

(1) Suid-Afrika

Land Bank Commission Report 1906.

Rapport van die kommissie om ondersoek in te stel insake koöperasie en landboukrediet. U.G. 16 - 1934, Kaapstad, Cape Times Bpk., 1934.

Report of the Technical Committee to Inquire into the Reconstruction of the Land and Agricultural Bank of South Africa and Short Term and Intermediate Agricultural Credit. G.P.S. 2373 - 25/3/35, the Government Printer Pretoria, 1935.

Report No.4 - Social and Economic Planning Council - The Future of Farming in South Africa. U.G. No.10 - '45 (31/8/1944).

Verslag nr. 12 van die Sosiale en Ekonomiese Planneraad. U.G. 52/1948.

Verslag van die kommissie oor kleinhoewes in die buitestedelike gebiede van die Unie van Suid-Afrika. U.G.37/1957.
Verslag van die Kontroleur- en Ouditeur-generaal, 1956/57.

/Verslag.......148.

Verslag van die kommissie vir die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika. U.G. 61/1955.

Transvaal Land and Agricultural Bank. Reports 1907 to 1912.

Land- en Landbouleningsfonds (Natal). Jaarverslae 1908 tot 1912.

Land- en Landbouleningsfonds (Oranje Vrystaat). Jaarverslae 1910 tot 1912.

Verslag van die Raad van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika. Verslae van 1912 tot 1959.

Verslag van die Bestuursraad van die Land- en Landbou - bank van Suidwes-Afrika. Verslae van 1948 tot 1958.

(2) Buiteland

Report of the Committee on Agricultural Co-operation in Scotland. Presented by the Secretary of State for Scotland to Parliament by Command of His Majesty, May, 1930, Cmd. 3567.

New Finance for Farmers. Intermediate Credit System New Zealand, 1928.

The New Production Credit System - Its Organization and Functions. A lecture by Verne Simmons, Assistant Production Credit Commissioner, Washington.

Farm Credit Act of 1956. Reports Nos. 2145 and 2160.

Report No. 2260 by the Committee on Agriculture on Farm Loan Programs.

Farm Mortgage Credit Facilities in the United States. Miscellaneous publication No. 478, United States Department of Agriculture - issued 1942.

Reports of Proceedings of the Common Wealth Conference on Agricultural Cooperation held at Oxford from July 23rd to July 27th, 1951. By British Isles Federation of Agricultural Coöperatives, 10 Doughty Street, London, W.C.1 1952.

Agricultural Policies in Europe and North America. First Report of the Ministerial Committee for Agriculture and Food, May 1956. The Organisation for European Economic Co-operation, Paris.

Coöperative Centrale Boerenleenbank, Eindhoven. Verslae vir 1954 en 1955.

Coöperatieve Centrale Raiffeisen-Bank gevestigd te Utrecht. Verslae vir 1952, 1954, 1955.

Land and Agricultural Bank of Southern Rhodesia. Reports 1952 to 1956.

Commissioners of the Rural Bank of New South Wales. A Brief History of Australian Banking, 14th Dec., 1936.

Rhodesia Land Bank Limited. Reports 1917 to 1921.

Report on the Co-operative Department for the year ending 30th June 1950. Proceedings of the Punjab Government in the Department of Development (Co-operative) No. 193- Co-op. - 521/43 dated 6th Febr. 1952). By the Registrar Co-operative Societies, Punjab, Jullundur, 210 4 R.C.S. - 3.7.52 C.P. & S. Punjab.

The Credit Foncier Department. Report, Statements, returns etc., for the year ended 30th June 1938, J. Green, Govt. Printer, Melbourne.

The State Savings Bank of Victoria. Reports, Statements, returns etc. for the year ended 30th June 1938, J. Green, Govt. Printer, Melbourne.

State Advances Corporation of New Zealand. Report of the Board of Management and Accounts for the year ended 31st March 1937.

State Advances Corporation of New Zealand. Report of Board of Management and Accounts for the year ended 31st March, 1938.

State Advances Office. Forty-first annual report of the Superintendent for the year ended 31st March, 1935.

Annual Report of the Board of the Land Bank of Tanganyika. 1956 report.

Federal Farm Loan Board. Annual Report, 1931.

Rural Bank of New South Wales. Report of the Commissioners for the year ended 30th June 1938.

Report of the Canadian Farm Loan Board. Vir jare 1936 tot 1949.

Farm Credit Administration. First annual report 1933 en ook die volgende verslae 1934, 1940, 1941, 1943, 1948/49.

Comptroller General of the United States. Report on Audit of Corporations of the Farm Credit Administration, 1947, Govt. Printing Office 1950.

Mumford, H.W.: Annual report - A year's Progress in solving Farm Problems of Illinois. Urbana, Illinois, 1935 (Ook vir 1936 en 1937).

Agricultural Credit; Land-Mortgage or Long-term Credit. Report of the United States Commission to investigate and study in European countries Co-operative Land-Mortgage Banks, Co-operative Rural Credit Unions, and similar organizations and institutions devoting their attention to the promotion of agriculture and the betterment of rural conditions. - with legislation suggested. Jan. 29, 1914.

C. DEBATTE

Debatte van die Volksraad, 1912 tot 1959.

Debatte van die Transvaalse Volksraad, 1907.

/D. Kongres-......150.

D. KONGRESBESPREKINGS.

Nasionale Party: Jaarlikse kongresse.
(a) Te Pretoria, 14 September, 1932.
(b) Te Bloemfontein, 19 Oktober, 1932.
(c) Te Kaapstad, 10 Oktober, 1932.

Herenigde Nasionale Party, September, 1949.
Verenigde Party, Vrystaat, 1936.

E. SIRKULÊRES EN PAMFLETTE.

(1) Suid-Afrika

Arndt, E.H.D.: Landboukrediet-fasiliteite in die Unie (slegs 'n getikte afskrif).

Arndt, E.H.D.: Some aspects of Agricultural finance in America (Report of a visit to the United States of America and Canada under the auspices of the Visitors' Grants Committee of the Carnegie Corporation of New York). The Carnegie Corporation Visitors' Grants Committee, Pretoria, 1933.

Schumann, C.G.W. : Die Taak van Koöperasies in Suid-Afrika. Volkshandel, Junie, 1950.

Memorandum on Co-operation and its Development in the Union of South Africa. The Co-operative Press of S.A. Ltd., Cape Town, Stewart 11/44.

Governor of the South African Reserve Bank. Memorandum on the Agricultural Credits Bill, C.T. Ltd., B. 3979.

Land- en Landboubank van Zuid-Afrika. Aanvragen voor leningen Form No.2, gedateer 19.7.1921.

Land- en Landboubank van Suid-Afrika. Tussentydse Krediet vir Boer. Pretoria, 12 Maart 1924.

Land- en Landboubank van Suid-Afrika. Geldelike steun aan koöperatiewe organisasies. Pretoria, April 1944.

Land- en Landboubank van Suid-Afrika: Doel van die stigting van die Landbank en die wyse waarop hulp aan die boer verleen word. Pretoria, 11.7.1944.

Land- en Landboubank van Suid-Afrika : Sirkulêre A.C. 6. Aan alle Plattelandse Kredietverenigings wat gestig is onder die Landboukredietwet 1926, Pretoria, 27.7.1931.

Land- en Landboubank van Suid-Afrika : Memorandum op die Landboukrediet Wetsontwerp, 1925. Hollingstons, Ltd., Printers, Pretoria, 1925.

Land- en Landboubank van Suid-Afrika: Memorandum 1944. (Die Heropbou van Landbou). G.P.S. 30799 - 1944 - 5.

(2) Buiteland

Farm Credit Administration Circulars Nos. 20 and 20-A. Issued by the Farm Credit Administration Febr., 1934, United States Govt. Printing Office, Washington, 1934.

/Farm Credit ......151

Farm Credit Administration: Financing Agriculture in 1934.

The Federal Farm Loan Act. Circular No. 4, Dec. 1920 and Circular No. 20, July 1932.

Federal Farm Board, Questions and Answers. Circular No. 1, March, 1930.

U.S.A. Department of Agriculture: Yearbook of the Department of Agriculture, 1924 - Farm Credit. Govt. Printing Office, 1925.

E. TYDSKRIFARTIKELS EN KOERANTE

Die Transvaler (Sekere uitgawes)
Die Vaderland (Sekere uitgawes)
The Star (Sekere uitgawes)
The Rand Daily Mail (Sekere uitgawes)
Die Weste (Sekere uitgawes)
The Rhodesian Herald (Sekere uitgawes)
South African Farmer (Sekere uitgawes)
Pretoria News (Sekere uitgawes)
The Friend (Sekere uitgawes)
Boerdery in Suid-Afrika (Sekeres)
Farmers' Weekly. Van 1951 tot 1960 en verskeie vroeëre uitgawes.
Landbou Weekblad van 1951 tot 1960 en verskeie vroeëre uitgawes.
Georganiseerde Landbou. Die meeste uitgawes tot en met Desember 1960.
Hulpboek vir Boere in Suid-Afrika. 1937, 1952 en 1954 uitgawes.
Offisiële Jaarboeke van die Unie van Suid-Afrika (Sekeres).

F. ALGEMENE LITERATUUR

(1) Suid-Afrika

Arndt, E.H.D.: Ons Finansies, Geld en Bankwese. Van Schaik, Pretoria, 1939.

Arndt, E.H.D.: Landboukredietfasiliteite voor Unie. J.H. de Bussy, Pretoria, 1939.

Bock, A.W.O. : Die Kapitaalbehoeftes van die Landbou. Annale van die Universiteit van Stellenbosch.

Coetzee, F.J.J. : Landboukoöperasie in Suid-Afrika met besondere verwysing na die Finansiering. Luctor et emergo - Leiden, 1957.

de Kock, M.H.: Algemene oorsig oor die Geld en Bankwese. Nasionale Pers, Kaapstad, 1944.

de Kock, M.H. : An analysis of the Finances of the Union of South Africa. Juta & Co. Ltd., Cape Town and Johannesburg, 1927.

de Kock, M.H. : Central Banking. 1st Uitgawe, King, London, 1939. 2de (Hersiene) uitgawe, King, London, 1946.

de Kock, M.H. : Government Ownership in South Africa Juta & Co. Ltd., Cape Town, 1922.

Kolver, W.R. : Die Finansiering van Landboukoöperasies in Suid-Afrika. M. Com. verhandeling, 1958.

Roper, E.R. : Land Banks for South Africa. Townshend, Taylor & Snashall Printers, Cape Town, 1912.

Ross, G.E.N.: Landboukrediet. H.J. Paris, Amsterdam MCMXXVII.

Scholtz, J.F. : 'n Krities-vergelykende studie van die Landboukrediet in Suid-Afrika en die Verenigde State van Amerika. M.Com Skripsie, Potchefstroom, 1955.

Schumann, C.G.W.: Die Kredietmark in Suid-Afrika, De Wester Boekhandel, Rotterdam, 1928.

Swanepoel, J. : Landbouontwikkeling in Suid-Afrika, 1652 - 1954 - met spesiale verwysing na Staatsoptrede in hierdie verband. 1958

Treasurer of the Cape Colony: An Agricultural Credit System for Cape Colony. Argus Printing and Publishing Co. Ltd., Cape Town F. 6154.

Van Biljon, F.J. : State Interference in South Africa. King, London, 1939.

Van der Walt C.P.: Die Staatsbeheerde Nywerheidskorporasies in die Unie van Suid-Afrika. P.U. vir C.H.O., Maart, 1952.

Van Rensburg, B.F.J.: Landboukrediet in Suid-Afrika soos voorsien deur die Staat. M. Com. verhandeling, 1952.

(2) Buiteland

Ap, Frank and Waller, Allen G.: Farm Economics-Management and Distribution - Lippencott, Chicago, Philadelphia, New York, 1938.

Baird, Frieda and Benner, Claude L.: Ten years of Federal Intermediate Credits.
The Bookings Institution, Washington D.C., 1933.

Black, John D. : Future Food and Agricultural Policy. McGraw-Hill Book Co.Inc., New York, Toronto, London, 1948.

Diamond, W. : Development Banks: The Johns Hopkins Press, Baltimore, Maryland, 1957.

Duggan, I.W. and Battles, Ralph U. : Financing the Farm Business. John Wiley and Sons, Inc. New York, Chapman and Hall, Ltd., London, 1950.

Halcrow, Harold G. : Agricultural Policy of the United States. Prentice Hall, Inc. New York, 1953.

Jones, Lawrence A. and Durand, David : Mortgage lending experience in Agriculture. Princeton University Press, Princeton, 1954.

Murray, William G. : Agricultural Finance - Principles and Practice of Farm Credit. Iowa State College Press, Ames, Iowa, 1941.

Qureshi, Anwar Iqbal : Agricultural Credit - Being a study of recent developments in Agricultural Credit Administration in the United States of America. Sir Isaac Pitman and Sons, Ltd., London, 1936.

/Shickele...153.

Shickele, Rainer : Agricultural Policy. Farm Programs and National Welfare. McGraw - Hill Book Co., Inc. New York, Toronto, London, 1954.

Schultz, Theodore W. : The Economic Organization of Agriculture. McGraw-Hill Book Co., Inc., 1953.

Taylor, Henry C. and Taylor A.D. : The Story of Agricultural Economics in the United States, 1840 - 1932. The Iowa State College Press, Ames, Iowa, 1952.

Troelston, E.S. : The Principles of Farm Finance. Educational Publishers, Inc., Saint Louis, 1951.

--------oOo--------

# THE LAND AND AGRICULTURAL BANK OF SOUTH AFRICA

As a result of the destructive Anglo-Boer war (1899 - 1902), the subsequent depression and the poverty of the farming community, the Transvaal Colony appointed a commission of inquiry during 1906, to consider the advisability of establishing a Land Bank. The report was submitted during 1907 and in the same year the Transvaal Land Bank was established. Subsequently the other three colonies established their separate Land Banks which were merged in the Land and Agricultural Bank of South Africa by Act 18 of 1912.

At the outset it was felt that the Land Bank should be run strictly as a business concern and should not be regarded as a charitable or philanthropic institution. The conduct and management should, it was felt, be free from political influences, political considerations and direct departmental control.

The Land Bank is controlled by a Board, the General Manager and/or the Managing Director, all appointed by the Governor-general-in-Council. Provision was also made for further extensive State control. The Staff of the Bank is however, appointed by the Board and not by the Civil Service Commission.

The initial capital of the Bank was made available by Parliament. Up to 1958 the Bank was solely dependent on the Parliamentary vote for its funds for long term advances. In terms of Act 47 of 1959 the Bank was, however, empowered to issue Land Bank debentures. The Bank is now in a position to plan its future to a greater extent than ever before.

The business of the Bank is, inter alia, to advance money to farmers, co-operative societies, co-operative companies and regulatory boards.

The State took a great step forward in passing Act 47 of 1959, in terms of which the Bank is empowered to make advances upon a hypothec of movable property of which the farmer is the owner and in respect of which he has the right of use and disposal. The Bank may now make advances to finance nearly all branches of agriculture.

During the past fifty years the Bank has advanced over £1,200,000,000 to agriculture; but it must be remembered that the State also makes advances to agriculture through several Departments. These Departments are under the control of different Ministers. Each institution has its own approach to problems, whilst their policies are determined independently of each other.

It is suggested that:

(a) the Land Bank be made a more independent institution and be placed under the control of the Minister of Agricultural Technical Services to ensure that the State's agricultural policy is carried out;

(b) the advances by the different Departments be transferred to the Bank after a scientific evaluation thereof has been made;

(c) a separate chairman of the Board be appointed;

(d) the Chief Executive officer of the Bank and an agricultural technical officer be allowed to attend meetings of the Board in an advisory capacity;

(e) a representative of the Ministers of the other interested Departments be appointed to the Board to ensure the necessary co-ordination;

(f) more powers be granted to Managers;

(g) all applications be submitted through an agricultural technical officer and not through the Magistrates;

(h) the Bank be further decentralized.

As the Land Bank may, in view of its past association with the State, still be regarded as a State Department, it is suggested that the Bank be transformed into an Agricultural Development Corporation (Boerdery Ontwikkelingskorporasie - Boerkor) on a broader representative basis.

--------oOo--------